# 'n Kritiese Studie van die Psigologie van die Wil,

# Histories en Eksperimenteel ondersoek.

---

Verhandeling ingelewer vir die graad van

Magister Artium

aan die

Universiteit van Suid-Afrika

deur

J.S.Barnard, Honns. B.A.

P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom,
Februarie 1951.

---

## INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

KORT HISTORIESE OORSIG OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE PSIGOLOGIE VAN DIE WIL.

HOOFSTUK 11. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .15

ANALISE VAN DIE WIL.

A. DEFINISIES VAN DIE WIL . . . . . . . . . . . . . . .15

B. DIE WILSBESLUIT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .17

(a) Individuele Faktore: . . . . . . . . . . . . . .18
(i) Liggaamlike Faktore . . . . . . . . . . . .18
(ii) Kenfaktore . . . . . . . . . . . . . . . . . 19
(iii) Gevoelsfaktore . . . . . . . . . . . . . . . 21
(iv) Streeffaktore . . . . . . . . . . . . . . . 23

(b) Milieufaktore . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

(c) Religieuse faktore . . . . . . . . . . . . . .26

C. DIE WILSHANDELING . . . . . . . . . . . . . . . . . 26

(a) Soorte Wilshandeling . . . . . . . . . . . . . .27

(b) Tydsduur van Wilshandeling . . . . . . . . . . .28

(c) Faktore wat die Wilshandeling beïnvloed . . . . .29
(i) Indiwiduele faktore . . . . . . . . . . . . .29
(ii) Milieufaktore . . . . . . . . . . . . . . . .30
(iii) Religieuse faktore . . . . . . . . . . . . . .31

D. DIE WIL EN ANDER PSIGIESE VERSKYNSELS. 31

1. Reflekse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .32

2. Instinkte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

3. Heftige Emosie . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

4. Koppigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . .33

5. Verstand . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .35

6. Die Ek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35

E. WILSVRYHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36

F. DIE ONTWIKKELING VAN DIE WIL BY DIE KIND. . . . . 39

HOOFSTUK 111.

EIE EKSPERIMENTELE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . .43

1. ALGEMEEN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .43

2. DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . .43
(a) Normale situasie . . . . . . . . . . . . . . . . .44
(b) Gewyde stemmingsituasie . . . . . . . . . . . . . 44
(c) Sentimentele verlangende stemmingsituasie . . . 44
(d) Ligte opgewekte stemmingsituasie . . . . . . . .44
(e) Uitbundig-vrolike stemmingsituasie . . . . . . .44

3. APPARAAT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .44
(a) Gekompliseerde Laboratoriumapparaat. . . . . . .44
(b) Vereenvoudigde Apparaat. . . . . . . . . . . . .46
(c) Prikkels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46
(d) Keuse in spesifieke stemmingsituasies . . . . . 47

4. METODE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .47

(a) Normale Situasie . . . . . . . . . . . . . . . . 47
(b) Gewyde Stemmingsituasie . . . . . . . . . . . . . 49
(c) Sentimenteel-verlangende stemmingsituasie . . .51
(d) Ligte opgewekte stemmingsituasie . . . . . . . .51
(e) Uitbundig-vrolike Stemmingsituasie . . . . . . .51
(f) Eksperimente met vereenvoudigde Apparaat . . . .52

5. 5. DIE PROEFPERSONE . . . . . . . . . . . . . . . . . 52

6. RESULTATE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

(A) Algemeen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

(B) Voorbeelde van Protokolle . . . . . . . . . . . 55

(C) Afleidinge uit die Resultate . . . . . . . . . 59

(1) Normale situasie . . . . . . . . . . . . .59
(i) Wyse van Keuse . . . . . . . . . . .59
(ii) Redes vir keuse . . . . . . . . . . .60

(2) Verskillende Stemmingsituasies . . . . .61
(i) Wyse van Keuse . . . . . . . . . .61
(ii) Redes vir keuse . . . . . . . . . .61
(iii) Indiwiduele verskille . . . . . . .62

(3) Tyd nodig vir die maak van 'n keuse (keusetyd) . . . . . . . . . . . 62
(a) Gemiddelde tyd . . . . . . . . . . 62
(b) Indiwiduele tye . . . . . . . . . . 62
(c) Stemmingsituasies. . . . . . . . . 65
(d) Prikkelsituasies (by normale situasie) . . . . . . . . . . . . . .65
(e) Prikkelsituasies by stemmingsituasies . . . . . . . . . . . . . 66
(f) Samevattend i.v.m. keusetyd . . . .66

(D) Bespreking van Resultate . . . . . . . . . . 67

(a) Algemeen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 67

(b) Faktore by Keuse . . . . . . . . . . . . . . . . . . .69

(i) Kennis en onkunde . . . . . . . . . . . . . . . . 69
(ii) Voorstelling . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70
(iii) Assosiasies . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71
(iv) Oorweging . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 72
(v) Emosies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73
(vi) Waardes as faktore . . . . . . . . . . . . . . . 76

1) Godsdiensnorme . . . . . . . . . . . . . . . . . 77
2) Etiese waarde . . . . . . . . . . . . . . . . . .78
3) Estetiese waarde . . . . . . . . . . . . . . . . .78
4) Sosiale waarde of norme . . . . . . . . . . . .79
5) Politieke waardes . . . . . . . . . . . . . . . 79

(vii) Determinerende Tendens . . . . . . . . . . . . 79

(viii) Stemming as faktor by die Wilskeuse . . . . . 80

1) Algemeen . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
2) Keuse wat aanpas by stemmingsituasie . . . . 81
(a) Stemming beïnvloed keuse in die algemeen.. 81
(b) Die Prikkelwoord by die situasie aangepas 83
(c) Prikkels wat nie aanpas nie ge-elimineer 83
(d) Assosiasies versterk stemmingsituasies . . 83
(e) Redes vir keuse deur stemmingsituasie bepaal. . . . . . . . . . . . . . . . . . .. 84

3) Waardes soms sterker invloed as stemming. . . 84

(E) Samevattende gevolgtrekking . . . . . . . . . . . . 85

(F) Waarde van die eksperimentele ondersoek. . . . . . 86

(i) Metodies en tegnies . . . . . . . . . . . . 86

(ii) Gegewens i.v.m. doelstelling . . . . . . . . 87

(iii) Eksperimentele retrospeksie . . . . . . . . . 87

HOOFSTUK IV

SAMEVATTENDE BESKOUING . . . . . . . . . . . . . . . 88

1. Histories . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88

2. Die bevindinge van ander ondersoekers . . (Hfst.II bls. 15) . . . . . . . . . . . 88

3. Die eksperimentele bevindinge 89

4. 'n Moontlike beskouing van die wil . . . . . . .91

BIBLIOGRAFIE. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .94

BYLAE A (Romeinse syfers vanaf) . . . . . . . . . . . 98

FIGURE EN TABELLE.

Fig. 1. Apparaat . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .45

Tabel 1. Aantal Proefpersone . . . . . . . . . . . . . 53

Tabel 2. Protokolle van keuses in normale situasie (Reeks A.) . . . . . . . . . . . . . 56

Tabel 3. Protokolle van keuses in normale situasie (Reeks B.) . . . . . . . . . . . . 57

Tabel 4. Faktore betrokke by die normale keuse van alle proefpersone . . . . . . . . . 58

Tabel 5. Protokolle van keuses in stemmingsituasies (Reekse A en B.) . . . . . . .. 63

Tabel 6. Faktore betrokke by die keuses onder verskillende stemmingsituasies. . . . 64.

Om die psigologie van die wil te ondersoek moes ons eers in die literatuur nagaan wat daar reeds gedoen is. In die inleidende gedeelte (Hoofstuk 1) het ons 'n baie kort historiese oorsig gegee oor die ontstaan van hierdie afdeling van die sielkunde. Die hoofklem het dan ook op die Würzburgse skool geval, omdat hierdie skool klassiek geword het vir die wilsondersoekinge. Vir duidelikheidshalwe het ons na enkele eksperimentele ondersoekinge verwys. Dit was nie ons bedoeling om hier 'n volledige historiese oorsig te gee nie, maar slegs 'n oriëntansie te skep.

In Hoofstuk 11 is 'n kort analise van die wil gegee na aanleiding van die bestaande literatuur en ondersoekinge.

Die eintlike bydrae tot die wilspsigologie word in Hoofstuk 111 beskryf, waar ons volgens KÜLPE se eksperimentele retrospeksie, die wil onder gekontroleerde toestande verder ondersoek het. Hierna kon ons in Hoofstuk 1V 'n eie beskouing oor die probleem waag.

Graag wil ek my erkentlikheid uitspreek teenoor wyle dr. M.J. Coetzee en prof. dr. C.K. Oberholzer, wat my eerste belangstelling vir sielkunde gewek het. Ook wil ek my dank uitspreek teenoor prof. dr. D.C.S. du Preez, onder wie ek Deel 1 (Honns B.A.) afgelê het. Wat hierdie besondere studie betref wil ek graag my opregte dank betuig teenoor prof. dr. J.M. Hattingh onder wie se leiding ek die meesterstudie kon deurvoer.

Verder wil ek alle proefpersone en alle ander persone wat direk of indirek meegewerk het om hierdie studie moontlik te maak, hartlik bedank.

My besondere dank ook aan mnr. D. Visser vir sy gewaardeerde wenke en versorging van die taal van hierdie verhandeling.

J.S. Barnard.

P.U.K. vir C.H.O.
Potchefstroom.
Februarie 1951.

## HOOFSTUK 1.

### 'N KORT HISTORIESE OORSIG OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE PSIGOLOGIE VAN DIE WIL.

---

Die ontwikkeling van die psigologie strek oor jare, maar veral gedurende die afgelope vyftig jaar, ongeveer vanaf die einde van die vorige eeu, was die vordering baie vinnig. Hierdie ontwikkeling het dit dan ook moontlik gemaak dat ons vandag van die psigologie as 'n selfstandige en aparte vakwetenskap kan praat. „Daar is byna geen universiteit van betekenis waarin die sielkunde nie as selfstandige wetenskap beoefen word en wat nie 'n selfstandige sielkundelaboratorium het nie." 1)

Die sielkunde het begin as 'n onderdeel van die filosofie en vandaar sy eie veld van ondersoek betrek, sowel as sy eie metodes, terminologie en prinsipes ontwikkel. Hierdie ontwikkeling tot 'n selfstandige en empiriese wetenskap het eers gedurende die negentiende eeu plaasgevind. „As late as the beginning of the nineteenth century, the world knew only a purely speculative psychology, hardly to be distinguished from filosophy." 2)

Waar die psigologie self so 'n lang ontwikkelingsproses deurgemaak het, is dit moeilik om uit die literatuur af te lei wanneer die psogologie as vakwetenskap hom op die studie van die wil toegelê het. Wat ons wel weet, is dat KANT in sy sielkundige geskrifte aflei „the major faculties of knowing, feeling, willing." 3) Verder het hy ook die eenheid van waarneming (perception) en 'n aktiewe „self" wat ervaringe organiseer volgens tyd en ruimte, beklemtoon, en so die voorloper geword van die funksionele en Gestalt-psigologie. KANT se poging

---

1) D.C.S. du Preez: Die Individualpsigologie en sy pedagogiese beskouinge. Meindma, Delft. (1937) pag. 15.
2) Erwin Wexberg: Individual Psychology; translated by W.B. Wolfe, George Allen & Unwin Ltd. Museum street Londen. pag. 1.
3) J.C. Flugel: A Hundred Years of Psychology, 1833-1933 Duckworth, 3 Henrietta Street, W.C.2. (1948) pag. 14.

poging om ervaring as die enigste grondslag vir die formulering van psigologiese wette te neem, het die weg voorberei vir die skeiding tussen die filosofie en die psigologie. Aan die anderkant...... „it is generally agreed that he failed to bring to the problems of will and of morality the same powers of ruthless penetration and analysis that he had brought to the problems of perception and understanding." 1)

Sy weiering om die wil in die lig van oorsaak en gevolg te beskou, was 'n ontmoediging en het 'n psigologiese benadering verhoed van „the phenomena of desire, will, conscience or moral obligation." 2) 'n Gerieflike ekskuus wat aangevoer word vir die agterstand in kennis van die wil as psigologiese verskynsel, is egter gevind in die moeilikhede verbonde aan die ondersoek van die wil as studie-onderwerp.

Voortbouende op die werk van KANT het HERBART (1776-1841) met sy voorstellingspsigologie probeer om met die filosofie te breek. Vir HERBART is strewing (desire) en wil albei oplosbaar in die aktiwiteite van idees. As 'n idee tenspyte van weerstand, geleidelik oorheersing bereik, ontstaan die toestand van strewe (desire). As handeling nou moontlik is, gaan die strewing wat ontstaan het, oor tot wil. Spanning tussen idees, d.w.s. waar die strewe nie tot handeling oorgaan nie, is volgens hom, 'n oorsaak van pyn. Ons vind by HERBART ook 'n Ego wat in 'n groot mate ooreenkom met McDOUGALL se „selfregarding sentiment" en wat wil en karakter bepaal. 3)
HERBART het egter nie 'n diepgaande ondersoek van die wil aangepak nie, dog slegs in geringe mate of terloops aandag aan die wil geskenk.

JAMES MILL het in sy psigologie (eerste helfte van die negentiende eeu) geen ruimte gelaat „for any special creative activity of the mind" 4) nie.

---

1) J.C. Flugel (1948) t.a.p. 14 en 15
2) J.C. Flugel (1948) t.a.p. 15
3) J.C. Flugel (1948) t.a.p. 20 - 21
4) J.C. Flugel (1948) t.a.p. 33.

Volgens hom verteenwoordig ìdees (parallel met „sensation)" 'n primêre toestand van die bewussyn. Sy stelsel van psigologie verteenwoordig die klimaks van die assosiasiepsigologie in sy meganistiese vorm waarin geen ruimte gelaat word vir psigiese verskynsels soos die wil en denke nie.

Vir BENEKE [1] is die psige 'n eenheid waarvan die aktiwiteit aan die begin primitief is, maar geleidelik opgebou word as gevolg van die ontvouing en integrasie van die oorspronklike magte en die gevolglike ontwikkeling van nuwe vermoëns, totdat die komplekse gedrag van die volwassene daargestel is. Hier word dus aandag gewy aan die hoëre psigiese funksies, alhoewel die wil as sodanig nie beklemtoon of in die besonder ondersoek is nie.

FRANZ JOSEPH GALL met sy frenologie het die menslike psige (mind) opgedeel in sekere vakkies (faculties). Hierdie vakkies word dan gerangskik in twee hoofgroepe, nl. die affektiewe of gevoelsgroep en die intellektuele groep. Ons kan slegs noem dat een van hierdie vakkies, die reflektiewe groep met sy onderdele, nl. vergelyking en oorsaaklikheid, as 'n onderdeel van die intellektuele groep, iets van die elemente van die wil behels.

Die tweede helfte van die negentiende eeu was oor die algemeen 'n triomf van die natuurwetenskappe en die natuurwetenskaplike metode. Ontdekkinge in die natuurkunde, skeikunde, biologie, en ander natuurwetenskappe het die oortuiging gevestig dat alle probleme, ook probleme in die psigologie, alleenlik deur die natuurwetenskaplike metode ondersoek kon word.

In 1875 het WUNDT die eerste psigologiese labaratorium te Leipzig opgerig. Die metodes van psigologiese ondersoek, volgens die natuurwetenskaplike metodes, is ontwikkel en die veld van ondersoek is afgebaken, eie terminologie is ontwikkel en eie tydskrifte is gepubliseer. Omstreeks 1890 is die psigologie dus beskou as 'n

---

1) J.C. Flugel: (1948) t.a.p. 33

jong maar eksakte wetenskap waarvan die toekomsmoontlikhede onbegrensd skyn. Die bestaande opvattinge in die psigologie is opsy geskuif en die strewe was om op nuwe bodem te bou. Die psigologiese ondersoek moes in elke moontlike opsig aansluiting soek by die natuurwetenskappe, veral by die fisiologie van die sintuie, die senuwees en die harsings. Op die gebied van die sintuiglike psigologie het hierdie metode van ondersoek belangrike resultate bereik, maar toe die gebied van die hoëre sielelewe waaronder die wil en denke val, tog later aangepak en deur hierdie metode ondersoek is, was die resultate maar gering en het baie skerp kritiek uitgelok. Dit was duidelik dat die natuurwetenskaplike metode vir die ondersoek van die geesteswetenskappe vèr tekortskiet.

Omstreeks 1900 het 'n hele aantal „nuwe" rigtings in die psigologie in verset gekom teen een of meer van die beginsels van die „ouere" psigologie en 'n hele aantal psigologiese skole en strominge het hulle ontstaan hieraan te danke. Ons kan hierdie tydperk noem die oorgang tot die moderne periode. Vir ons studie word dit dus noodsaaklik dat ons kortliks aandag aan sommige van die verskillende „skole" sal gee. Gerieflikheidshalwe onderskei ons tussen die skole van die empiriese psigologie en die van die geesteswetenskaplike psigologie.

Die skole van die empiriese psigologie het veral onder die invloed van die eksperimentele en matematiese metode, wat aan die einde van die negentiende eeu soveel opgang gemaak het, ontwikkel. Hieronder noem ons die Behaviourisme, die Gestalt, die Hormiese psigologie en die Dieptepsigologie.

Die Behaviourisme spruit uit die opkoms van die Amerikaanse Dierepsigologie [1] van MORGAN, JENNINGS en THORNDIKE, met WATSON as die belangrikste eksponent van hierdie rigting.

---

1) John B. Watson: Psychology from the Standpoint of a Behaviorist. J.B. Lippincott Co. Philadelphia and London, Third edition, 1942, preface pag. ix.

Vir WATSON is sielkunde die studie van reaksies en reflekse op uitwendige prikkels by die lewende organisme in sy geheel. Dit handel dus alleen met objektiefwaarneembare gedrag en WATSON praat ook van „The human animal infront of me." 1)

DU PREEZ sê: „Die studie van subjektiewe en geestelike deurlewinge soos logiese denke, estetiese waarderinge, religieuse ontroeringe word deur die Behaviouriste buite die terrein van die wetenskap geplaas." 2)
In hierdie skool het die wil geen plek nie en word daar geen aandag aan gewy nie. „The reader will find no discussion of consiousness and no reference to such terms as sensation, perception, attention, will, image, and the like. These terms are in good repute, but I have found that I can get along without them." 3)

Die Gestaltpsogologie kan beskou word as 'n reaksie teen die atomisering van die sielelewe. Dit soek die eenheid van die sielelewe in die s.g. „Gestalten".
Du Preez sê: „Volgens WERTHEIMER is derhalwe die vorm waarin psigiese verskynsels hulle voordoen nie die los van mekaar staande elemente nie, maar die van 'n ‚georganiseerde geheel', 'n „Gestalt'." 4) Die vormende vermoë van die siel bestaan hierin dat uit dele saamgevoegde vorms as geheel beleef word. Hierdie skool negeer egter die hoogste in die menslike struktuur, nl. die persoonlikheid, die Ek. Gevolglik het hulle ook nie aan die wil, 'n deel van die persoonlikheid, sy regmatige plek in die ondersoek toegeken nie. Hierdie skool het dus ook nie direk die studie van die wil beinvloed nie.

Die Hormiese psigologie is teleologies van aard, d.w.s. doelstrewend, waar 'n bepaalde groep handelinge in die rigting van 'n vooropgestelde doel uitgevoer word.

---

1) J.B. Watson: (1924) t.a.p. viii
2) D.C.S. du Preez: Die Individualpsigologie en sy pedagogiese beskouinge, Naaml. Venn W.D. Meinema Delft, pag. 31.
3) J.B. Watson. t.a.p. xii
4) D.c.S. du Preez t.a.p. 34.

Hulle onderskei 'n kensy en 'n streefsy..... „holding fast to the fact that cognition and conation are inseparable aspects of all mental life." 1) Vir ons studie is dit van belang dat die Hormiese psigologie van introspeksie gebruikmaak 2) en dat hulle aan die wil 'n belangrike rol toeken. Hulle erken ... „the selective goal-seeking nature of our activity of all the facts implied by the words 'desire', 'motivation", 'attention', and 'will'... as fundamental and traces the genisis of desire, attention and rational volition from their germs in the hormic impulses of primitive organisms." 3)

Ook probeer die Hormiese psigologie aantoon hoe die sentimente georganiseer word in een omvattende stelsel, nl. karakter, wat die ruwe uiting van instinktiewe impulse kan onderdruk, in ander rigtings stuur of sublimeer en hierdeur, met die samewerking van die intellektuele organisasie, die hoogste uiting, tot stand laat kom, ...„engender that highest manifestation of personality, rational volition." 4)

Die Dieptepsigologie gaan uit van die grondgedagte dat daar 'n samehang is tussen die onbewuste en bewuste sielelewe (ook die lewenseenheid genoem) wat, volgens die eise van ons tyd deur die mens verstaan moet word. Die metode wat aangewend word om hierdie doel te bereik, is die psigoanalise. Wat egter aanvanklik 'n metode was, het gelei tot die ontstaan van twee belangrike skole in die psigologie, nl. die Psigoanalitiese skool van FREUD en die Individualpsigologie van ADLER. In die Individualpsigologie kon ons nie 'n uiteensetting van die wil vind nie, maar in die werke van FREUD wel, alhoewel l.g. die wil aan die begin nie reg behandel het in sy ondersoekinge nie. „First of all we may search in vain for the will in the picture of the psychism which he has sketched for us." 5)

---

1) W.MCDougall: Psychologies of 1930, The International University Series in Psychology, edited by C. Murchison, Clark University Press, London, 1930, pag.29.
2) W.McDougall: (1930) t.a.p. 30
3) W.McDougall: (1930) t.a.p. 31
4) W.McDougall: (1930) t.a.p. 32
5) R. Dalbiez: Psychoanalytical doctrine and the doctrine of Freud, Vol.11. Translated from the French by T.F. Lindsay, Longmans Green & Co., London. pag. 295.

Aan die begin het hy nie aandag aan die wil gegee nie, want ...... „his empiricist orientation led him of necessity to ignore the originality of the will." 1)
Lateraan het hy tog 'n rol aan die wil toegeken in sy opvatting van die psige. "Somewhere, at the very heart of his ego he has developed a faculty which keeps watch on his impulses and actions so that they comply with its demands." 2) As nie aan die eise voldoen word nie, word die handelinge of impulse streng verbied. Sy innerlike gewaarwording en sy bewussyn stel die Ego dan in kennis van al die belangrikste gebeurtenisse, en die wil wat hierdeur aan die gang gesit word „proceeds to carry out what the Ego orders and to modify whatever tends to happen independently." 3) Hier stel hy dus die wil as instrument in die hand van die Ego of die hoogste gesag van die psige wat ooreenkoms met die Ek vertoon.

DIE GEESTESWETENSKAPLIKE PSIGOLOGIE:

Die term „geesteswetenskaplike psigologie" is veral aan DILTHEY te danke en volgens hom 4) vorm die geesteswetenskaplike psigologie die basis van die geesteswetenskappe in die algemeen, omdat alles wat die mens op geestesgebied totstandbring, sy oorsprong in die sielelewe en die betrekkinge van die sielelewe met die buitewêreld het.

Kenmerkend van die psigologie van DILTHEY, Ook die Berlynse skool genoem, is dat dit die „psychiese processen als leden van een georganiseerd geheel, van een innerlijke eenheid opvat." 5) Vir SPRANGER, een van die leerlinge van DILTHEY, is die struktuur ook 'n innerlike en georganiseerde geheel, waarvan die dele in 'n innerlike verband staan en hulle werkinge deur die geheel bepaal word, ter bereiking van die doel van die geheel. SPRANGER praat verder van die „siel" en bedoel daarmee die hele psigiese lewe van 'n individu, wat ook 'n struktuur is en daarom op waardeverwesenliking

---

1) R.Dalbiez: t.a.p. 295
2) W.Hollitscher: Sigmund Freud, an Introduction, Kegan Paul, Trench Trubner & Co. Ltd. London. pag. 85.
3) W.Hollitscher: t.a.p. 85.
4) J. van Dael: Geschiedenis der Empirische Psychologie. J. Ploegsma Zeist, MCMXXLX pag. 121.
5) J. van Dael: t.a.p. 122.

ingestel is. „Ons sou dit 'n totaalstruktuur kon noem, terwyl sy dele soos ken, begeer, wil, ens. struktuure van geringer omvang is, en daarom deelstrukture genoem kan word." 1) Ons kan dus sê dat die wil as deelstruktuur wel 'n geringe plaas inneem in die psigologie van hierdie ondersoekers.

Een van die leerlinge van WUNDT, nl. OSWALD KULPE, het „Grundriss der Psychologie" (1893) gepubliseer en daarin gewys op die belangrikheid van 'n nuwe metode om die terrein van die hoëre psigiese lewe, t.w. die wil en denke, te bereik. Hy het aan die hand gedoen dat gebruik sal gemaak word van introspeksie om die wil en die denke te bestudeer.

In 1895 het KULPE professor te Würzburg geword en na hierdie datum het die s.g. Würzburgse skool ontstaan, d.i. KULPE met sy medewerkers en leerlinge, WATT, MARBE, ACH, MESSER, BUHLER e.a. Hulle het met moed die hoëre nie-sinnelike psigiese funksies, nl. die wil en denke aangepak en bestudeer. Hulle doel was om vas te stel of tenminste aanneemlik te bewys „dat het menschelike zieleleven niet 'n louter mechanies process is, niet te verklaren valt uit louter zinnelijke oorzaken, maar 'n psychies activiteit onderstelt, wijzend op 'n zelfstandigwerkende innerlijke kracht: sodat de menschelijke ziel toch wat meer moet zijn dan 'n zom van bewustzijnsverschijnselen, waarmee dus de 'Zielkundige zonder ziel' aan 't wankelen word gebracht." 2)

Die groot verdienste van hierdie skool lê daarin dat hulle die metode van introspeksie vervolmaak het. Dit was veral deur die studie van die denke en die wil dat introspeksie as metode absoluut essensieel geblyk het. Deur hierdie studies is die introspektiewe metode nie alleen in sy ere herstel nie, maar die wil- en

---

1) D.C.S. du Preez: t.a.p. 29.
2) F. Rombouts: Nuwe Banen in Psychologie en Paedagogiek, derde druk, Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, Tilburg 1928, pag. 14.

denke-onder soekinge het klassiek geword in die psigologiese wetenskap. Vir ons studie is hierdie studies van besondere belang, omdat die resultate deur hierdie navorsers bereik, die belangstelling van ander ondersoekers gaande gemaak het, wat weer tot verdere navorsings aanleiding gegee het, sodat ons vandag al in die lig van daardie navorsingswerk 'n taamlike juiste beeld van die wil en sy werkinge kan vorm.

Soos te verstaan is, het hierdie ondersoekers aan die begin 'n geweldige teenstand ondervind en WUNDT het selfs so ver gegaan om te sê dat die eksperimente wat deur die Würzburgers gedoen is, maar net skyneksperimente is. Later moes hy self erken dat hierdie metode en die resultate daarmee bereik, diepgaande wysigings in die bestaande opvattinge van die wil en denke moes laat plaasvind. Die eintlike ondersoek van die wilsverskynsels het eers in die twintigste eeu en wel as gevolg van die bogenoemde ondersoek plaasgevind.

Die metode wat deur die Würzburgers toegepas is, kom daarop neer dat die hele psigiese belewinge van die Pp. gedurende die eksperiment metodies en sistematies beskryf word in die retrospeksie, wat direk na die eksperiment gehou word. Gerieflikheidshalwe is die eksperiment in periodes ingedeel, nl. die voorperiode, of die tydsverloop tussen die gereedteken en die toediening van die prikkel, die hoofperiode vanaf die toediening van die prikkel tot die aanvang van die reaksie en die naperiode wat die afsluiting van die eksperiment is en gereken word vanaf die voltooiing van die reaksie. Die instruksies aan die Pp. is dat hy alle psigiese gebeure en belewinge van die voor- en die hoofperiode in die naperiode moet weergee. Ook moet die Pp. die gevoelsmomente by die aanvang van die naperiode aan die Pl. meedeel. Die Pl. skryf alles volledig op. Die spontane verslae van die Pp. kan nog verder aangevul word deur geskikte vrae wat die Pl stel om die aandag van die Pp. op sekere aspekte, wat hy miskien nie genoem het nie, te vestig. „In the hands of the Würzburg workers it (introspection) meant rather, a special attitude, the adoption of which enable the observer to study his experience in detail as though under a microscope." 1)

---

1) (introspection) Deur skrywer ingevoeg.
1) J.C. Flugel: Hundred years of Psychology, Duckworth, 3 Henrietta Street W.C.2, Fourth impression 1941. t.a.p. 233.

Deur herhaling word hierdie eksperiment verdiep en die resultate verbeter. FLUGEL (1941) sê verder: „Similar tasks would be performed again and again so that the account might be corrected, corroborated and amplified." 1)
Waar die natuurwetenskaplike en ander metodes dus nie instaat was om algemeengeldende resultate in eksperimente i.v.m. die wil en denke te bereik nie, het die Würzburgers wel resultate bereik, wat vandag nog standhou.
FLUGEL sê: „It is pretty generally conceded, moreover, that the Würzburg school did achieve some very real advance in the knowledge of the 'higher mental processes' although the exact interpretation of their findings is still to some extent a matter of dispute." 2) Alhoewel KULPE die grondlegger van hierdie rigting en metode was, het hy self nie veel oor die onderwerp nl. die ondersoek van die wil, geskryf nie. Sy volgelinge en leerlinge het egter baie werk op hierdie terrein gedoen. Die algemene metode wat gevolg is, is dat verskillende eksperimente uitgevoer word en die Pp. direk daarna aan 'n deeglike retrospeksie onderwerp is.

MARBE, die opvolger van KULPE, het gebruikgemaak van 'n eksperiment, nl. die skatting van gewig deur sekere gewigte met mekaar te vergelyk en dan uitspraak te gee, of dit swaarder of ligter as 'n sekere gegewe gewig is. Hy het gevind dat die Pp. nie kan sê hoe die uitspraak ‚swaarder' of ‚ligter' by hom opgekom het nie. In hierdie eksperiment het hy gevind dat die essensiële faktor in gewigskatting die spoed is waarmee die gewig opgetel word.

ACH 3) het gebruikgemaak van die volgende eksperiment om die wil te ondersoek (die s.g. reproduksieproef). Daar word pare van sinlose lettergrepe bymekaar gevoeg en van buite geleer, totdat die Pp. hulle baie goed ken. In die tweede deel van die eksperiment, wat dan 'n tyd later volg, word die eerste van die paar lettergrepe aan

---

1) J.C. Flugel: t.a.p. 233.
2) J.G. Flugel: t.a.p. 235.
3) H. Rohacher: Theorie des Willens auf Experimentellen Grundlage, 1 Abt. Zeitschr.f. Psychologie. Ergänzungsband 21, 1932, Leipzig, Verlag von Johann Ambrosius Barth, pag. 30.

die Pp. voorgelê, met die opdrag dat hy so gou as moontlik, sodra hy die prikkelwoord kry, moet kies of hy met 'n rymwoord sal antwoord en of hy die letters sal omdraai. Die uitvoering van hierdie opdrag werk dan die vroeër - vasgelegde assosiasie met die tweede een van die paar sinlose lettergrepe teen. Op hierdie manier word 'n geleentheid geskep om 'n sterk wilsakte te ontwikkel en die faktore betrokke in die uitvoering van hierdie wilsakte, word dan direk daarna aan retrospeksie onderwerp. Vir ACH [1] is die aanvaarding van die opdrag die wilsakte en die uitvoering daarvan is die wilshandeling.

Ander ondersoekers het hierdie eksperimente van ACH in gewysigde vorm nagedoen en die resultate deur hom bereik, versterk of verder uitgebou. So het WATT [2] 'n assosiasie-eksperiment aan retrospeksie onderwerp. MICHOTTE en PRUM [3] het probeer om die wilsakte te laat plaasvind gedurende die eksperiment. Verder het hulle ook die tydsduur wat die wilsakte neem om plaas te vind, gemeet. In hierdie eksperimente het hulle twee getalle aan die Pp. vertoon en hy moes dan, wanneer hy die getalle sien, kies of hy die getalle van mekaar sal aftrek en of hy hulle sal optel. Hier het die keuse plaasgevind, nadat die prikkel toegedien is. Om egter nie die retrospeksie te benadeel nie, word die besluit om op te tel of af te trek dan nie werklik uitgevoer nie, maar gee die Pp. net 'n teken dat hy klaar gekies het en word begin met die retrospeksie. Verder is dieselfde tipe eksperiment [3] gedoen deur HILDEBRANDT, HILLGRUBER, GLÄSSNER, WIEDENBERG, DÜCKER e.a.

SKAWRAN [4] (Pretoria) het 'n ergograaf gebruik om ook hierdie keuse-eksperiment te laat doen. Die pp. moes dan kies tussen 'n kort trek met sy vinger aan die ergograaf, 'n middelmatige en 'n lang trek. Sodra hy dan gekies het

---

1) Fr.S. Rombouts: (1928) t.a.p. 90 - 91
2) J.C. Flugel: (1948) t.a.p. 236
3) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 31
4) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 34 en 45.

en die trekbeweging uitgevoer het, laat hy die ergograaf weer in sy posisie terugkeer. ROHRACHER [1] het hierdie eksperiment nagedoen en die Pp. opdrag gegee om die geboë vinger solank moontlik in posisie te hou vir die kort, middelmatige en die lang trek. TROUET, GIES, e.a. het die eksperiment nagedoen. [2].

In die eksperiment van ROHRACHER [3] word daar aan die Pp. opdrag gegee om aan die een of ander slegte daad (wat hy self as sleg bestempel) in sy eie lewe te dink, en dan die teken te gee sodra hy daaraan gedink het. Nou word hy gesê om hierdie daad vir homself so aanskoulik moontlik voor te stel (te herinner). Sodra hy hieraan uitvoering gegee het, word aan hom die vraag gestel of hy hierdie daad in al sy besonderhede aan prof ERISMANN sal vertel. Die Pp. word hier dus voor die keuse gestel of hy die wandaad aan die professor sal vertel of nie. Die keuse ontstaan hier dus spontaan uit die eksperiment en nie as gevolg van 'n opdrag dat die Pp. tussen sake of handelinge moet kies nie. ROHRACHER [4] het verder 'n proef uitgevoer waar hy die Pp. versoek het om sy linkerarm uit te strek en solank moontlik in daardie posisie te hou. 'n Verdere wysiging van hierdie eksperiment is deur toediening van elektriese prikkels wanneer die arm sak. ROHRACHER het ook die hongerproef gedoen waar hy die Pp. versoek het om sonder eers te ontbyt om 8 v.m. in die Laboratorium te wees. Hulle het slegs 'n klein bietjie tee gekry en na 6 uur se vas, is 'n bord met heerlike kos voor hulle geplaas met die opdrag om nie daarvan te eet nie.

Die ondersoek van die wil is voortgesit deur BOYD BARRETT in België en AVELING en sy leerlinge in Engeland. [5]

Een van die belangrikste bevindige van ACH is i.v.m. die determinerende tendense. Hy wys op die belangrikheid daarvan in die daaglikse lewe.[6]

---

1) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 45
2) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 31
3) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 45
4) H. Rohracher: (1932) t.a.p. 41
5) J.C. Flugel: (1932) t.a.p. 235
6) J.C. Flugel: (1948) t.a.p. 237.

Ons besluit bv. om na 'n sekere plek te loop, en doen die beweging in die rigting van die beoogde plek sonder om weer daaroor te dink.

Met die resultate van sy eksperimente tot sy beskikking, het ACH [1] die volgende indeling van die wilsverskynsels gedoen, nl. die motivering van die wil, die wilsakte en die wilshandeling. Hy het verder die l.g. verdeel in die uiterlike en die innerlike wilshandeling. Hy beklemtoon dat die terreine in die wilsbelewinge saam hoort. Ons kry geen egte wilshandeling sonder 'n wilsakte, en ook geen wilsakte sonder die motivering nie. Onderskeiding is noodsaaklik, omdat dit onmoontlik is, weens die ingewikkelheid van die probleem, om met dieselfde metode die wilsakte, sowel as die motivering, te bestudeer. Die uiterlike wilshandelinge word ondersoek deur middel van die reaksieproef en die innerlike wilshandelinge deur middel van die sistematies-deurgevoerde selfwaarneming waardeur die innerlike belewinge analiseer word.

Gedurende die belewinge self vind gewoonlik geen waarneming plaas nie, sodat die steurende invloed wat van die waarneming self op die belewinge uitgaan, uitgesluit kan word. Dit is moontlik om die waarneming in die naperiode te doen, omdat 'n bemerkbare bewussynsinhoud die tendens het om in die bewussyn te bly voortbestaan, om daarna deur middel van die selfwaarneming weer gevind te word. Hierdie tendens is vir die eksperimentele retrospeksie in die wilshandeling baie gunstig, alhoewel die sterkte daarvan afhang van die graad van opmerksaamheid, wat aan die betrokke verskynsel geskenk is, en verder of die betrokke verskynsel na 'n kort pouse weer in die bewussyn aanwesig was. Verdere versterking hiervan is die aanvaarding van die opdrag deur die Pp., nl. om in die naperiode die verskynsel wat in sy bewussyn was gedurende die voor- en hoofperiode, te skets. Hierdie voorneme werk

---

1) N.Ach: Analyse des Willens: Urban & Scharzenberg, berlin N.24, 1935. pag. 53.
2) N.Ach: a.w. pag. 57.

versterkend in op die tendens om die verskynsels te bly behou: Deur die geskoolde Pp. kan die belewinge in die voor- en hoofperiode met helderheid in die naperiode teruggeroep word, terwyl verskynsels wat nie eksperimenteel navore gebring is nie, nie in die bewussyn terugkom by die retrospeksie nie.

Die verkryging van 'n volledige beeld van die verloop in die voor- en hoofperiode sluit ook in die versigtige stelling van vrae deur die Pl. ACH en LINDWORSKY 1) onderskei twee soorte van vrae, nl. aanvullingsvrae wat bedoel is om aan te vul by die spontane retrospeksie wat die Pp. reeds gegee het, en verder nog vrae deur die Pl. gestel om inligting van die Pp. in te win in gevalle waar hy miskien onduidelike stellings gemaak het. Sorg moet egter gedra word om nie suggestiewe vrae te stel nie, want anders kan iets suggestiefs as antwoord in die mond van die Pp. gestel word.

Ons kom dus tot die slotsom dat daar 'n geleidelike vordering in die studie van die wil was, maar dat die groot sprong en sukses in die studie van die wilsverskynsels behaal is in die werk van die Würzburgse skool onder KÜLPE en sy medewerkers en volgelinge aan die oorgang van die negentiende tot die twintigste eeu.

---

1) N. ACH: t.a.p. 57.

## HOOFSTUK 11

## ANALISE VAN DIE WIL.

As ons van „wil" praat, het ons in gedagte 'n hele proses, die wilsproses. In die lig van die nuwere persoonlikheidsielkunde sou ons van 'n wilsakte kan praat, d.w.s. dat 'n wilsdaad 'n saak van die hele persoonlikheid is. Die ouere, sowel as die nuwere opvattings, is duidelik kenbaar uit definisies waarvan ons enkeles hieronder noem ter verduideliking.

### A. DEFINISIES VAN DIE WIL.

(i) Volgens die ouere opvatting is die wil slegs 'n bepaalde psigiese funksie of 'n gropp funksies, 'n proses of reeks prosesse sonder iets meer. WARREN (1933) definieer dit soos volg: „The function or group of functions concerned in delayed concious response. Concious decision to act or indertake a course of action. The self in action." 1)

Hier is dus twee sake van belang, nl. funksies verbonde aan 'n handeling en die handeling self. Maar dit is dan ook al. GEMELLI (1944) se opvatting kom daarop neer dat die wil 'n hoëre psigiese proses is, onafhanklik van die gevoelslewe, maar instaat om die ander aktiwiteite van die psige te oorheers. „Will is defined as an original process independent of affective life and other lower order processes. The will dominates other activities." 2)

(ii) 'n Ander meer moderne groep bring die wil veral tuis onder die persoonlikheid as geheel. Dit is die nuwere opvatting wat die wil as 'n persoonlikheidsakte beskou.

---

1) H.C.Warren: Dictionary of Psychology, Houghton Mifflin Company, The Riverside Press, Cambridge 1934, pag. 296. „Will".

2) A. Gemelli: La Responsabilita nelle azioni umane dal punto di vista dellapsicologia e della psichiatria, Dontr.Lab.Psico. Milano 1944, 213-273. Psychological Abstracts No. 3734 1946, samevatting deur M. Stuparich, (Rome.)

Vir ROHRACHER (1932) is die wil 'n belewing van die persoonlikheid. „Das Wollen sei ein, Erlebnis welches etwas zu verwirklichendes zum Gegenstand hat." 1) Hy gaan verder en sê dat die wil gerig is op die verkryging of bewaring van eie lus, of op die afwering en vernietiging van onlus. Ook onderskei hy die besluit om iets te doen, die voorneme om iets te doen of nie meer te doen nie, en die beslissing. Laasgenoemde is veral in keusesituasies.

ROMBOUTS is duideliker in hierdie opsig waar hy sê: „Willen is een act van het hooger streefvermogen die bestaat in die beslissing om iets te doen of niet te doen."2) MULLER-FREIENFELS beskou gevoel en wil as „nur Teilerscheinungen komplexer Stellungnahmen des Ich die sich je nach den Umständen mehr als passive Gefühlzustände oder aktive Willenshandlungen darstellen, aber in jenem Fall psychologisch als Ganzheit begriffen werden müssen."3) Vir N.ACH is die wil 'n spesifieke psigiese belewing, „dass der Willensakt als solcher in seinem unmittelbaren Gegebensein wohl karakterisiert ist und als ein spezifisches Erlebnis ausgesprochen werden muss." 4)

Vir MEUMANN is die wil die spesiale verloop van intellektuele gebeurtenisse wat van binne te voorskyn tree as 'n inwerking op die omgewing: „Der Wille ist nichts anderes als ein spezifischer Verlauf intellektueler Vorgänge, durch die sich unsere Zustimmung zu einem Ziele in Handlung umsetzt und mit denen das intellektuelle Seelenleben aus seiner reinen Innerlichkeit zur Einwirkung auf die Umgebung heraustritt." 5)

---

1) H.Rohracher (1932) t.a.p. 8
2) Fr. S. Rombouts: Zielkundige Begrippen, Zesde herziene druk, Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, Tilburg 1935, pag 144.
3) H. Rohracher: ta.p. 29
4) H. Rohracher: t.a.p. 29
5) H. Rohracher: t.a.p. 29

BAVINCK beskou die wil meer as 'n funksie van die Ek. „Den wil in het algemeen kunnen we noemen een steeds gerede functie van het Ik. Telkens wanneer deze wilsfunctie sich atualiseert is er een wilsacte." 1) Die wil is dus meer 'n wyse waarop die persoonlikheid hom in sy strewe uit. STOKER sê: „Die wil is tog slegs 'n instrument waarmee en waarin die mens sy vryheid verwesenlik, maar nie die wesensgrond waarin sy vryheid wortel nie." 2) Die wil as instrument kan dus nie op homself bestudeer word nie, maar in sy verhouding tot die groter totaliteit, nl. die hele persoonlikheid. Dit is nie net die wil wat wil nie, maar dit is die hele persoonlikheid met die Ek op sy troon wat wil.

Of die wil nou as funksie, proses of akte gesien word, tog is daar twee hooffases wat deur die meeste vooraanstaande wilspigoloë aanvaar word, nl. daar is in so 'n funksie, proses of akte eerstens 'n besluit wat geneem word en tweedens 'n handeling wat normaalweg daarop volg. Vir ACH 3) is die aanvaarding van die opdrag die wilsakte (die aanvaarding kom ooreen met die besluit wat na motivering 4) geneem word ter uitvoering van die opdrag); die uitvoering van die opdrag is die wilshandeling. Elkeen van hierdie fases verdien verdere analise.

B. DIE WILSBESLUIT:

By die neem van 'n wilsbesluit kom daar 'n hele aantal faktore in gedrang, faktore wat bepaal dat die besluit in 'n sekere rigting geneem word, m.a.w. die besluit motiveer. Ons noem die volgende:

---

1) J.H. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, Tweede herziene en vermeerderde druk bewerkt door dr. A. Kuypers, Uitgave van J.H. Kok, N.V. te Kampen, 1935, pag. 240.
2) H.G. Stoker: Die Idee van Menslike Vryheid, oorgedruk uit die Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns - Jaargang Xlll - 1938/39, pag.6
3) Fr. S. Rombouts: (1928) t.a.p. 90-91.
4) Hans Eden: Analyse einer einfachen äuseren Willenshandlung unter dem Gesichtspunkt der Integrationstypologie. Zeitschr. f. Psych. Band 141, Heft 3 bis 6, pag. 198.

(a) <u>Individuele Faktore:</u>

Hieronder onderskei ons die volgende faktore:

(i) <u>Liggaamlike Faktore:</u>

Omdat die wil verbonde is aan die persoonlikheid en die persoonlikheid in die liggaam van die individu setel, is dit vanselfsprekend dat liggaamlike faktore 'n rol sal speel in die neem van die wilsbesluit. Hierdie faktore sal dus 'n rol speel, hoofsaaklik omdat die liggaam die besluit moet uitvoer, anders bly die besluit van geen waarde nie. Laat ons die volgende aspekte van die liggaamlike faktore nader beskou.

L. von RUTKOWSKY 1) sê dat die basis van die wil nie alleen in die omgewing lê nie, maar ook in die erflike predisposisie. Die individu is volgens hom die produk van die verlede (erflikheid), en die faktor van die toekoms in 'n totaliteit waarin sy bestaan 'n belangrike betekenis het. Ons noem erflikheidsfaktore, soos aanleg vir musiek, taal, wetenskap, logiese denkvermoë, ens. Hierdie natuurlike aanleg van 'n persoon sal sy besluit in 'n groot mate bepaal, want nie alleen is sy belangstelling volgens sy aanleg nie, maar ook sy potensiële vaardigheid in die uitvoering van die betrokke handelinge.

Die liggaamsbou van 'n persoon stel perke aan of bepaal die neem van 'n wilsbesluit in soverre as dit sekere eise stel t.o.v. liggaamskrag en - vaardigheid vir die uitvoering daarvan, liggaamlike behoeftes, ens. 'n Persoon met 'n sterkgeboude, swaar liggaam sal waarskynlik nie lig 'n besluit neem om hom toe te lê op atletiek nie, maar dit sal binne die bereik van sy liggaam val as hy besluit om hom toe te lê op stoeikuns.

Nou verbonde aan die natuurlike liggaamsbou is siekte en gebreke, wat die wilsbesluit bepaal in die rigting van liggaamlike aktiwiteit waartoe die liggaam as gevolg van die gebreke of siekte tog nog instaat is.

---

1) L. von Rutskowsky: Die Frage der Willensfreiheit von Standpunkt der Kulturbiologie, Psych. Abstract No. 4499, 1942.
Opsomming deur M.E. Morse, (Baltimore Md.)

'n Wilsbesluit tot handeling waartoe die liggaam as gevolg van bogenoemde sake nie instaat is nie, word vermy. So kan 'n persoon wat een arm verloor het 'n besluit neem om tennis te speel, maar nie om te boks nie, omdat boks albei hande vereis.

Vermoeidheid is 'n faktor teen 'n wilsbesluit, indien daar (vir die uitvoering van die besluit) liggaamlike kragsinspanning vereis word. Frisheid daarenteen, stel 'n persoon instaat om 'n wilsbesluit ten gunste van 'n nuwe liggaamlike inspanning te neem, omdat die liggaam instaat is tot onmiddellike aksie, indien dit vereis word. ROMBOUTS [1] onderskei liggaamlike en geestes-vermoeidheid. Hy verstaan onder e.g. die vermoeidheid van spiergroepe wat vir 'n lang tyd werk gedoen het. Geestes-vermoeidheid is die gevolg van geestes-inspanning en bestaan in die vermoeidheid van die liggaamsorgane, wat diens gedoen het by die psigiese prosesse. Hieronder val veral die senuwees (sentraal en perifer.)

Die krag van hierdie liggaamlike faktore strek dus net in soverre as wat dit 'n wilsbesluit aangaan, wat tot aksie of geen aksie sal lei, en waar by die uitvoering van die besluit die liggaam die werk sal moet verrig.

(ii) <u>KENFAKTORE:</u>

Hieronder val alles i.v.m. die kenlewe, m.a.w. alles wat dien om kennis, wat vir die neem van 'n besluit nodig is, tot die beskikking van die Ek te stel. Ons noem die volgende:

Die eenvoudigste vorm van insameling van kennis is die gewaarwording. Dit is so eenvoudig dat dit slegs die kennis van 'n indruk is. „Een gewaarwording is het zinnelijk verschijnsel dat onmiddellik volgt op de inwerking van een prikkel." (Rombouts, (1945) [2]
Alhoewel die gewaarwording so eenvoudig is, behels dit tog 'n fisiese element, nl. die inwerking van 'n uitwendige prikkel op 'n sensoriese senuwee, 'n fisiologiese

---

1) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 37.
2) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 29.

moment, nl. 'n verandering wat deur die prikkel teweeggebring word en derdens die psigiese moment, of die reaksie van die siel op die prikkeling. Hierdie indrukke is in die reël so vaag, dat hulle nie eintlik aanleiding tot 'n wilsbesluit kan gee nie.

Waar gewaarwording slegs die beginproses is en passiwiteit behels, veronderstel waarneming aktiwiteit waar die persoon let op die oorsaak van die gewaarwording. So word sien (gewaarwording van visuele prikkels) dan kyk, en hoor word luister. Hier word dan gekyk en geluister na bepaalde objekte, sodat ons soos ROMBOUTS [1] kan sê dat waarneming kennis van 'n objek is. Hierdeur word definitiewe kennis tot die bewussyn van die persoon gevoeg.

Onder aanskouing verstaan ons „een noukeurige, alzijdige waarneming," [2] sodat die dele van die geheel losgemaak en afsonderlik opgeneem word. Omdat hier meer pertinent aandag aan die waargenome stof gegee word, sal hulle 'n sterker rol speel in die wilslewe.

Voorstelling werk van binne uit die bewussyn. Ek kan vir my iets voorstel, al werk daar geen prikkels van buite op die sintuie in nie. Dinge wat ek vantevore gesien, gehoor, of gevoel het, kan ek later, sonder dat dit werklik aanwesig is, weer in die bewussyn terugroep. Daar het dus 'n „spoor" van die waarneming, wat vroeër plaasgevind het, agtergebly. 'n Voorstelling is dus „een zinnelijk kenniselement dat in de ziel kan worden opgewekt na en ten gevolge van een waarneming." [3] 'n Voorstelling kan ook dien om 'n beeld te vorm van hoe sake in die toekoms kan verloop. Dit is juis 'n baie belangrike faktor in 'n wilsbesluit, want voordat 'n besluit geneem word, moet daar in die toekoms gekyk word. Hiervoor word verder die verbeelding of fantasie betrek.

---

1) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 40.
2) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 40.
3) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 48.

Verbeelding, in die engere sin, nl. produktiewe verbeelding, is „het vermogen om de reeds aanwezige voorstellingen te vervormen tot nieuwe." 1)
In fantasie kan selfs voorstellinge gevorm word van iets wat jy nog nooit gesien het nie. Die aanwesige materiaal in die bewussyn word georden, (onder leiding van verstand en wil.) Verder word hulle vergroot of verklein, bygevoeg of weggelaat, kenmerke van 'n bepaalde totaalvoorstelling af losgemaak en by iets heeltemal anders gevoeg, verskillende elemente gekombineer tot 'n produk wat glad nie aan die werklikheid hoef te beantwoord nie. Deur fantasie kan dus 'n beeld opgebou word om na te streef. Hierdie beeld bepaal in 'n mate die wilsbesluit.

Die verstand is 'n faktor wat behulpsaam is in die neem van die wilsbesluit. Sy werking vind plaas t.o.v. die keuse en visualisering van 'n doel, die middele ter bereiking van die doel en die uitvoering van die besluit. In die eerste geval sien die verstand iets goeds en dus 'n begerenswaardige doel. Nou oordeel die verstand dat die voorgestelde doel werd is om na te streef en gaan na met welke middel die doel bereik kan word. Die wil word dus deur die verstand voorgelig in die neem van 'n besluit. Wanneer 'n begeerte hom voordoen, word die vraag deur die verstand gestel of dit wat begeer word, werklik geluk sal bring, of dit bereikbaar is, en met watter middele dit bereik moet word. Berus die wil in hierdie geval enkel op die verstand, noem ons dit verstandelike wil, maar as die gewete ook in aanmerking geneem word, praat ons van die sedelike wil. Die verstand dien hier veral as 'n waarderingsfunksie, d.w.s. om die waarde van die beoogde doel te bepaal.

(iii) <u>Gevoelsfaktore:</u>

Volgens GEMELLI is die wil los en onafhanklik van gevoelsfaktore en staan dit bokant die gevoelslewe uit. Tog meen ons dat daar 'n gevoelsmoment aanwesig is waar 'n besluit geneem word ter bereiking en bevrediging van lusgevoelens en teen enige onlusgevoel in.

---

1) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 54.

Hierdeur word die rigting waarin die wilsbesluit geneem sal word, bepaal. Iets wat vir ons lus beloof, wek 'n lusgevoel en dan dadelik ook ons begeertes op. As alleen die sinlike gevoel in die begeertes spreek, word dadelik probeer om die objek wat lus beloof, magtig te word.
Dit is daarom dat 'n klein kind dadelik na 'n voorwerp gryp. Dit geskied amper outomaties soos by die refleks.
By die klein kind waar die wil nie in al sy stadia optree nie, gaan die begeerte dus direk oor tot 'n handeling sonder dat eers besinning en oorweging plaasvind.
Nadat die besluit geneem is, kan daar ook verskillende gevoelsmomente by die persoon aanwesig wees. Hy kan voel of hy bevryd is van 'n swaar las. By andere is weer 'n gevoel van onrus, van spyt of van twyfel of hulle die regte ding gedoen het. Die wese van die gevoel is dus dat dit 'n waarderingsfunksie (of akte) is. Dit is veral deur die gevoel dat ons waarde heg aan dinge, toestande of gebeurtenisse. In baie opsigte skiet die verstand ver te kort met sy waardebepalings. Dinge, toestande of gebeurtenisse, waaraan ons die grootste waarde het, streef ons na. Dinge wat ewe swaar weeg, stig 'n konflik, juis by die neem van 'n besluit, welke een om te neem of te laat.

Deur die konflik word groot spanning veroorsaak en is sterk gevoelsmomente aanwesig. As uitkoms in hierdie konfliksituasie is daar dan volgens KUNKEL 1) die alternatief. As 'n mens voor 'n keuse te staan kom en jy die moed het om te besluit en die besluit uit te voer, aarsel jy nie, maar gaan dadelik oor tot die beslissende daad. Hier is dan geen konflik nie. Wie egter die moed ontbreek, probeer deur uitstel, selfregverdiging en ander kunsgrepe, om hom van die verantwoordelikheid te vrywaar. Hierdie laaste weg is dan die alternatief wat in die keuse gevolg word as die oplossing van die situasie waar die twee faktore ewe swaar weeg.

Aan die anderkant kan die faktore soms so lig en gering wees dat geen besluit geneem kan word nie en daar dus vertwyfeling ontstaan. Hoewel hier in die geval geen

---

1) J.H. Bavinck (1935) t.a.p. 243.

sprake van konflik is nie, is daar tog 'n geringe gevoelsmoment aanwesig.

(iv) Streeffaktore.

Die aksent van die wil lê in die strewingslewe. Dit is daarom dat die eerste vraag altyd is: Wat was die motiewe vir so of so 'n wilsbesluit? Agter elke wilsbesluit wou ons bepaalde dryfvere soek, want dit is die dryfvere wat verantwoordelik is vir dade. Die dryfvere kan op die verskillende persoonlikheidsfere gefundeer wees. So sal daar dryfvere wees wat meer op die fisiologiese berus, soos bv. hongerdrif, seksdrif, ens. Andere sal meer op die bioties-psigiese gefundeer wees, soos bv. die magdrif. Derdens sal daar dryfvere wees wat in emosionele aksies en reaksies gefundeer is, bv. vrees en toorn as dryfvere. Vierdens is daar ook geestelik-psigiese dryfvere wat met die hoër geestelike sfeer van die persoonlikheid te doen het, bv. die dryfveer tot godsdiens, tot die etiese, estetiese, juridiese, ens. Motiewe is in soverre van belang dat namate 'n saak vir iemand groter is, die motiefkrag of die krag om te streef tot die bereiking daarvan, ook groter is. Soos reeds hierbo genoem, is motiewe belangrik om die rigting waarin 'n wilsbesluit sal val, te bepaal, maar nog is dit op homself geen wil nie. Sommige motiewe is egter so belangrik dat hulle die konsentrasie van die hele persoon vereis, terwyl andere skaars enige aandag verg.

Behalwe motiewe wat die wilsbesluit in 'n besondere rigting help bepaal, is daar ook nog teenmotiewe wat probeer verhinder dat die besluit volgens die aanwysing van die motiewe op 'n besondere daad of wyse van optrede sal val. Teenmotiewe laat dus allerlei besware verskyn in die sfeer van die verstand en probeer die uitvoering van die handeling anders bepaal as waartoe die motiewe sou lei. Dit is deur middel van teenmotiewe dat die Ek teen die sterkste begeerte in „nee" kan sê. Dit hang net af watter die sterkste is, die motiewe of die teenmotiewe.

Naas die motiewe en teenmotiewe tree daar ook nog onbewuste dryfvere op wat nie in 'n motief beliggaam is nie. Hulle is vaag en onbewus en daarom ook onweerlegbaar. Sodra hierdie onbewuste dryfvere bewus word, word hulle in 'n motief beliggaam en kan die moetief weerlê word deur teenmotiewe. Juis hulle vaagheid en onbewustheid maak hierdie dryfvere so onweerstaanbaar en kan hulle nie deur verstandelike oorwegings beïnvloed word nie. Nou verbonde hieraan is die drifte, drange en dryfvere wat aangebore is en ook onbewus hulle rol speel in die bepaling van die wilsbesluit. So kry ons bv. die aktiwiteitsdrang wat die wilsbesluit in die rigting van die uitlewing van hierdie drang sal bepaal.

(b) Milieufaktore:

Deur omstandighede van buite, d.w.s. eksogeen in oorsprong, word die wilsbesluit in 'n mate bepaal en daarom moet rekening gehou word met faktore soos sosiale omgewing, opvoeding, vriende, werkskontakte, ens. Tog moet die belangrikheid van invloede van buite nie oorskat word nie. A. GEMELLI [1] sê dat jy nie die verantwoordelikheid van die mens se dade van hom kan afskuif deur verwysing na sy omgewing nie. C. BLONDEL [2] gee weer aan die hand dat die wil die gehoorsaamheid is aan die maatskappy met sy tradisies, gewoontes en gedrag wat dit meebring. Ons noem kortliks die volgende milieufaktore ter verduideliking:

By die neem van die wilsbesluit word die klimaatsomstandighede onwillekeurig in aanmerking geneem, bv. 'n persoon sal nie besluit om op 'n koue wintersdag te gaan swem nie, maar tog sal hy op 'n warm somersdag moeite doen om 'n swembad te bereik.

'n Baie sterk faktor in die wilsbesluit is die bodem. So sal 'n Afrikaner se wilsbesluit bepaal word in die guns van Suid-Afrika; die individu sal altyd in die guns van die geboorteplek besluit, d.w.s. as ander faktore nie oor-

---

1) A. Gemelli: t.a.p. (Psych. abstr.4734 1946)
2) C. Blondel: Les Volitions. Psych. Abstr. No.4025 1940 Opsomming deur C. Nony. Sorbonne.

wegend is nie. Dit is nie die bodem as sodanig wat tel nie, maar die psigiese krag daaraan verbonde, die sentiment, wat die wilsbesluit bepaal.

Elke forse wilsdaad bring jou op een of ander manier in botsing met andere en die uitwerking hiervan op die wilsbesluit is dat mense wat net in vrede en liefde wil lewe, nie wilsbesluite kan neem wat lei tot kragtige dade nie. Ander persoonlikhede hou weer van botsings, omdat dit sluimerende kragte in hulle binneste navore bring.

Die mens as sosiale wese wil graag sien dat sy handelinge deur die publieke opinie goedgekeur word d.w.s. die ondersteuning van sy medemense geniet. DUNLAP onderskei 'n besondere begeerte, nl. „Desire to belong to a group and to participate in the group characteristics."1) Die bevrediging van hierdie begeerte vereis sosiale verhoudinge. Dit is dus te verstaan dat 'n mens se wilsbesluit nie lig teen die publieke opinie geneem sal word nie. Ander karakters is weer kontra-suggestief ingestel, en wil graag teen die publieke opinie handel en daarom ook daarteen 'n wilsbesluit neem.

Die invloed van ons medemense word oorgedra op ons eie karakters deur middel van suggestie. As hierdie of daardie vooraanstaande persoon sus of so gehandel het, gaan die suggestie van hom af uit op andere om ook so te handel. In teenstelling hiermee, vind ons kontrasuggestie waar 'n persoon juis op 'n bepaalde handelwyse besluit, omdat andere nie so besluit het nie. Suggestie is dus positief sowel as negatief in toepassing op die wilsbesluit.

Gepaard met die opvoeding van die individu vind ons die vorming van sekere sosiale, etiese en godsdienstige norme. Hierdie norme bepaal dan in welke rigting die wilsbesluit geneem sal word sodat iemand gewoonlik binne perke van sy bestaande norme sy wilsbesluit neem.

---

1) Knight Dunlap: Civilized Life: George Allen & Unwin Ltd., London, 1934. pag. 64.

Verder word ook deur middel van opvoeding sekere drifte of instinkte gesublimeer en kan die wilsbesluit teen die betrokke drifte in geskied en hoef dit nie noodwendig daarvolgens plaas te vind nie.

(c) Religieuse Faktore:

Ons beklemtoon hier geloof, nl. geloof in God. Dit vorm die basis van die godsdiens. Hiervolgens word godsdienstige norme gestel wat die wilsbesluit sal bepaal en alles sal geskied tot verheerliking van God. Vir die ongelowige verval die godsdienstige norme. As derde faktor t.o.v. geloof kan ons noem die bygeloof wat sekere handelinge, begrippe of getalle verbind met 'n onbekende mag of krag, bv. die ongelukkige getalle of die gelukkige getalle, Vrydag, die 13de van die maand, ens.

Die sterkste faktor van hierdie drie bly egter geloof in God, wat so sterk kan wees dat 'n besluit daarvolgens geneem kan word, tenspyte van talle ander faktore wat in die teenoorgestelde rigting dui.

Met inagneming van die bostaande faktore en na oorweging, weeg sekere sake of faktore so swaar dat hulle die wilsbesluit in 'n bepaalde rigting stuur en neem die Ek 'n bewuste besluit tot handeling. Hier is nou nie meer 'n geval van oorleg nie, maar die Ek het 'n posisie ingeneem, 'n besluit is geneem en wag nou net op uitvoering.

C. DIE WILSHANDELING:

Omdat die Ek die wil beheer, moet hy eers toestemming gee, voordat die besluit uitgevoer kan word. Aangesien daar vooraf oorweging plaasgevind het, is daar groter verantwoordelikheid in die wilshandeling, omdat die Ek die daad ondersteun het. Die motiewe met hulle teenmotiewe het in werking getree, en omdat die motiewe die sterkste was, het die Ek tot die daad besluit. Omtrent die rol wat die Ek hier speel, sê BAVINCK [1] verder dat die Ek nie iets naas en buite die instinkte, begeertes, gevoelens, denkinge, ens., is nie,

---

1) J.H. Bavinck: (1935) t.a.p. 231.

maar die wonderlike sentrale faktor is wat alle funksies en kragte reël en organiseer.
In die diens van die Ek staan die verstand wat moet besluit dat die middel wat die geskikste is, gebruik word. Dit gee dus die bevel daartoe. Verder gee die verstand voorligting hoe om die doel wat gestel is, des te sekerder te bereik. 1)

(a) Soorte Wilshandeling:

Soos reeds gesê, vind die wilsakte sy voltooiing en afsluiting in die wilshandeling. Hierdie handeling kan na buite openbaar word, nl. uiterlike wilshandelinge, maar ook na binne, d.w.s. onsigbaar vir die sintuie en wat ons dan 'n innerlike wilshandeling noem. As ek as gevolg van 'n wilsbesluit 'n wandeling neem of 'n brief skryf, bestaan die handeling uit sintuiglikwaarneembare bewegings. As ek egter deur 'n wilsakt die verstrooiinge wat onder gebed ingetree het, verdryf, d.w.s. 'n verandering teweegbring in my bewussynstoestand, dan is dit 'n innerlike wilshandeling. By innerlike wilshandelinge sien ons dikwels gebare en bewegings van die gesigsspiere, maar dit is egter slegs begeleidende verskynsels wat nie eie is aan die wese van die innerlike wilshandeling nie.

Wilshandelinge kan soms betreklik enkelvoudig wees, bv. om die voet te versit of die oë te sluit, maar dit kan ook 'n lang reeks van verskillende dade wees. As iemand hom bv. voorneem om 'n boek te skryf is dit die werk van jare. Lange voorbereiding moet gedoen word, baie tyd moet daaraan bestee word. Al die handelinge dien dan vir dieselfde doel en die persoon wat die voorneme maak, neem dit alles met een wilsakte op hom. Nog meer omvattend is die keuse van 'n beroep. Hierdie gevalle is dus samegestelde wilshandelinge.

Ons vind ook sekundêr-outomatiese wilshandelinge waar die motiewe vir elke wilshandeling nie vooraf afgeweeg word, d.w.s. die hele wilsakte deurloop word nie, bv. as die wind sterk by die venster inwaai,

---

1) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 146.

staan jy op en maak dit toe. As daar op straat 'n motor na jou toe aankom, draai jy uit of wag totdat dit verby is, voordat jy oorgaan. Sulke handelinge word ook sekudêr-outomaties genoem.

Wanneer ons in die môre op 'n bepaalde tyd opstaan, was, aantrek, oggendgodsdiens hou, ontbyt geniet, na ons werk toe gaan en met die werk begin, is dit tog egter wilshandelinge waarvoor ons verantwoordelik is, al word daar nie elke keer gewik en geweeg of ons dit sal doen of nie. Dit berus op vroeëre wilsbeslissinge en eers ~~wa~~ wanneer hierdie wilsbesluit~~ing~~, wat hulle veroorsaak het, herroep sou word, sou die bepaalde handelinge nie meer uitgevoer word nie.

'n Beslissing van die wil vir die toekoms word 'n voorneme genoem. Ek kan bv. vandag besluit om oor 'n maand 'n sekere brief te skryf, of om volgende vakansie na die strand te gaan. Gewoonlik het die meeste voornemens nie alleen op een nie, maar op 'n hele reeks van handelinge betrekking, bv. om saans tienuur te gaan slaap, of elke middag die tuin nat te gooi, of by 'n vriend aan te gaan op pad skool toe, ens. As 'n mens wil hê dat hierdie voornemens werklik uitgevoer word, moet die voorneme 'n wilsakte wees en al die stadia daarvan deurmaak. Buitendien het dit dikwels hernuwing nodig om altyd in die gedagte te kan bly.

(b) Tydsduur van Wilshandeling:

Nadat 'n wilsbesluit geneem is, moet daar 'n handeling plaasvind om die besluit uit te voer. Hierdie handeling kan onmiddellik daarna plaasvind. Die krag of energie om die besluit in dade om te sit word verkry van die deurvoering van die Ek. Hierdie wilshandeling hoef egter nie onmiddellik na die wilsbesluit plaas te vind nie. Dit kom dikwels voor in die vorm van 'n vertraagde reaksie [1] Hierdie vertraade reaksie kan ook genoem word 'n willende houding waar die besluit ter uitvoering en bereiking van die gekose doel nie onmiddellik uitgevoer hoef te word nie.

1) H.C. Warren: (1934) t.a.p. 206 „will"

As voorbeeld kan ons neem waar iemand besluit om vir 'n sekere graad te studeer en dan hierdie doel maar eers na 'n paar jaar kan bereik, d.w.s. na volhardende studie. Anders is dit waar iemand besluit om 'n plaas of huis te koop en dan die koopbrief onderteken, die geld betaal en alles is verby. Hier is die willende houding maar van korte duur.

Die vraag wanneer 'n wilsbesluit geneem is, is of die wil taai genoeg is om die tydsverloop van jare te verduur soos in die geval van die studie hierbo geneem. Mense wat gou tot idiomotoriese handelinge beweeg word, verslap weer gou in hulle reaksies, omdat vooraf nie al die faktore betrokke in die wilsproses, in aksie gebring is nie. Andere is weer meer gereserveerd in hulle wil, gaan nie so gou tot 'n handeling oor nie, maar by hulle kan die willende houding langer duur, omdat hulle met die hele siel daartoe oorgegaan het.

Indien die handeling waarop besluit is, glad nie plaasvind nie, en daar 'n groot verandering aangebring word in die faktore wat die keuse en besluit bepaal het, kan die willende houding ook verval, bv. waar iemand wat vir 'n sekere graad studeer soos hierbo aangehaal, nie langer oor die nodige fondse beskik nie en daardeur gedwing word om van sy plan af te sien. Indien verdere studie later weer oorweeg word, moet daar 'n nuwe wilsakte plaasvind.

(c) Faktore wat die wilshandeling beïnvloed:

(i) Individuele faktore:

In die eerste plek kan ons die liggaamlike faktore soos erflikheid, liggaamsbou, vermoeidheid, ens. noem. Die wilshandeling of die uitvoering van die besluit het die liggaam nodig as medium waardeur die werking kan plaasvind. Erflikheidsfaktore soos die aangebore aanleg van die persoon bepaal of hy instaat sal wees om die besluit uit te voer. Ook die verstand (soos uitgedruk in die I.K.) bepaal of hy tot 'n sekere daad instaat sal wees. 'n Kind wat nie verstandelik begaafd is nie, kan doen wat hy wil, maar hy sal nie in die Matrikulasie-eksamen

slaag nie. Die wilshandeling moet dus plaasvind binne die perke van die aangebore moontlikhede van die persoon. Nou hieraan verbonde is ook die natuurlike liggaamsbou wat sal bepaal of 'n persoon instaat is tot harde liggaamlike arbeid of net tot verstandelike inspanning.

Aansluitend hierby wil ons nog noem vermoeidheid of frisheid, asook die gesondheidstoestand van 'n persoon. Vermoeidheid belemmer harde liggaamlike sowel as geestesinspanning, en dus kan 'n handeling wat daardie eise stel, nie uitgevoer word nie. Die invloed van 'n swak gesondheid lê voor die hand.

Aansluitend by die liggaamlike faktore kan ons ook die kenfaktore noem. Hier is die sintuie van belang as die medium waardeur sekere kennis tot die bewussyn gebring word, bv. deur gewaarwordinge en waarneming, asook die fantasie, denke, kennis en intelligensie, wat alles in aksie gevind word bv. by die verkenner, wat die taak het en die besluit geneem het om vyandige terrein in oorlogstyd te gaan verken.

By die wilshandeling speel gevoelsfaktore ook 'n belangrike rol. Spanning word veroorsaak by obstruksie in die uitvoering van die besluit en aangename gevoelens by die maklike uitvoering daarvan. Gevoelsfaktore kan dus ondersteunend en versterkend werk op die uitvoering van die handeling, d.w.s. as hulle aangenaam is, maar verstorend as daar onaangename gevoelens aan die handeling verbonde is.

Streeffaktore soos motiewe, teenmotiewe, onbewuste dryfvere en begeertes, aangebore of verwerf, kan die uitvoering van die handeling in 'n baie groot mate beinvloed. Van die streeffaktore kom die energie vir die uitvoering van die handeling, en dit sal dan bepaal of die krag vir die handeling sterk of swak is, al dan nie.

(ii) <u>Milieufaktore:</u>

Die uitvoering van die wilsbesluit of die wilshandeling hang in 'n groot mate af van milieufaktore. Die besluit is geneem met inagneming van omstandighede van buite, maar daarna kan die omstandighede so verander

dat die uitvoering van die besluit nie maklik kan plaasvind nie. Ons dink hier weer aan 'n persoon wat besluit het om vir 'n sekere graad te studeer, maar na verloop van 'n jaar nie meer oor die nodige fondse beskik om met die studie voort te gaan nie. Hier kan die handeling nie uitgevoer word weens omstandighede van buite nie. Ons noem hier nog verder die klimaatsomstandighede, soos droogte, reën, hael, kapok, ens. wat die uitvoering van 'n handeling kan vertraag of uitstel, maar selfs ook heeltemal laat verval, bv. waar 'n boer vind dat sy grond te hard of te nat is om geploeg te word en dit uitgestel moet word. Die medemense, publieke opinie en suggestie wat van andere uitgaan, is almal ook faktore wat dien as aansporing of dwarsboming van die uitvoering van 'n spesifieke handeling waarop besluit is. Ons kan nog noem die opvoeding van die persoon as 'n faktor van buite. Wat hy geleer het, stel hom instaat om bv. die besluit om as medikus te praktiseer uit te voer of nie.

(iii) Religieuse faktore:

Godsdienstige faktore is medebepalend in die wilshandeling in soverre as wat die persoon nie iets sal doen ter uitvoering van die handeling nie, indien dit teen sy godsdienstige beginsels indruis. Ons kan hier noem dat dit mag nodig word vir die persoon om op Sondag te werk, maar hy dit nie doen nie weens sy onwilligheid om hom skuldig te maak aan sabbatsontheiliging. Die faktor van bygeloof kan ook 'n rol speel en iets waaraan 'n sterk nadelige bygeloof verbonde is, nie gedoen word nie, of iets waaraan 'n gunstige bygeloof verbonde is, graag gedoen word, bv. waar die volgende in die gedrang kom, soos 'n gelukkige of ongelukkige getal, dag, ens.

## D. DIE WIL EN ANDER PSIGIESE VERSKYNSELS.

Om die wil van ander psigiese verskynsels te onderskei is dit voor alles nodig dat ons eers die kern van die wil aandui. Die wilsakte bestaan nl. daarin dat
daar kennis moet wees,
oorweging moet plaasvind en
dan 'n besluit geneem word, wat
uitgevoer word deur 'n bepaalde handeling.

Aan hierdie kern sal ons dan die wilsverskynsels probeer toets.

1. Reflekse:

Die refleks is geen wilsdaad nie, omdat dit meganies verloop as 'n reaksie op prikkels van buite, en daar geen oorweging plaasvind of 'n besluit geneem word nie.

Sommige reflekse egter word nie veroorsaak deur en vind nie plaas as 'n reaksie op prikkels van buite nie, maar vloei outomaties voort uit 'n voorstelling. By hierdie handeling bestaan daar ook 'n bepaalde bewussyn van doel, 'n verwagting van wat daar moet gebeur, maar, daar is nie, soos in die wil, 'n definitiewe besluit wat lei tot 'n handeling nie. Dit verskil van die wil verder daarin dat maar net 'n bepaalde deel van die psigiese geheel daarby betrokke is. Dit is nie soos by die wil, die Ek, die volle persoonlikheid wat optree nie. 1)
JAMES 2) is van mening dat selfs net die voorstelling van of die gedagte aan die gevolge van 'n beweging, voldoende is om die beweging te laat plaasvind. Hier is dit die instinktiewe krag wat agter die voorstelling skuil wat optree en nie die voorstelling self nie. Volgens ROELS 3) is hier sprake van 'n geringe wilsfaktor wat reeds voor die eintlike handeling-situasie optree. Hierdie geringe wilsfaktor lê in die inhibisies wat deur die omgewing geskep word, bv. wanneer 'n kind se neus jeuk en hy dit wil krap, maar die uitvoering van die bewegings verhoed word (selfs nog voordat hulle 'n aanvang neem) deur die omgewing, sy opvoeding, ens. Hier is dit vir ons duidelik dat dit vir die kind groot wilsinspanning gekos het om sover te kom dat die reaksie (krap) wat ons die refleks kan noem, nie dadelik op die prikkel (jeuk) volg nie.

---

1) J.H. Bavinck. (1935) t.a.p. 228.
2) F. Roels: Handboek derPsychologie deel 11, Algemene Psychologie (tweede deel ). N.V. Dekker van de Vegt, Utrecht 1935 Nÿmegen pag. 123.
3) F. Roels (1935) t.a.p. 125.

2. Instinkte:

Die instinkte word as die basis van die wil beskou, [1] maar is nie self die wil nie. So is dan die seksinstink die basis van die seksuele wil, die sosiale tendensies berus by die sosiale instink, ens. In die wilslewe tree die instinkte op as dryfvere wat 'n verandering in 'n toestand wil teweegbring. Hulle is dan die kragte van binne wat in medewerking met die faktore die kragte van binne wat in medewerking met die faktore van buite, motiewe en teenmotiewe, die wilslewe in 'n bepaalde rigting stuur. Vir die Behavioriste [2] bestaan die wil nie en in die plek daarvan stel hulle die instinkte en die reflekse. Volgens ons mening egter verskil die instinkte van die wil vernaamlik daarin dat hulle aangebore is en geen kennis, nog besluit tot handeling, soos in die geval van die wil, nodig het vir optrede nie. Verder gaan met instinkte bepaalde emosies gepaard wat nie by die wilsakte noodsaaklik is nie.

3. Heftige Emosie:

Nou verwant aan die reflekse is die heftige emosie waar iemand in 'n oomblik van toorn 'n ontsettende daad doen, waar daar geen oorweging of 'n besluit voorafgegaan het nie. Omgekeerd kan 'n gierigaard ook soms eenmaal in sy lewe onder bepaalde indrukke baie vrygewig wees. Dit is duidelik dat hier geen wil betrokke is nie, maar die daad voortvloei uit die bepaalde emosie, want as hy eers oorweeg het, sou hy anders besluit en gehandel het.

4. Koppigheid:

Koppigheid is 'n belangrike emosie, 'n reaksie wat die ganse organisme as 'n lewende geheel in spanning bring. Dit hou nou verband met die drang tot selfhandhawing en bewaring van selfwaarde. Koppigheid kom by die mens voor gedurende sy hele ontwikkelingstydperk. Oor die algemeen maak die meeste kinders egter kort na die tweede lewensjaar 'n kortere of langere periode waarin koppigheid strek op die voorgrond tree, deur. Later, aan die begin van die puberteit, kan die periode hom herhaal.

---

1) J.H. Bavinck (1935) t.a.p. 228.

2) J.B. Watson. (1929) t.a.p. Preface pag. xii

Dit skyn of die optrede van koppigheid tog die weg baan na 'n duidelike wilsontplooiing want sodra die kind begin koppig word, dan wil hy. Wat egter in koppigheid ontbreek, is 'n positiewe wilsrigting, 'n doelstelling. Koppigheid verskil dus van die wil daarin dat daar geen oorweging of doelstelling is nie en dit normaalweg slegs in sekere lewensfases verskyn en verder maar net sporadies voorkom as 'n afwyking in die gedrag van die normale persoon.

Die uiting van koppigheid vind op verskillende maniere plaas. Ons onderskei:
Geprovokeerde koppigheid is wanneer 'n persoon voel dat hy verkleineer is deur gehoorsaamheidseis van andere. Dan kom daar skielik 'n gevoel van verset in hom op, sodat hy homself isoleer, in sy dop kruip en alle sosiale bande verbreek. Die manier van optrede van die persoon wat die eise gestel het, het dus die toestand van koppigheid veroorsaak.

Gesuggereerde koppigheid is die antwoord op 'n verbod of uitdaging. Dit is 'n reaksie op die verbod: Jy mag nie. Of op die uitdaging: Jy kan nie. Ons dink in die verband aan die beskrywing van Jan Ligthart in sy „Jeugdherinneringen" waar die kinders juis op die „Goue Stoep" gaan speel het, omdat hulle verbied is deur die eienaar. Hieruit sien ons dat die verbod prikkel tot oortreding daarvan.

Gestimuleerde koppigheid is 'n koppige houding in diens van persone (kinders) wat geleer het dat hulle deur middel van koppigheid hulle wense vervul kan kry. Om hulle daarvan te genees moet hulle in 'n ander milieu geplaas word waar hulle niks deur middel van hulle koppigheid sal bereik nie.

In koppigheid is daar dus nie eers 'n oorweging van die situasie nie, nog minder 'n doel waarna gestreef word om te bereik of 'n definitiewe besluit wat uitgevoer word.

Daar is eerder 'n opstand teen 'n sekere toestand, 'n inkruip in homself en 'n vyandige houding teenoor alles en almal daarbuite.

5. Verstand:

Volgens ROMBOUTS [1] is daar 'n duidelike verskil tussen die verstand en die wil. Die een is selfstandig teenoor die ander, en omvat nie die ander nie, maar tog kan hulle nie sonder mekaar klaarkom nie. Daar is 'n samewerking en wisselwerking tussen die twee psigiese verskynsels waarneembaar t.o.v. die doel, die middele en die uitvoering.

T.o.v. die doel kan ons sê dat die verstand iets goeds en dus 'n begerenswaardige doel bepaal, terwyl die wil hom daardeur aangetrokke voel en beweeg word na die doel. Nou oordeel die verstand dat die voorgestelde doel werd is om na te streef, terwyl die wil verlang om dit mettertyd te verwerf.

T.o.v. die middele gaan die verstand na met watter middele die doel bereik kan word, terwyl die wil die middele aanvaar of toestemming gee tot die gebruik daarvan. Verder gaan die verstand die middele na om die geskikste een te vind, terwyl die wil die geskikste middel kies.

T.o.v. die uitvoering besluit die verstand dat die middel wat gekies is, gebruik moet word (bevel), terwyl die wil die uitvoering aan die gang sit. Die verstand gee ook voorligting by die uitvoering sodat die doel des te sekerder bereik kan word, terwyl die wil, met die Ek as die hoogste gesag, hom verheug oor wat verwerf is, nl. die bereikte doel.

6. Die Ek.

Op die moment van die doelstelling maar na oorweging, weeg sekere sake of faktore so swaar dat hulle die wilsbesluit in 'n bepaalde rigting stuur en neem die Ek 'n bewuste besluit tot handeling ter verwesenliking van die doel. Hier is nou nie meer die geval van oorleg nie,

---

1) Rombouts: Fr. S. ~~Rombouts~~ (1945) t.a.p. 145.

want die Ek het 'n posisie ingeneem. 'n Besluit is geneem en wag nou net op uitvoering. Die Ek beheer dus die wil, want hy moet toestemming gee voordat die besluit uitgevoer kan word. Daar is dus groter verantwoordelikheid in die wilshandeling, aangesien daar eers vooraf oorweging plaasgevind het en die Ek die daad ondersteun het. Die motiewe, sowel as die teenmotiewe, het in werking getree, en omdat die motiewe die sterkste was, het die Ek tot die daad besluit.

BAVINCK meen dat die Ek self nie iets naas en buite die instinkte, begeertes, gevoelens, denkinge, ens. is nie, maar die wonderlike sentrale faktor is wat alle funksies en kragte organiseer en reël.

Nadat 'n wilsbesluit as gevolg van die keuse geneem is, moet daar 'n wilshandeling plaasvind en die krag of energie om die besluit in dade om te sit kom van die deurvoering van die Ek.

E. WILSVRYHEID.

T.o.v. die vryheid van die wil onderskei Rombouts [1] die volgende drie rigtinge, nl. determinisme, indeterminisme en indifferentisme.

Determinisme beskou die mens as 'n masjien. Alles wat hy sogenaamd vrywillig doen, doen hy, omdat hy nie anders kan nie, want die sterkste motief behou die oorhand en hy moet daarvolgens handel. Daar is geen oomblik dat die mens vry is nie, want die omstandighede, die maatskappy, erflikheid, opvoeding, omgewing, ens. maak die mens en bepaal alles van sy wieg af tot sy graf. Die meeste aanhangers van hierdie standpunt word onder ongelowiges aangetref.[1]

Die indeterminisme verklaar die wil absoluut vry. Die mens kan elke oomblik van sy lewe doen wat hy wil en hy word deur niks of niemand bepaal nie. Hy bepaal alles self, en daarom is hy ook vir elke wilsdaad verantwoordelik.

---

1) Fr. S. Rombouts: (1945) t.a.p. 159-160.

Volgens die indifferentisme is die wil nie onafhanklik van die motiewe nie, maar kan desondanks 'n vrye keuse doen.

T.o.v. die drie rigtinge sê BEYSENS 1) „Volgens het determinisme bestaat er gemotiveerde kiesdwang, volgens het indeterminisme ongemotiveerde zelfkeuse, volgens het indifferentisme gemotiveerde zelfkeuse."

By die gedagte aan die vryheid van die wil bestaan volgens BAVINCK 2) die gevaar dat die wil verpersoonlik word naas en onafhanklik van die sielelewe. Die wil is egter 'n funksie van die siel, 'n bepaalde verskyningswyse van die persoonlikheid en hang as psigiese verskynsel nou saam met die waarneming, geheue, verstand, en elke ander sielsgebeure. STOKER (1938/39) 3) beweer dat die wil die instrument is ter verwesenliking van die vryheid van die mens. Die vraag of die wil vry is, word dus bepaal deur die vraag of die siel vry is in sy wilslewe, en of hy eenduidig bepaald is deur omstandighede van buite of kragte van binne. Die wil is dus nie vry in die sin van willekeur nie. BAVINCK 4) sê dat hierdie vryheid (in die sin van willekeur) alleen by dinge gevind word wat vir die persoonlikheid so goed as neutraal is, of ook op die terrein van die lewensgebeure waar die siel self nog buite staan en geen rigting vertoon nie. Sodra die wortels van ons bestaan egter geraak word, en ons diepste dryfvere in beroering gebring word, is dit anders, want daar is geen vryheid meer in die sin van willekeur nie.

ROMBOUTS 5) gee die volgende definisie van wilsvryheid: „Wilsvrijheid is het meervoudig kunnen t.o.v. een door het verstand voorgehouden goed. M.a.w. wij kunnen zelf ons willen determineren,"

---

1) J.H. Bavinck: (1935) t.a.p. 236
2) H.C. Stoker: (1938/39) t.a.p. 6.
3) J.H. Bavinck: (1935) t.a.p. 237
4) Fr. S. Rombouts (1945) t.a.p. 159
5) H.G. Stoker: (1938/39) t.a.p. 5.

Ons is dus vry in ons wil, omdat die menslike persoon vry is. Wilsvryheid is dus kiesvryheid.[1)]
STOKER (1938/39)[2)] stel dit op dieselfde manier, nl. dat ons "uit die menslike vryheid behoort te verstaan wat eintlik die wil is. M.a.w. die wil veronderstel nie die vryheid nie, maar die vryheid die wil. Menslike vryheid maak sy wil moontlik, en nie sy wil menslike vryheid nie."

By 'n keuse of wilsbeslissing moet bepaal word watter moontlikheid om die een of ander weg te volg, gekies sal word. Hierdie keuse hang af van 'n verskeidenheid faktore en is nie iets selfgenoegsaams nie (STOKER) (1938/39)[3)]. ST. THOMAS [4)] onderskei tussen werkvryheid as die vryheid om tot 'n wilswerking oor te gaan of nie, en spesifikasie vryheid as die vryheid ~~van~~ om ~~die~~ iets te wil ~~om~~ of om dit te verwerp. N. ACH [5)] gaan van die standpunt uit dat die kwessie van die vryheid van die wil om op enige motief te reageer, aksiomaties is.

Ons vereenselwig ons met die standpunt van STOKER [6)] (1938/39) waar hy sê dat niks ter wêreld iemand sy individueelpersoonlike gewetens-, geloofs-, denkvryheid, ens., kan ontneem nie, want "aan die bestaan van individueel persoonlike vryheid twyfel ons gewoonlik nie." Dit is dus nie die wil wat vry is nie, maar die mens wat vry is en wat die wilskeuse rig in die lig van sy verantwoordelikheid teenoor God en die mens. STOKER [7)] (1938/39) sê: "Die mens is onlosmaaklik tegelyk individueel-alleen en sosiaal-saam-met-ander vry. Hy staan as individu onmiddellik, en as gemeenskapswese saam met en via sy groep(e), gelyklik voor God verantwoordelik."

---

1) Fr. S. Rombouts: (1945) t.a.p. 159
2) H.G. Stoker: (1938/39) t.a.p. 5
3) H.G. Stoker: (1938/39) t.a.p. 5
4) Fr. S. Rombouts: (1945) t.a.p. 159
5) N. Ach. Zur Neueren Willenslehre: Psych. Abstract No. 1703/1937
6) H.G. Stoker: (1938/39) t.a.p. 3
7) H.G. Stoker: (1938/39) t.a.p. 4.

Omdat die wil die laere prosesse domineer, moet die individu verantwoordelik vir sy dade gehou word. Swaksinnigheid en psigopatiese prosesse verhinder die individu om oor die nodige kennis te beskik, oorweging te laat plaasvind en hierdie persone is daarom nie verantwoordelik vir hulle dade nie. BAVINCK sê dat die mens net gestraf kan word in soverre as wat sy dade 'n uitvloeisel van sy natuur is. Die daad word nie gestraf nie, maar die mens, en hy verdien dit alleen wanneer die sondige daad deur sy wese bepaal is, d.w.s. hy na nugtere oorweging daaroor 'n wilsbesluit geneem het. Hy word dus gestraf, nie omdat hy vry (in die sin van willekeur) was nie, maar juis, omdat hy nie vry was nie, daar sy handelinge deur sy sondige natuur bepaal is. Hy verdien die straf nog meer wanneer daar 'n sorgvuldige uitwissing van alle teenmotiewe teen die daad was. Dus hoe meer die persoon hom met die daad vereenselwig het, hoe groter is sy skuld.

## F. DIE ONTWIKKELING VAN DIE WIL BY DIE KIND.

Sommige skrywers meen dat in die spontane bewegings van die suigeling reeds uitings van die wil is. Ons opvatting is egter dat die wil 'n meer gekompliseerde funksie is waarby 'n sekere graad van bewustheid, sowel as 'n keuse tussen ja en nee noodsaaklik is, en daarom meen ons dat die kind geen egte wilsbelewinge kan hê, voordat hy in een of ander vorm 'n doelstelling kan hê wat hy wil bereik en daarby sterk gevoelens van lus en vreugde ondervind nie. N. ACH [1] toon aan dat sy seuntjie van 14 maande 'n boomstam, ongeveer borshoogte, voor hom in die pad gesien en daaroor probeer klouter het, Toe dit hom geluk het, het hy in vreugde uitgejubel. ACH sê dat die kind in een of ander vorm hier 'n doelstelling gehad het en dit verwesenlik het, sodat ons kan sê dat hy 'n egte wilsbelewing ondervind het. A. KUYPERS [2] meen dat iets dergeliks reeds by 'n kind van 9 maande oud gevind kan word, en die wilshandeling reeds op daardie ouderdom aanwesig is.

---

1) N. Ach (1935) t.a.p. 31
2) A. Kuypers: De Ziel van het Kind pag. 89.

Algemeen word aangeneem dat die kind nie voor aan die einde van die tweede lewensjaar tot die wilshandeling in engere sin instaat is nie. Pas na hierdie ouderdom merk ons iets wat duidelik wys op 'n oorweging, 'n keuse en 'n besluit 1). Effens later kom dit voor of daar aan die uitvoering van 'n daad 'n werklike stryd tussen die motiewe voorafgaan. Op 2jr. 9mnd. verskyn gevalle van selfbeheersing en op 3 jr. 5 mnde. 'n willende houding.2)

CHARLOTTE BUHLER 3) het die volgende partoon van ontwikkeling van die wil van die kind genoem:

(i) Die suigeling wat drifmatig begeer.

(ii) 'n Periode van suiwer wilsfunksie (nog sonder doelstelling) omstreeks aan die einde van die tweede lewensjaar. Die periode is baie kort, en is of dit van die vorige losgemaak en geisoleer word. Dit bestaan in homself, is nog onseker en doelloos. „Het is een willen in de leegte." 4)

(iii) Derdens vind ons die wil verbonde aan 'n doel, maar reaktief gesteld. In die fase is allerlei dinge wat vir die kind as doel kan geld, nl. wat verbode is, sal hy begeer en wat gebied word, sal hy weier. Verder begeer hy ook wat ouers en andere begeer. Wat volwassenes doen, wil hy ook doen. Hy is eiewys en as hy 'n mislukking maak van iets wat hy wil doen, is dit vir hom 'n passende natuurlike straf.

Nog voordat die kind die skool besoek, is reeds 'n belangrike deel van sy wilsontwikkeling voltooi deur middel van suggestie, die voorbeeld van ouer broers en susters, deur oorreding en gesag, m.a.w. die wil is al meer en meer versterk teenoor die drifmatige begeertes. As voorbeeld kan ons noem dat die kind nie meer die konfyt van sy brood wil aflek nie, want „alleen klein kindertjies" doen dit. Ook wil hy nie meer suiker uit die suikerpot steel nie, want dit is nie reg nie en mag nie gebeur nie.

---

1) A. Kuypers de Ziel van het Kind. pag. 89
2) A. Kuypers: t.a.p. 89
3) A. Kuypers: t.a.p. 91
4) A. Kuypers: t.a.p. 92.

Hy kan al selfs vir ouer broertjies iets bewaar vir 'n taamlike tydjie, al begeer hy om dit self te geniet. Die wil word al vaster gestel teenoor die drifbegeertes, al beteken dit dikwels dat hy moet afstand doen van lus, of dat hy 'n offer moet bring. Hier help die natuurlike ontwikkeling mee om tussen die opvoeder en die kind gaandeweg 'n beter verstandhouding teweeg te bring. Teen onbewuste drifbegeertes help alleen dade en die aanleer van handelinge. Dit is 'n saak van tug. By die wil egter kan 'n beroep gedoen word op die bewussyn. Die taak van die opvoeder is dan om, sodra die wil ontluik, te sorg dat die wil rigting en doel kry. As die kind self al 'n doel opgestel of 'n plan gemaak het, sal die dwarsboom daarvan koppige uitbarstings veroorsaak.

By verdere ryping, ervaring en beïnvloeding deur die ouers, sal die wil, wanneer die kind skool toe gaan, in so 'n mate ontwikkel wees dat dit op bepaalde, selfgekose waardes gerig word en 'n lang tyd daarin volhard. Dikwels word in die voorskoolse tydperk die versoek aan die ouers gestel om hom te leer lees of skryf. Veral kom hierdie versoek by die tweede of derde kind van die familie en miskien is 'n bietjie naywer daarin om ook te kan doen wat die ouer boetie of sussie kan presteer. Tog is hierin die doel gestel en word moeilikhede en probleme moedig trotseer. Dit is dus 'n wilshandeling.

Met die puberteit kry ons gevalle waar die kind volslae willoosheid openbaar. Dit wil voorkom of die ritme wat in die vroegste lewe van die kind voorkom, hom in die puberteitsjare herhaal, nl. 'n kragtige driflewe, 'n suiwere wil, koppigheid of eiewysheid, gevolg deur bewuste afstuur van die wil op waardes van eie keuse.

In hierdie puberteitsperiode het die kind 'n innige meelewing van die kant van die opvoeder nodig. Botsings met die opvoeder vind plaas, omdat 1.g. 'n oordrewe besorgheid oor die toekoms van die kind openbaar en druk en straf uitoefen waar opgehef en geprys behoort te word.

Dikwels kan 'n mens nie besef en begryp watter kragsinspanning dit van die kind verg om sy opbruisende driflewe onder dwang te hou nie. Die opvoeder moet dit eers leer insien en saam deurlewe en daarna streng wees. Hierdeur word voorkom dat die opvoeder dit vernietig wat so pas maar begin groei, nl. 'n nuwe, kragtige en persoonlike wil.

# HOOFSTUK 111.

## EIE EKSPERIMENTELE ONDERSOEK:

### 1. Algemeen:

In die analise van die Wil (Hoofstuk 11) is daarop gewys dat die wilsakte twee hooffases het, nl. 'n wilsbesluit en 'n wilshandeling. Eersgenoemde is primêr en moet laasgenoemde noodwendig voorafgaan.

Die wilsbesluit is 'n akte van die persoonlikheid, d.w.s. die hele persoonlikheid met sy ken-, gevoels- en strewingslewe moet 'n keuse doen en 'n besluit neem. Faktore wat dus medebepalend is en wat 'n rol by die wilsbesluit speel, is o.a. die volgende:

Die kennis wat die persoon van die saak dra, sy intelligensie en redeneervermoë, sy oordeel, voorstellinge, assosiasies, ens., m.a.w. sy hele kenlewe.

Sy temperament, die stemming waarin hy op daardie oomblik verkeer, m.a.w. die totaal van sy gevoelslewe, in bepaalde omgewingsomstandighede.

Sy drifte, gedrag, neigings, begeertes, kortliks sy hele strewingslewe.

Die oogmerk van hierdie ondersoek is om eksperimenteel aan te toon hoe hierdie faktore die wilsbesluit beïnvloed. Dit is natuurlik nie moontlik om al hierdie faktore deeglik aan die eksperiment te onderwerp nie, daarom dat meer op die gevoelsaspek toegespits is, hoewel ander faktore ook navore sal kom. Ons wil ons hoofsaaklik aansluit by die werk wat deur die Würzburgse skool op hierdie terrein gedoen is, hoewel ons metode en verklaringe daar anders sal uitsien.

### 2. Doelstelling van die Ondersoek:

Die doelstelling is om vas te stel watter faktore die wilskeuse beïnvloed, waarop die wilsbesluit dan volg. Die eintlike doel is om spesifieke stemmingsituasies te skep en dan na te gaan hoe hulle die wilskeuse en -besluit beinvloed en rig. Die situasies wat geskep word, is die volgende:-

(a) Normale situasie soos dit in die gewone normale lewe voorkom, sonder dat een of ander stemming doelbewus geskep word.

(b) 'n Gewyde stemmingsituasie, waar doelbewus gestreef is om 'n gewyde stemming in die laboratorium in te voer deur middel van gewyde musiek. Die Pp. moet hom dan so 'n gewyde situasie probeer voorstel, hom daarin leef vir die duur van die bepaalde gedeelte van die eksperiment.

(c) 'n Sentimentele verlangende stemmingsituasie, waar, soos in die gewyde stemmingsituasie, getrag word om die Pp. in die stemming te bring en hom daarin te hou vir die duur van die eksperiment.

(d) Ligte opgewekte stemmingsituasie, (waar alles lig toegaan) en almal in 'n opgewekte stemming verkeer, volgens die voorstelling van die plek waar die Pp. homself inleef. Hierdie stemming moet hy dan vir die duur van die eksperiment probeer behou.

(e) Uitbundigvrolike stemmingsituasie, waar die Pp. meeleef en saamdoen aan uitspattendvrolike handelinge en vir die duur van die eksperiment daarin verkeer.

3. Apparaat.

In die eerste plek is in hierdie ondersoek van 'n samegestelde en gekompliseerde apparaat gebruikgemaak. Later het dit nodig geblyk om die eksperiment buite die laboratorium uit te voer en toe is van 'n ewe doeltreffende dog eenvoudige apparaat gebruikgemaak. Geen verskil tussen die resultate van die twee wyses van ondersoek kon vasgestel word nie.

(a) Gekompliseerde Laboratoriumapparaat:

s.o.s.

Die apparaat is saamgestel soos in fig.l. aangedui, nl. Rangschburgse Mnemometer (A), skyywe met vier reekse prikkelwoorde, Jacquet se poligraaf (B) met kronometer en elektromagnetiese skrywer (C), drie reaksie sleutels (D) (E) (F), een 6 volt (G) en een 2 volt (H) battery, een sespool kontaksleutel (Pohl se kommutator (1), elektriese grammofoon met die volgende vier plate: Ave Maria No.D.A. 1488, Home Sweet Home No.D.A.1011, Serenade (Ständchen) No.B.8804 en Buffy Boy (Jazz) No.B.9394.

Fig. l. Apparaat.




Eers word die skyf met die nodige prikkelwoorde in die Rangschburgse mnemometer (A) geplaas, die rol glacé papier aan Jacquet se poligraaf (B) geplaas, gesamentlike skakelaar (l) word ontsluit, d.w.s. die stroombane (X) en (Y) word albei onderbreek.

Wanneer die samegestelde skakelaar (l) gesluit word, is stroombane (X) en (Y) gesluit. Hierdeur kom die elektromagneet van die mnemometer (A) in werking, sodat 'n reeks van drie prikkelwoorde in die venstertjie (O) verskyn. Die sluiting van stroombaan (Y) veroorsaak 'n uitwyking van die elektromagnetiese skrywer (c) van Jacquet se poligraaf (B).

Wanneer die Pp. op enigeen van die reaksiesleutels (D) (E) of (F) druk, onderbreek hy die stroombaan (Y) waardeur die uitwyking van (C) gestaak word. Deur die skrywe van die chronometer (J) op die glace papier kan presies afgelees word hoe lank na die verskyning van die prikkelwoorde in (O) die Pp. gereageer het. Na so 'n reaksie vasgestel is, word skakelaar (C) ontsluit, voordat die volgende prikkel gegee word.

(b) Vereenvoudigde Apparaat.

In 'n reeks eksperimente is die apparatuur so vereenvoudig dat ons die ondersoek buite die laboratorium gemaklik kon voortsit en is slegs van die volgende gebruikgemaak:-

Kaartjies van 2 x 10 sm. waarop die drie prikkelwoorde vir elke prikkel, getik is, 'n stopoorlosie wat in vyfde seks. meet, 'n elektriese grammofoon (radiogram) en dieselfde plate soos in die eerste eksperiment gebruik is. Ook enige voorwerp bv. 'n potlood waarmee die Pp. op die tafel kan tik as teken dat sy keuse gedoen is.

(c) Prikkels.

Die prikkelwoorde wat ons gebruik het, was die volgende, nl. wat betrekking het op die driflewe, op die gevoelslewe, handeling, godsdiens, politiek, land, huis, kuns, logiese denke, kennis, ens. Deurgaans is vir die woorde van kleinletters (tikskrif) gebruikgemaak, behalwe in geval van name van persone en dae van die week, waar hoofletters aan die begin van die woord gebruik is.

Om die duur van die eksperiment tot sowat 2 uur per Pp. te beperk is die prikkel-(woord)-situasies tot 13 ingekort. Om die veld van ondersoek egter wyd genoeg te dek is van twee min of meer gelykwaardige reekse prikkel-(woord)-situasies A en B met 13 elk gebruik van gemaak en sommige Ppe. reeks A en andere reeks B laat doen. Die volgorde en die prikkels vir die twee reekse is soos volg:

| Reeks A. | Reeks B. |
|---|---|
| Malan van Rensburg Smuts | Truman Attlee Stalin |
| protestant sekte katoliek | lekkers blomme boeke |
| vriend moeder bekende | nooi vriendin vrou |
| staal goud silwer | vlieg swem skiet |
| Sondag Donderdag Vrydag | Maandag Woensdag Saterdag |
| biologie wiskunde filosofie | geskiedenis engels sielkunde |
| klavier viool ghitaar | bioskoop konsert opera |
| ambisie liefde patriotisme | onderwyser dokter predikant |
| kunsgalery plaas fabriek | maanlig sonskyn dagbreek |
| 7 1000 880 | 13 100 1760 |
| voetbal tennis krieket | dans volkspele sport |
| Δ ○ □ | blou geel groen |
| geloof hoop liefde | Vondel Kant Calvyn. |

(d) Keuse in spesifikieke stemmingsituasies was soos volg: Uit die twee reekse A en B wat vir die normale keuse gebruik is, is elk 'n reeks van vyf prikkels (drie woorde elk) gekies van so 'n aard dat die invloed wat 'n stemmingsituasie op die keuse uitoefen, duidelik sal uitkom. Hierdie prikkels is gebruik in al vier die stemmingsituasies. Die volgende prikkelwoordgroepe is gebruik en Ppe. wat in die normale keuse reeks A gedoen het, het in hierdie geval weer reeks A gedoen.
So ook met reeks B.

| Reeks A. | Reeks B. |
|---|---|
| Staal goud silwer | vlieg swem skiet |
| Sondag Donderdag Vrydag | Maandag Woensdag Saterdag |
| biologie wiskunde filosofie | geskiedenis engels sielkunde |
| klavier viool ghitaar | bioskoop konsert opera |
| voetbal tennis krieket | dans volkspele sport. |

4. Metode:

Die Laboratorium-eksperiment is op die volgende wyse uitgevoer:

(a) Normale Situasie:

Die Pl. neem plaas aan die lang sy van die tafel in een van die eksperiment-kamers in die laboratorium. Voor hom, binne bereik van die linkerhand, staan Pohl se wip in die neutrale posisie geskakel.

Jacquet se poligraaf, volledig met chronometer en elektriese skrywertjie in gereedheid, is bekombaar met die regterhand, maar afgeskakel. Aan die linkerkantse koppenend van die tafel sit die Pp. met die Ranschburgse Mnemometer voor hom, sodat die venstertjie waarin nog geen prikkel verskyn nie op gerieflike hoogte voor sy oë is. Hy sit sy hande voor die drie reaksie-sleutels in gereedheid om daarop te druk as reaksie.

Die volgende is die opdrag aan die Ppe.: „Daar sal drie prikkelwoorde, -syfers of -figure langsmekaar aan u vertoon word. Lees aldrie, vorm vir uself 'n duidelike begrip van wat elkeen beteken en kies so gou moontlik enigeen van die drie prikkels. Hou u vingers in gereedheid op die drie reaksiesleutels en druk op die linkerkantse, middelste of regterkantse sleutels wat ooreenstem met die linkerkantse, middelste of regterkantse prikkelwoord, -syfer of -figuur sodra u die bepaalde prikkel gekies het. Nadat u gekies het, sal u gevra word om alles te vertel wat voor, gedurende en na die eksperiment in u bewussyn omgegaan het. Verder sal aan u gevra word waarom u die besondere woord, syfer of figuur gekies het. U moet so vinnig moontlik kies, maar u is vry om soveel tyd as nodig vir die keuse te gebruik. Die tyd wat die keuse neem, word outomaties en meganies geregistreer."

Nadat die Pl. sekergemaak het dat die Pp. die opdrag goed verstaan, word eers 'n voorafgaande prikkel gegee as oefening. Met die regterhand word die chronometer aangeskakel en dan die gereedteken aan die Pp. gegee. Ongeveer twee seks. later word die kontaksleutel gesluit, sodat die twee stroombane gelyktydig volledig gesluit is, die skrywertjie in werking kom en die prikkelwoorde in die venstertjie voor die Pp. verskyn.
Alles vind gelyktydig plaas. Sodra hy sy keuse gedoen het, druk hy op die ooreenstemmende reaksiesleutel, d.w.s. links, middel, of regs nagelang van die prikkel wat hy kies. Die twee stroombane word met die kontaksleutel onderbreek en die chronometer afgeskakel. Om die eerste prikkel toe te dien word bostaande herhaal.. By die skrywertjie op die glacepapier teken die Pl. die nommer van die prikkel en die Pp. aan en vra die Pp. watter

prikkel hy gekies het om te kontroleer of hy die ooreenstemmende sleutel gedruk het. Op 'n blanke vorm word nou die gekose prikkel aangeteken, asook die nommer en die naam van die Pp. en al sy reaksies. Die genoemde vorm bevat ook die volgende vrae met ruimte om die antwoorde van die Pp. daarop aan te teken. Die volgende vrae word aan die Pp. gestel:

1. Vertel alles wat in u omgegaan het voor, gedurende en na die eksperiment.
2. Is u seker dat u reg gekies het?
3. Hoekom het u hierdie een gekies?
4. Kon u nie maar net sowel een van die ander gekies het nie?
5. Hoekom het u nie die eerste een gekies nie? (Indien die eerste een wel gekies is, word die tweede een hier genoem).
6. Hoekom het u nie die ander een gekies nie?
7. Hoe het u gevoel, direk nadat u klaar gekies het? (Tevrede, aangenaam, opgewek, bevrees, onaangenaam, heimwee, neutraal, getwyfel of u reg gekies het, of dat daar 'n las van u af is, ens.
8. As u nou weer, na verdere oorweging moes kies, watter een sou u dan gekies het?
9. Hoekom sal u nou so kies? Watter faktore het bygekom om u keuse te verander of dit te versterk?

Hiermee is die eerste prikkel-situasie met die Pp. afgehandel en word oogegaan tot die volgende en daarmee aangehou tot al dertien prikkelsituasies toegedien is. Die hieropvolgende eksperiment word elk op verskillende dae gedoen.

(b) <u>Gewyde stemmingsituasie:</u>

In hierdie deel van die eksperiment neem die Pl. en Pp. op dieselfde plek as in die vorige plaas. Die apparaat bly in dieselfde posisie, behalwe dat 'n elektriese grammofoon bygevoeg word op 'n aparte tafel regs van die Pl., maar tog binne sy bereik. By die aanvang van die eksperiment, d.w.s. tydens die verduideliking reeds, word die plaat „Ave Maria" gespeel. Sodra die plaat afgespeel is, word dit weer van vooraf gespeel. Die Pl. probeer maar aldeur praat, en sodra hy meen dat die pp. in die betrokke stemming verkeer, word die eksperiment

voortgesit. Die volgende is die opdrag wat aan die Pp. gegee word:

„Ons speel nou vir u die grammofoonplaat „Ave Maria" en u moet probeer om u in 'n gewyde atmosfeer in te leef. Stel u voor u is in 'n plek van aanbidding of elders waar 'n kalme rustige atmosfeer heers en u die buitewêreld vergeet. Die plaat sal gespeel word solank as wat die eksperiment duur, en u moet probeer om die hele tyd in daardie stemming in te leef. Soos in die vorige eksperiment gaan ons weer vir u 'n aantal prikkels gee waartussen u moet kies en daarna weer retrospeksie doen. Miskien sal van die prikkelwoorde wat aan u vertoon word, vir u bekend wees, maar doen weer 'n keuse tussen die drie prikkelwoorde en reageer met die ooreenstemmende reaksiesleutel. U moet weer so gou as moontlik kies."

Nadat die Pp. sy keuse gedoen het, word die volgende vrae aan hom gestel en al sy reaksies genoteer, terwyl die musiek nog steeds speel en getrag word om hom in dieselfde stemming te hou:-

1. In watter stemming het u verkeer gedurende die eksperiment?
2. Verfel alles wat in u omgegaan het voor, gedurende en na die eksperiment.
3. Hoekom het u hierdie prikkel gekies? Wat was die redes of motiewe?
4. Kon u nie maar net sowel een van die ander gekies het nie?
5. Hoekom het u nie (a) (die ander twee word genoem as (a) gekies is) gekies nie?
6. Hoekom het u nie (b) gekies nie (soos vorige)?
7. Hoe het u gevoel, direk nadat u klaar gekies het?
8. As u nou weer moes kies watter een sou u dan gekies het?
9. Hoekom?

Terwyl die musiek nou nog ononderbroke voortgaan en getrag word om die Pp. in dieselfde stemming te hou word oorgegaan tot die volgende prikkel en almal verder op dieselfde wyse behandel.

(c) <u>Sentimenteel-verlangende stemmingsituasie:</u>

Op ' n volgende dag word op dieselfde wyse die derde eksperiment herhaal, terwyl die plaat „Home Sweet Home" gespeel word. Die volgende opdrag word dan aan die Pp. gegee, terwyl die eksperiment op dieselfde wyse as die vorige een verloop:

„Ons gaan vir u die plaat „Home Sweet Home" speel. U moet uself solank as wat die eksperiment duur, inleef in die situasie waar u verwyderd is, ver weg van huis en al die dinge waarvoor u lief is, met die verlange in u hart om daar te wees. Doen weer die keuse soos in die vorige eksperimente so gou as moontlik."

(d) <u>Ligte opgewekte stemmingsituasie:</u>

Die volgende dag word op dieselfde wyse as die vorige eksperimente, die vierde eksperiment herhaal, maar die stemming gewysig. Ons opdrag aan die Pp. is dan die volgende:

„Ons gaan vir u die plaat „Serenade" (Ständchen) speel. U moet uself inleef in 'n ligte opgewekte stemming waar alles liggies en vrolik toegaan, sonder enige kommer en sorge van die wêreld. Probeer weer in hierdie stemming bly solank as wat die eksperiment aan die gang is en kies so gou moontlik net soos in die vorige gevalle.

(e) <u>Uitbundig-vrolike stemmingsituasie:</u>

Soos die vorige eksperimente word hierdie vyfde gedoen en die stemming gewysig tot een van uitbundige vrolikheid. Die volgende opdrag word aan die Pp. gegee:

„Ons gaan vir u die plaat „Buffy Boy" (tipiese jazz) speel. U moet u voorstel dat u by 'n geleentheid van 'n dans of enige joligheid is as toeskouer of as deelnemer tussen die vrolike mense. Probeer, soos in die vorige eksperimente, in die stemming bly en kies weer een van die prikkelwoorde so gou as moontlik."

In al bogenoemde eksperimente word retrospeksie volgens die gegewe vraelys toegepas en alle reaksies genoteer.

(f) <u>Eksperimente met vereenvoudigde apparaat:</u>

In die uitvoering van die eksperimente met die vereenvoudigde apparaat het ons op die volgende wyse te werk gegaan:

Die Pp. en Pl. sit aan die teenoorgestelde kante van 'n tafel. Die opdrag van die Pp. is dieselfde as in die geval van die laboratoriumeksperimente, behalwe dat 'n potlood vir die Pp. in die hand gestel word met die opdrag dat, sodra hy gekies het, hy eenvoudig net met die potlood op die tafel voor die gekose prikkelwoord moet tik, as teken dat hy sy keuse gedoen het. Die Pl. hou dan die prikkelkaarte sowel as die stopoorlosie in gereedheid, plaas (na die gereedteken) die prikkelkaart voor die Pp. en druk met die ander hand die meganisme om die stopoorlosie in werking te stel. Wanneer die Pp. die keuse gedoen het, tik hy met die potlood op die tafel regvoor die gekose prikkelwoord en die Pl. stel dadelik die stopoorlosie buite werking. Die Pl. sien aan die posisie van die potlood watter woord gekies is (maar kontroleer darem deur die Pp. weer daarna te vra), teken dit en die tyd (volgens die stopoorlosie) wat die keuse geduur, het aan. Hierna volg die gewone retrospeksie, die vrae, notering ens.

In die geval van spesifieke situasies waar musiek gespeel word, word die grammofoon op 'n gerieflike plek binne die bereik van die Pl. geplaas sodat hy dit maklik kan hanteer, en word die eksperiment soos die bostaande een uitgevoer.

5. <u>Die Proefpersoon:</u>

Alleenlik persone met 'n akademiese opleiding is vir die ekpseriment gebruik. Hieronder was ses studente in M.A.-Sielkunde, asook derdejaarstudente in B.A.-Sielkunde, Hierdie persone het dus 'n algemene sielkundige agtergrond en ook kennis van die metode van retrospeksie. Verder is ook van ander akademies- en professioneelopgeleide persone gebruikgemaak, nl. hoofde van skole, onderwysers en onderwyseresse, 13 in getal. Aan hierdie persone is meegedeel dat ons hulle gekies het as Ppe., omdat ons meen dat hulle persone is wat juiste en betroubare mededelings sou kon maak.

Omdat dit so 'n besondere lang tyd neem om die volledige eksperiment met 'n enkele proefpersoon deur te gaan, was dit besonder moeilik om persone te vind wat gewillig was om soveel van hulle tyd tot ons beskikking te stel. Omdat die aard van ons stof meer 'n kwalitatiewe as kwantitatiewe resultaat lewer, is dit ook in werklikheid nie nodig om 'n baie groot aantal Ppe. die werk te laat doen nie. Ons het volstaan met dertien proefpersone van wie agt die volledige reeks eksperimente gedoen het, en die ander vyf slegs gedeeltelik.

Tabel 1 toon aan welk eksperiment deur die afsonderlike Ppe. gedoen is.

T A B E L I.

Aantal Ppe. met situasies waarin die eksperimente uitgevoer is.

| Pp. | Reeks | Normale situasie | Gewyde situasie | Ligte Opgewekte situasie | Sentim verlang. situasie | Uitbum vrolik sit. | Tot. sit. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C | B | x | x | x | x | x | 5 |
| D | A | - | x | x | x | x | 4 |
| E | A | x | x | x | x | x | 5 |
| F | A | x | x | x | x | x | 5 |
| G | B | x | x | x | x | x | 5 |
| H | A | x | x | x | x | x | 5 |
| I | B | x | x | x | x | x | 5 |
| K | B | x | x | x | x | x | 5 |
| L | A | x | x | x | x | x | 5 |
| M | B | x | - | - | - | - | 1 |
| N | B | x | - | - | - | - | 1 |
| O | A | x | - | - | - | - | 1 |
| P | B | x | - | - | - | - | 1 |
| | | | | | | TOTAAL | 48 |

Die eerste vertikale kolom dui die Ppe. aan; die tweede die reeks prikkelsituasies vir elk van die Ppe. gebruik; die volgende vyf kolemme met kruisies dui aan in watter stemmingsituasies die eksperiment met elk van die Ppe. uitgevoer is.

Die alfabetiese letters aan die Ppe. toegeken beginnende by C is in volgorde waarin hulle die eksperimente kom doen het. Die letter J. is oorgeslaan om verwarring met I te voorkom. Die reekse deur die verskillende proefpersone gedoen, is volgens die konstante metode bepaal. Pp.D. is gebruik om die prikkelkaarte saam te stel en met hom is in die normale situasie 'n groot aantal prikkelwoorde deurgewerk in die vooreksperiment waar ons die prikkelwoorde moes keur. Hy is dus slegs verder in die stemmingsituasies gebruik. Ppe. M, N, O en P kon slegs gebruik word vir die normale-situasie, aangesien hulle nie verdere tyd tot ons beskikking kon stel vir eksperimentele werk nie.

Van die dertien Ppe. wat gebruik is, was slegs vier dames en die res mans. Omdat ons ons nie bepaal het by verskille of ooreenkoms tussen die sekse nie, was dit nie nodig om meer dames te vind nie.

6. Resultate:

(A) Algemeen:

Ons eintlike doel was om faktore na te speur wat die wilskeuse beïnvloed. Uit die aard van die saak het ons dus meer met kwalitatiewe gegewens te doen, wat nie in hoeveelhede en sistematiese formules kon uitgedruk word nie. Wat hier van belang is, is die feite en oorweginge van elke individuele proefpersoon, soos in die protokolle weergegee. Daarom beskou ons dit van essensiële belang om die protokolle in hierdie verhandeling beskikbaar te stel, soos in Bylae A (bls. i - Lxxi) weergegee is. Ons kan nie die protokolle in hierdie paragraaf net so weergee nie, omdat hulle te onoorsigtelik is. Ons volstaan hier slegs met enkele voorbeelde willekeurig geneem. Om die resultate meer oorsigtelik te maak, is dit in tabelle 2 tot 5 weergegee.
Die keuse deur die Ppe. gedoen, word in die protokolle aangetoon deur die gekose woord (in die prikkelkaart) te onderstreep. Daarna word in die gevalle waar die Pp. na die prikkelwoorde verwys, die betrokke woorde los van mekaar getik, bv. T r u m a n .

(B) Voorbeelde van Protokolle:

Pp. M. Normalesituasie:

N.1. Truman Attlee Stalin. tyd: 23 seks.

Retrospeksie: (a) Dit was 'n baie moeilike situasie deur die konbinasie van die drie persone. (b) Dit het vir my komies voorgekom, maar tog iets van 'n tragedie daarby. (c) Ek het A t t l e e dadelik uitgeskakel. (d) Ek het 'n bietjie aan S t a l i n gedink, maar vermoed dat 'n weersin teen hom in my onderbewussyn, T r u m a n laat kies het. (e) Teen A t t l e e was daar ook 'n weersin. (f) Nie een van die drie het 'n bewondering by my gewek nie, en ek het werklik teësinnig gekies.....daarom het ek solank geneem om te kies. (g) S t a l i n se optrede as man wek meer bewondering as T r u m a n maar sy beleid stoot my af. (h) My keuse was meer deur 'n uitskakeling van twee en kiesing van die derde wat dan oorbly. (i) Dit het vir my gevoel of ek nie 'n groot keuse gedoen het nie.

By noukeurige ondersoek van hierdie retrospeksie merk ons volgens (c) dat een van die prikkelwoorde dadelik uitgeskakel is - in ons tabelle aangedui deur die woord „eliminasie". Volgens (d) en (e) word 'n weersin teen twee van die prikkelwoorde gewek sodat die Pp. hulle nie kies nie - in ons tabelle aangedui deur „onlus by ander". Assosiasies met die optrede van die persoon aangedui in die prikkelwoord en die beleid van die persoon behels in die ander prikkel, kan vir of teen die prikkel tel, maar in albei gevalle word dit in die tabelle aangedui met „assosiasies".

Pp. K. Sentimentele stemmingsituasie.

vlieg swem skiet

Retrospeksie: (a) Ek sien die Tyd: 2.9. seks. aangename blou see, 'n sonnige dag en hoe ek so op en neer oor die blou golwe wieg. (b) Die see is die plek waarna ek nou verlang, graag daar sou wou wees - alleen. (c) S k i e t sou 'n lawaai meebring en dus vernietiging - 'n onaangename gevoel. (e) Ek sou liewers op die golwe wou wieg as om deur die lug te vlieg. (f) S w e m pas by die rustige atmosfeer - 'n wiegende ritmiese atmosfeer soos by die huis.

# Normale Situasies (Reeks A)

| | | N.1. | N.2. | N.3. | N.4. | N.5. | N.6. | N.7. | N.8. | N.9. | N.10. | N.11. | N.12. | N.13. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pp. | reaksies | Malan v.Rensburg Smuts | protestant sekte katoliek | vriend moeder bekende | staal goud silwer | Sondag Donderdag Vrydag | biologie wiskunde filosofie | klavier viool ghitaar | ambisie liefde patriotisme | kunsgalery plaas fabriek | 7 1000 880 | voetbal tennis krieket | △ ○ □ | geloof hoop liefde | gemiddelde tyd |
| E. | keuse | Malan | protestant | moeder | goud | Sondag | biologie | viool | ambisie | plaas | 880 | voetbal | △ | geloof | |
| | wyse van keuse | redenering | eliminasie redenering | eliminasie twyfel | redenering | eliminasie redenering | eliminasie | redenering | eliminasie redenering | eliminasie | redenering | redenering | eliminasie redenering | vooraf besluit | |
| | rede vir keuse | assosiasies patriotisme | onlusgevoel godsd.norm | geen | uitstaande assosiasie | assosiasie lus- en onlusgevoel | assosiasie onlusgevoel | assosiasie uitstaande | assosiasie onlusgevoel | assosiasie uitstaande onlusgevoel | assosiasie onlusgevoel | assosiasie kennis en onlusgev. | assosiasie | determinerende tendens | |
| | tyd | 5 seks. | 5 seks. | 4 seks. | 3 seks. | 5 seks. | 4.8 seks. | 4.5 seks. | 4.8 seks. | 7 seks. | 5 seks. | 4.5 seks. | 7.5 seks. | 5.5 seks. | 5.01 seks. |
| F. | keuse | Malan | protestant | vriend | staal | Sondag | filosofie | klavier | ambisie | kunsgalery | 7 | tennis | ○ | geloof | |
| | Wyse van keuse | redenering | redenering | redenering twyfel | redenering | redenering | redenering | redenering twyfel | redenering | redenering | redenering | intuïtief | redenering | redenering | |
| | rede vir keuse | assosiasies patriotisme | onlusgevoel by ander | assosiasies minsuitst. gekies. | assosiasie uitstaande | uitstaande | uitstaande | uitstaande | omvattend | estetiese gevoel | assosiasie kennis | lusgevoel deelname | omvattend | uitstaande omvattend | |
| | Tyd | 2.5 seks. | 3 seks. | 2.8 seks. | 2 seks. | 2.5 seks. | 1.8 seks. | 2 seks. | 2 seks. | 1.8 seks. | 2 seks. | 1.8 seks. | 2 seks. | 1.6 seks. | 2.1 seks. |
| H. | keuse | v.Rensburg | protestant | moeder | staal | Sondag | biologie | viool | liefde | plaas | 1000 | tennis | △ | geloof | |
| | wyse van keuse | eliminasie redenering | eliminasie | eliminasie redenering | redenering twyfel | redenering twyfel | redenering eliminasie | redenering | redenering twyfel | redenering | willekeurig | eliminasie | redenering eliminasie | redenering | |
| | rede vir keuse | det.tend. van keuse vroeër. | godsdiensnorm | assosiasie moederliefde | assosiasie | uitstaande | kennis en onkunde | assosiasie en estetiese waarde | hoër wrde. | nuttigheid | geen | assosiasie deelname | geringe waarde assosiasies | assosiasie godsdiensnorme | |
| | Tyd | 3.2 seks. | 2.8 seks. | 3 seks. | 5 seks. | 3.6 seks. | 3 seks. | 2.5 seks. | 8.5 seks. | 5 seks. | 4.4 seks. | 3.5 seks. | 8.8 seks. | 7.8 seks. | 4.7 seks. |
| L. | keuse | Malan | protestant | vriend | staal | Vrydag | wiskunde | viool | ambisie | plaas | 880 | voetbal | △ | liefde | |
| | Wyse van keuse | eliminasie | eliminasie | redenering twyfel | redenering | redenering | redenering | redenering | redenering | redenering | redenering | eliminasie | redenering | redenering | |
| | rede vir keuse | assosiasie onlus by ander | onlus by ander godsd.norm. | assosiasie | assosiasie uitstaande | onlusgevoel by ander | assosiasie lusgevoelens | estetiese waarde | onlusgevoel | uitstaande | assosiasie uitstaande | assosiasie uitstaande | assosiasie gevoel | godsdiens norme | |
| | Tyd | 3 seks. | 3.6 seks. | 3 seks. | 3 seks. | 2.8 seks. | 3.1 seks. | 2.4 seks. | 2.6 seks. | 2.9 seks. | 4 seks. | 3.4 seks. | 3 seks. | 2.1 seks. | 3.0 seks. |
| O. | Keuse | Malan | protestant | moeder | goud | Vrydag | wiskunde | klavier | liefde | plaas | 1000 | tennis | △ | liefde | |
| | Wyse van keuse | eliminasie | redenering | eliminasie | eliminasie | eliminasie twyfel | eliminasie redenering | redenering | eliminasie | eliminasie redenering | redenering | redenering | eliminasie | redenering | |
| | rede vir keuse | onlus by ander | godsdiensnorme | assosiasie uitstaande | assosiasie uitstaande | assosiasie lusgevoel | kennis en onkunde | neem self deel | uitstaande | assosiasie lusgevoel uitstaande | assosiasie uitstaande | assosiasie lusgevoel self deelneem | assosiasie lusgevoel | assosiasie godsdiensnorme | |
| | Tyd | 15.9 seks. | 9.8 seks. | 5.5 seks. | 6.5 seks. | 7 seks. | 6.5 seks. | 5.8 seks. | 7.5 seks. | 12 seks. | 12 seks. | 8 seks. | 7.1 seks. | 5.5 seks. | 8.6 seks. |
| | Gem.tyd | 5.7 seks | 4.8 seks. | 3.7 seks. | 3.9 seks. | 4.2 seks. | 3.8 seks. | 3.4 seks. | 5.1 seks. | 5.7 seks. | 5.5 seks. | 4.2 seks. | 5.7 seks. | 4.5 seks. | 4.7 seks. |

Tabel 2 (Reeks A)

**Opmerkings:**

In die vertikale kolomme word die reaksies van die Ppe. gegee op elkeen van die 13 prikkels. Daar word nl. aangetoon die keuse, wyse van keuse, rede vir die keuse en die keusetyd. In die horisontale kolomme word die reaksies van die enkele Ppe. gegee op elkeen van die 13 prikkels. In die laaste horisontale kolom word die gemiddelde keusetyd van al die Ppe. vir elke prikkel aangetoon. In die laaste vertikale kolom word die gemiddelde keusetyd van elke Pp. vir al die prikkels aangetoon. Hieruit blyk dat die keuse, wyse van keuse, rede vir die keuse sowel as die keusetyd by die Ppe. vir elke prikkel onderling verskil en by elke Pp. verskil dit ook t.o.v. die 13 prikkelsituasies.

## TABEL 4

## FAKTORE BETROKKE BY DIE NORMALE KEUSE VAN AL DIE PROEFPERSONE.

| No. | Faktore/Ppe | C | E | F | G | H | .I | .K | .L | .M | .N | .O | .P | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Assosiasie | 5 | 10 | 4 | 10 | 6 | 9 | 12 | 8 | 10 | 11 | 8 | 11 | 104 |
| 2. | Bygeloof | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| 3 | Deelname | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 | - | 5 |
| 4 | Determ.tends. | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | 3 |
| 5 | Eliminasie | 7 | 7 | 1 | 1 | 6 | 5 | 3 | 3 | 4 | 5 | 8 | 3 | 53 |
| 6 | Estet.waarde | 1 | - | 1 | 1 | 1 | 3 | - | 1 | 1 | 1 | - | 1 | 11 |
| 7 | Geen keus ged. | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 8 | Geen rede | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 9 | Gelyke waarde | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 |
| 10 | Godsd.norme | 1 | 1 | - | - | 2 | - | - | 2 | - | - | 2 | - | 8 |
| 11 | Hoërwaarde | - | - | - | - | 2 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 4 |
| 12 | Intuïtief(onwilk | 1 | - | 1 | - | - | 2 | - | - | - | 4 | - | - | 8 |
| 13 | Ken.&onkunde | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | - | 1 | 2 | 1 | 3 | 19 |
| 14 | Lus &onlusgev. | 3 | 7 | - | 2 | - | 2 | 4 | 3 | 4 | 2 | 3 | 2 | 32 |
| 15 | Mins uitst. | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 16 | Nuttigheidswrd. | 1 | - | - | - | 1 | - | 5 | - | 1 | - | - | - | 8 |
| 17 | Omvattend | - | - | 3 | - | - | - | ⊖ | - | - | - | - | 1 | 4 |
| 18 | Onlus by ander | - | - | 1 | - | - | - | 5 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 13 |
| 19 | Patriotisme | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 20 | Redenering | 6 | 9 | 12 | 12 | 10 | 9 | 13 | 10 | 9 | 6 | 7 | 11 | 113 |
| 21 | Simpatie | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | 2 |
| 22 | Twyfel | 3 | 1 | 2 | - | 3 | - | 1 | 1 | - | 1 | 1 | - | 13 |
| 23 | Uitstaande | - | 3 | 5 | - | - | 1 | 2 | 4 | 1 | 7 | 5 | 3 | 31 |
| 24 | Voorkeur | 1 | - | - | - | - | 2 | 1 | - | 1 | - | - | - | 5 |
| 25 | Vrees | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | - | - | - | ⊖ | - | 4 |
| | TOTAAL | 34 | 41 | 34 | 28 | 36 | 36 | 52 | 34 | 37 | 41 | 38 | 38 | 449 |

Opmerkings:

In die vertikale kolomme word aangetoon hoeveel elkeen van die faktore betrokke by die keuse by afsonderlike Ppe. voorgekom het in die normale keuse by die 13 prikkels wat toegedien is.

In die horisontale kolomme word aangetoon hoeveelkeer die faktore by elkeen van die 12 Ppe. opgemerk is, met die totaal uit 156 prikkels geneem. Hiervolgens speel die faktore soos eliminasie, redenering, twyfel, assosiasie, uitstaande prikkels, kennis en onkunde asook lus- en onlusgevoelens saam met onlusgevoel by ander prikkels, 'n belangrike rol.

(g) V l i e g is glad nie verbind met die tuiste nie. (h) S k i et hou 'n bedreiging vir die huis in, want as iemand doodgeskiet word, is die huislike kring opgebreek. (i) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

Ons vind assosiasies volgens (a) in die retrospeksie. Volgens (c) en (d) is een van die prikkels hier ook uitgeskakel, (f) dui aan dat die keuse val op die prikkelwoord wat pas by die stemming. 'n Mate van redenering kom tevoorskyn in (c), (e), (f), (g) en (h).
In ons tabelle word dan aangedui: „eliminasie, redenering, assosiasie, pas by stemming."

Ons volstaan met bostaande twee voorbeelde wat aandui op watter wyse uittreksels uit die protokolle gemaak is in die tabelle wat ons, terwille van die oorsigtelikheid daarvan, opgestel het, sodat ons beter afleidings uit ons resultate kon maak, om dan ons eie interpretasie aan die resultate te gee.

(C) <u>Afleidings uit die Resultate.</u>

1) <u>Normale Situasie.</u>

(i) <u>Wyse van keuse:</u>

Deurgaans het die Ppe. nie direk en spontaan 'n keuse gedoen nie, met uitsondering van 8 gevalle waar intuïtief gekies is en drie gevalle waar geen rede vir die keuse aangegee kon word nie, (Tabel 4). Daar moes eers 'n tyd verloop (die kortste tyd waarin 'n keuse gedoen is, is veel langer as die normale reaksietyd op ligprikkels - tabelle 2 en 3. Die rede hiervoor is dat die meeste prikkels 'n betreklike hoë waarde vir die Ppe. ingehou het en hulle dus eers oorweging aan die prikkels moes skenk, voordat 'n keuse gedoen kon word. In slegs een geval, (Tab. 3/Pp.M/N.10) was die prikkels vir die Pp. van so geringe waarde dat hy geen keuse daartussen kon doen nie en die prikkels verder ignoreer het, In ons eksperiment moes die Ppe. dus die prikkels teen mekaar opweeg om uiteindelik 'n keuse te doen. In 13 van die gevalle (Tabel 4/No.22) het daar twyfel in so 'n mate ontstaan dat die Ppe. eers nie kon kies nie. Nadat 'n keuse tog gedoen is, het daar weer onsekerheid ontstaan of die regte keuse gedoen is. Dit het selfs so sterk voorgekom dat die

Pp., toe hy gevra is watter keuse hy na die proef sou doen, gesê het dat hy 'n nuwe prikkelwoord sou kies. In 31 keuses (Tabel 4) was een van die prikkelwoorde vir die Pp. uitstaande en het hy dit gekies.

By 53 keuses van die Ppe. is gevind dat daar 'n eliminasie van prikkels plaasvind. Twee van die prikkels word uitgeskakel en dan word die derde een wat oorbly as die keuse geneem. In ander gevalle is slegs een van die prikkels uitgeskakel en het daar oorweging tussen die twee oorgeblewe prikkels plaasgevind.

In 113 van die keuses kon ons 'n mate van redenering vasstel. (Tabel 4) Hier doen faktore tengunste en teen die besondere prikkel wat as moontlike keuse kan geneem word, op, en hulle word dan opgeweeg die een teenoor die ander.

(ii) Redes vir die keuse:

'n Groot verskeidenheid van faktore is deur die Ppe. aangevoer as redes waarom die keuses op bepaalde prikkels geval het. Die volgende is duidelik uit Tabel 4. Waar die drie prikkels teenoormekaar gestel is en een nie uitstaande was nie, het die Ppe. daardie prikkels gekies wat:

(a) Die bekendste is, d.w.s. op grond van geheue en kennis wat die Ppe. t.o.v. die betrokke prikkel het. (Tabel 4/No.13)

(b) Waarvan hulle die meeste gehou het, d.w.s. op grond van die lusgevoelens daaraan verbonde (Tabel 4/No.14), of die onlusgevoelens verbonde aan die ander prikkles. (Tabel 4/No.18). Die gevoel van vrees (Tabel 4/No.25) en van simpatie (Tabel 4/No.21) het ook hulle rol gespeel.

(c) Ook word daardie prikkels gekies wat die beste by die lewensnorme en standaarde of waardes pas, bv. godsdiensnorme (Tabel 4/No.10), estetiese waarde (Tabel 4/No.6), nuttigheidswaarde (Tabel 4/No.16) en 'n algemene hoër waarde (Tabel 4/No.11)

(d) Die determinerende tendens is gevind waar die Pp. reeds vroeër in die eksperiment of in sy lewe 'n besluit geneem of 'n keuse gedoen het en nou weer

die besluit herhaal sonder om tydens die eksperiment tenvolle oorweging daaraan te skenk.

2) <u>Verskillende stemmingsituasies:</u>

(i) <u>Wyse van Keuse:</u>

Die wyse van keuse kom hier ook ooreen met die wyse van keuse in die normale situasie. Daar moes eers oorweging plaasvind wat bestaan uit redenering wat in 141 van die keuses vasgestel kon word (Tabel 6/No.15). Om die aantal faktore waartussen gekies word te verminder word soms, soos ook in die normale situasie bevind, een van die prikkels elimineer en dan tussen die orige twee prikkels gekies of selfs twee van die prikkels word elimineer en die een wat oorbly as die keuse geneem (Tabel 6/No.5). In 21 van die gevalle kon ons vasstel dat die keuse direk en spontaan was. (Tabel 6/No.4) Hier het nie eers noukeurige oorweging plaasgevind nie, maar die keuse was oombliklik. Aan die anderkant was daar 25 gevalle. (Tabel 6/No.17) waar die besondere prikkel uitstaande was en sonder enige twyfel as die keuse geneem is. In twee van die gevalle het dit in die retrospeksie uitgekom dat die Pp. gedwonge gekies het (Tabel.6/No.9). Hy het die prikkelwoorde as onredelik beskou, maar tog terwille van die eksperiment 'n keuse gedoen.

(ii) <u>Redes vir die keuse:</u>

In 90 van die keuses d.w.s. die helfte van die totale aantal keuses wat gedoen is, (Tabel 6/No. 14), het die Ppe. verklaar dat hulle die prikkelwoorde geneem het wat die beste pas by die stemming waarin hulle verkeer het. Tog het dit voorgekom dat die keuse teen die stemming gedoen is, omdat daar bv. groter waardes toegeken is aan godsdiensnorme en dit die keuse teen die stemming in bepaal het (Tabel 6/No.7). Die eksperimente in die verskillende stemmingsituasies bring dus uit watter faktore vir die Pp. van soveel krag is dat die stemmingsituasie nie die keuse in 'n ander rigting as deur die betrokke faktore bepaal is, kan stuur nie.

(iii) Individuele verskille:

Die individuele verskille van die Ppe. kom baie duidelik uit in die eksperimente wat uitgevoer is, in die verskillende stemmingsituasies. Vir Pp.C (Tabel 6/No.14) is bykomende faktore maar van geringe waarde en hy kies wat by die verskillende stemmingsituasies pas, al moet hy elke keer 'n ander keuse as tevore doen. In die onderhewige geval het die determinerende tendens geen rol gespeel nie en was die stemming deurslaggewend. Hier teenoor het Pp. G. (Tabel 6/No.14) slegs vierkeer gekies wat by die stemmingsituasie pas en ses keer het die determinerende tendens wat bestaan t.o.v. keuses vroeër gedoen, (Tabel 6/No.3), die deurslag gegee en is die keuse weer soos die vorige keer gedoen. Ons merk ook verder dat faktore wat van geringe krag is, onder die verskillende stemmingsituasies verdwyn, b.v. bygeloof, vrees, simpatie, ens. en ons vind hulle nie as bepalende faktore in die keuses nie.

Die rol wat assosiasies speel, wissel ook in ons eksperiment vanaf twee keuses waar die invloed van assosiasies kon vasgestel word tot 16 keuses. (Tabel 6/ No.1). Vorige ondervinding wat deur assosiasies op die voorgrond gebring is, wissel dus af in die krag wat hulle uitoefen op die wilskeuse van verskillende persone.

3) Tyd nodig vir die maak van 'n keuse (Keusetyd)

(a) Gemiddelde tyd: Die gegewens, asgevolg van die aantal Ppe., is nie voldoende om enigsins betroubare gemiddelde tye vir die maak van 'n keuse, vas te stel, nie. Vir die „normale situasie", (Reeks A.), is die gemiddelde tyd 4.7 seks. (Tabel 2, bl.56) en vir Reeks B. is dit 5.9 seks. (Tabel 3, bl. 57). Hierdie verskille kan waarskynlik aan die individuele Ppe. toegeskryf word, wat as groepe nie verteenwoordigend is nie.

(b) Indiwiduele tye: Dit is opmerklik dat daar groot indiwiduele verskille bestaan in die gemiddelde tye vir die neem van besluite. In Tabel 2 (bl.56) is die gemiddelde van 2.1 tot 8.6 seks. In Tabel 3 (bl.57) is dit van 2.9 tot 11.7 seks. In Tabel 5 (bl.63) is dit tussen 1.2 tot 11.0 seks. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word, dat sommige persone meer

## TABEL 6.

### FAKTORE BETROKKE BY DIE KEUSES ONDER VERSKILLENDE STEMMINGSITUASIES.

| No. | Faktore/Ppe. | C | D | E | F | G | H | I | K | L | 180 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Assosiasie | 2 | 16 | 8 | 3 | 6 | 2 | 8 | 12 | 6 | 63 |
| 2 | Doelname | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| 3 | Det. tendens | - | - | - | 8 | 6 | 2 | 4 | - | 1 | 21 |
| 4 | Dir. keuse | - | - | - | 8 | 12 | - | 1 | - | - | 21 |
| 5 | Eliminasie | 9 | 5 | 9 | - | 6 | 6 | 1 | 2 | 4 | 42 |
| 6 | Est. waarde | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 3 |
| 7 | Godsd.norme | - | - | 1 | 2 | - | 2 | - | - | 2 | 7 |
| 8 | Geen rede | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| 9 | Gedwonge | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 2 |
| 10 | Ken & onkund | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | 2 |
| 11 | Lus & onlgev. | 3 | 5 | - | 2 | 1 | 1 | 7 | 2 | 5 | 26 |
| 12 | Omvattend | - | - | - | 2 | - | - | - | 1 | - | 3 |
| 13 | Onl. by ander | - | 1 | 5 | - | - | - | 1 | 5 | - | 12 |
| 14 | Pas by stem. | 18 | 13 | 8 | 3 | 4 | 17 | 7 | 10 | 10 | 90 |
| 15 | Redenering | 19 | 18 | 18 | 11 | 6 | 17 | 15 | 20 | 17 | 141 |
| 16 | Twyfel | 2 | - | - | - | 1 | 7 | - | - | 4 | 14 |
| 17 | Uitstaande | 1 | 4 | 4 | 3 | 8 | 1 | 1 | 1 | 2 | 25 |
| 18 | Nuttigheids waard. | - | - | - | - | - | - | - | 5 | - | 5 |
| 19 | Voorkeur | - | - | - | - | 2 | - | 2 | - | - | 4 |
| 20 | Willekeurig | - | - | 2 | - | 1 | - | 2 | - | 2 | 7 |
| | TOTAAL | 54 | 62 | 55 | 43 | 55 | 55 | 54 | 59 | 53 | 490 |

Opmerkings:

Die Ppe. het altesaam 20 keuses gedoen in die vier verskillende stemmingsituasies dus 180 keuses vir 9 Ppe. Die vertikale kolomme dui aan hoeveelkeer elkeen van die verskillende faktore by die afsonderlike proefpersone opgemerk is.
Die horisontale kolomme dui aan hoeveelkeer 'n faktor by al die proefpersone opgemerk is uit 'n totaal van 180 keuses. Uit die totale blyk die belangrike rol wat faktore soos Redenering, eliminasie, assosiasie, lus- en onlusgevoelens maar veral die stemming, in die wilskeuse speel.

beslis is en gouer 'n keuse kan doen, terwyl anders meer wyfelaars is en moeilik 'n keuse doen. Of dit kan waarskynlik aan die toevallige maklike of moeilike stof vir die individuele Ppe. toegeskryf word. Die algemene strekking is dat die Ppe. wat'n lae gemiddelde keusetyd het, hierdie lae gemiddelde deurgaans handhaaf, en andersom. Dit skyn dus asof e.g. waarskynlikheid, nl. die tipe Ppe. met betrekking tot beslistheid van keuse, nader aan die waarheid kan wees.

(c) Stemmingsituasies:

Neem ons dieselfde groep Ppe. maar onder verskillende stemmingsituasies, soos in Tabel 5 bl.63, aangetoon word, vind ons verskillende gemiddeldes, nl. by reeks A. 5.4, 4.5, 5.3 en 6.3 seks., en by Reeks B. 5.9, 4.3, 4.7, en 3.3. Dat by Reeks A daar 'n styging in die tydsduur van die een situasie na die ander voorkom en by Reeks B. 'n daling, is vir ons nie verklaarbaar nie, behalwe dat dit aan die oorwegende reaksiewyse van enkele individuele Ppe.toegeskryf kan word. Of die stemmingsituasie daar iets mee te doen het, is moeilik aan te toon, veral, waar ons hier met teenstrydighede te doen het.

(d) Prikkelsituasies (bv. Normale-situasies)

Dat dit vir die Ppe. moeiliker val om tussen sekere prikkel-groepe te kies as andere, blyk duidelik uit die gemiddeldes van die verskillende prikkelsituasies. So vertoon Tabel 3 (bl.57) dat dit vir die Ppe. gemid. 9.8 seks. geneem het om te kies tussen T r u m a n - A t t l e e - S t a l i n, terwyl dit tussen 3 en 4 sek. geneem het om tussen ander groepe te kies, bv. 4 sek. vir b l o u - g e e l - g r o e n en 4.9. seks. vir g e s k i e d e n i s - e n g e l s - s i e l k u n d e. Hierdie verskille moet waarskynlik aan die waardebepalings van die prikkels toegeskryf word, sowel as aan die gelykheid onderling van die prikkels en prikkelgroepe. So bv. sal die staatsmanne as van baie meer waarde beskou word in hierdie politieke dekade as bv. so iets soos kleure of studievakke. En daarby kom dat dit baie moeilik gaan om 'n keuse tussen sekere staatsmanne te doen. Al sou bv. twee kleure of vakke ewe swaar weeg, dan maak dit nie vir die wêreldveiligheid enige saak welke keuse gedoen word nie.

Gevolglik word gou, en met minder verantwoordelikheid gekies as tussen bepaalde staatsmanne van wie die staats- of wêreldveiligheid afhanklik is.

(e) Prikkelsituasies (by stemmingsituasies):

Dat die stemming by die keuse 'n rol speel, blyk uit die gemiddelde keusetye van die prikkelsituasies in Tabel 5 (bl.63). Prikkels wat saamval met die bepaalde stemming, vergemaklik blykbaar die keuse sodat gouer gekies kan word. Om gedurende 'n gewyde stemmingsituasie tussen godsdienste, dae of emosies, wat daarmee saamhang, te kies neem vir Reeks A tussen 4 en 5 seks., terwyl sportsoorte, wat hiermee nie versoenbaar is nie, 8.0 seks. neem. Gedurende „ligte opgewekte stemmingsituasie" is die keusetyd feitlik net die omgekeerde. Sportsoorte, wat hiermee versoenbaar is, se keusetyd is 4.8 seks. en godsdienssoorte 6.3 seks. By Reeks B is die prikkelsituasies van so 'n aard, dat hulle nie goed aanpas by 'n gewyde stemming nie, behalwe bioskoop-konsert-opera, wat in 4.6 seks. keusetyd gedoen is. Maar die res het die keuse bemoeilik, terwyl hierdie prikkelsituasies beter by 'n uitbundige stemming aanpas. Hieraan kan die totale gemiddelde keusetyd van 5.9 seks. vir gewyde stemming, 3.5 seks. vir uitbundige stemming verklaar word.

(f) Samevattend i.v.m. Keusetyd.

Die keusetyd is 'n aanduiding van die moeilikhede (of maklikhede) waarmee die Ppe. te doen het om 'n besluit te neem. As algemene reël kan die volgende gestel word:

(i) Hoe langer die keusetyd, hoe moeiliker was dit om tussen twee of drie sake te kies, wat nagenoeg ewe swaar weeg.

(ii) Sake wat vir die Ppe. van lewensbelang is, bv. i.v.m. wêreldveiligheid, sal deeglike oorweging vereis en dit beteken 'n lang keusetyd.

(iii) Stemmingsituasies kan die besluite bemoeilik of vergemaklik waardeur die keusetyd ooreenkomstig verleng of verkort word.

(iv) Keusetyd is verskillend by verskillende Ppe., sommige skyn meer beslis in hul keuse te wees en andere onbeslis, waardeur die keusetye respektiewelik korter of langer sal wees.

(D) <u>Bespreking van Resultate.</u>

(a) <u>Algemeen.</u>

Uit die resultate lei ons af dat die wilskeuse by die verskillende proefpersone verskillend plaasvind. Wat meer is, die keuse t.o.v. dieselfde prikkels deur dieselfde proefpersoon, maar onder verskillende omstandighede soos ons verkry het deur die gekontroleerde stemmingsituasies van ons eksperimente, vertoon dikwels 'n baie groot verskil. Die feit dat die Ppe. nie altyd in dieselfde situasie en stemming verkeer nie, maak dat sy keuse ook nie altyd dieselfde sal wees nie. Met die oog hierop, het ons probeer soos in die metode aangetoon is, om op dieselfde dag die hele reeks prikkelwoorde vir die besondere situasie deur te gaan en nie onderbrekings wat veranderings in die stemming van die Pp. kan teweegbring, toe te laat nie.

Dis vanselfsprekend dat 'n hele konstellasie van faktore optree as motiewe en teenmotiewe, of dryfvere, wat die keuse in 'n bepaalde rigting bepaal. Waar ons nou faktore gaan noem wat as kragte optree om die wilskeuse, en daarmee die wilsbesluit in 'n bepaalde rigting te bepaal, moet ons al dadelik sê dat al die faktore nie by elke proefpersoon in elke keuse opgetree het of kon optree nie. Volgens die protokolle het dit wel by een of meer van die Ppe. by verskillende geleenthede of prikkels, opgetree.
Die reaksies van die Ppe. word deur die Pl. in die lig van e.g. se retrospeksie geïnterpreteer. Verskillende interpretasie-moontlikhede kan waarskynlik ook verskille meebring, hoewel dit die uitsondering mag wees. Waar skrywer as die enigste Pl. opgetree het, het hy alles probeer doen om die reaksies soos blyk uit die protokolle konstant en konsekwent te interpreteer.
Die standpunt waarvan ons hier uitgaan, is dat die menslike persoonlikheid as geheel optree om 'n wilskeuse te doen.

Laat ons as voorbeeld die wilskeuse as deel van die wilsakte nagaan volgens die retrospeksie van Pp.K. t.o.v. prikkel B.1 op bls.iL van Bylae A, nl. 'n keuse tussen v l i e g, s w e m en s k i e t, terwyl die Pp. verplaas word in 'n sentimenteelverlangende stemmingsituasie.

Die prikkels wek assosiasies en voorstellings, herinnerings, ens. wat van binne uit die persoon optree en hom in die stemmingsituasie laat inleef. Daar kan selfs fisiologiese veranderinge in polsslag, asemhaling, ens. plaasvind. Verder kan dit ook gepaard met lus- en onlusgevoel ens. gaan, soos blyk uit die uitdrukkings „aangename", „sonnige dag", „wieg", ens., waar die Pp. sê: „Ek sien die aangename blou see, 'n sonnige dag en hoe ek so op en neer wieg oor die blou golwe." Daar is ook 'n verlange na die see by die Pp. aanwesig en die wens om daar te wees. Verder kom die emosie van vrees te voorskyn waar die Pp. sê dat s k i e t 'n bedreiging vir die huis inhou, want as iemand doodgeskiet sou word, sou die huiskring opgebreek wees. Hy oordeel dat s w e m pas by die rustige atmosfeer van die stemmingsituasie.

In die bespreking van faktore betrokke in die wilskeuse, word eers die faktore gegee en dan na die Ppe. by wie dit aangetref is met hulle protokolle (in Bylae A) verwys. In die verwysings word eers die Pp. by wie die faktor voorkom, genoem, dan die bladsy in Bylae A, dan die situasie waaronder die prikkel toegedien is tesame met die nommer van die prikkel en die letter wat die betrokke deeltjie waarna in die protokolle verwys word, aandui.
C/ii/N.11.b. is dan Pp./bladsy in Bylae A/Situasie, Nommer van prikkel, letter wat sin aandui.

Ons het gebruikgemaak van die volgende letters om die situasie aan te dui:

N. Normale situasie.
A. Gewyde stemmingsituasie.
B. Sentimentele stemmingsituasie.
C. Ligte opgewekte stemmingsituasie.
D. Uitbundig-vrolike stemmingsituasie.

In die volgende bladsye word die verskillende faktore betrokke in die wilskeuse, volgens die bevindinge in die eksperiment, aangetoon.

(b) <u>Faktore by Keuse:</u>

(i) <u>Kennis en onkunde as faktore in die wilskeuse:</u>

By die wilskeuse speel kennis 'n baie belangrike rol. Dit is vir enige persoon moeilik, haas onmoontlik om 'n keuse te doen t.o.v. iets waarvan hy baie min weet of niks weet nie. As hy egter 'n goeie kennis of begrip van die saak het, word die kennis deur die denke gebruik by die oorweging wat plaasvind, voordat 'n keuse gedoen word. Daar is selfs aangename gevoelens aanwesig by die aanblik van 'n bekende voorwerp of begrip en dit beïnvloed die keuse alreeds in 'n bepaalde rigting. So word bv. Stalin gekies, omdat die Pp. die meeste van hom af weet in vergelyking met die ander twee prikkels (C/i/N.1.d.). Verder word 1760 as 'n bekende datum aanvaar en daarom ook gekies (C/ii/N.10.a.). Sy kennis van Geskiedenis het die Pp. laat dink aan oorloë waar Protestante en Katolieke in betrokke was. Oorweging in hierdie geval is dus grootliks op sy kennis baseer (E/xii/N.2.a & b.). Filosofie word elimineer, omdat die Pp. 'n geringe kennis daarvan het (E/xiii/N.6.b.). Die bekendste getal ( vir hierdie Pp.) nl. 7, word ook gekies (F/xxiv/D.4.b.). Ook word Truman gekies, omdat die Pp. die meeste van hom gehoor het. G/xxiv/N.1.a) Die faktor van kennis en onkunde is vasgestel in 19 keuses by die normale situasie (Tabel 4/13) en in 2 keuses in stemmingsituasies (Tabel 6/10).

Die positiewe invloed van vreemdheid (en daardeur iets geheimsinnigs) in die bepaling van 'n wilskeuse word juis daarin gevind dat die vreemde vir sommige Ppe. 'n bekoring inhou. So kies Pp.C. bv. o p e r a, omdat dit vreemd is (C/ii/N.7.a.), maar k o n s e r t word nie gekies nie, omdat dit alledaags is (C/ii/N.7.e).

Om dieselfde rede kies hy K a n t, omdat die Pp. niks van hom af weet nie (C/iii/N.13.b)

By die keuse kan daar ook twyfel ontstaan waar daar baie min is om te oorweeg. Dit kan wees as gevolg van 'n gebrek aan kennis of dat daar geen sterk psigiese momente verbonde is aan die prikkels waartussen gekies moet word nie soos by Pp.C. (C/i/N.1.a.). In sommige gevalle waar daar sterk twyfel heers en daar nie veel waarde aan afsonderlike prikkels verbonde is nie, word een van die prikkels uitgeskakel en tussen die ander twee prikkels oorweeg (C/i/N.2.b.), ook (I/ivL/N.3.e.). Verder skakel Pp. M. twee van die prikkels uit en neem die orige een as sy keuse (M/Lx/N.1.h).
In die normale keuse het die Ppe. in 53 prikkels op hierdie wyse gekies (Tabel 4/5), en in die stemmingsituasies in 42 gevalle (Tabel 6/5). Deur een prikkel te elimineer is die keuse vergemaklik en vereenvoudig, omdat daar minder moontlikhede was waartussen gekies moes word.

(ii) <u>Voorstelling:</u>

By 'n wilskeuse kan duidelikheid van voorstelling 'n rol speel. Hierdie duidelike voorstellingsinhoud laat dan een van die prikkelwoorde dadelik uitstaan, gee dit „Prägnänz und Eindringlichkeit", waardeur sy waarde in vergelyking met die ander prikkelwoorde verhoog word. Ons onderskei in hierdie geval veral visuele en akoestiese voorstelling:

Soms kan die Pp. 'n duidelike visuele voorstelling van 'n saak of begrip hê en dan daarvolgens kies, bv. die voorstelling van mense wat in 'n saal v o l k s p e l e doen, gee aanleiding tot die keuse van hierdie woord. (C/ii/N11.b.). Waar die Pp. die woord m o e d e r sien, ontstaan 'n voorstelling van sy moeder op die plaas (E/xii/N.3.b.). Hiermee gaan so 'n sterk gevoelsmoment gepaard (al is dit miskien onbewus) dat hy die prikkel kies en nie kan sê waarom hy juis so gekies het nie (E/vii/N.3.e.). By s i l w e r het die Pp. 'n visuele voorstelling van 'n trippens, wat maar geringe waarde het en dus dadelik uitgeskakel word (E/xii/N.4.d.). Aan die anderkant was daar 'n

sterk visuele voorstelling verbonde aan g o u d (opbou van Johannesburg) en dit het weer die keuse bepaal, (E/xii/N.4.b.). Die Pp. vorm 'n visuele voorstelling van sake of begrippe verbonde aan die prikkel, bv. van die tekeninge van die bloedsomloop by b i o l o g i e, (E/xiii/N.6.d.). Ook by die prikkel p l a a s het die Pp. hom tonele uit sy jeug voorgestel en dit het dan ook die keuse in die guns van die prikkel beslis, (E/xiii/N.9.c.), deur 'n verlange daarheen te voel. Ook is voorstellings van belang by Pp.E. (E/xvii/C.4.a.).
By g o u d was 'n visuele voorstelling van die Rand (F/xix/N.4.d.) wat die keuse nagatief beïnvloed het.

Akoestiese voorstelling kan ook 'n rol speel waar die Pp. hom voorstel dat hy iets hoor wat in 'n sekere situasie pas, bv. by die uitbundig-vrolike stemmingsituasie het Pp.C. 'n akoestiese voorstelling van rewolwerskote soos gewoonlik gehoor word in 'n sekere filmvertoning (C/vii/D.1.f.).

(iii) Assosiasies:

Assosiasies beïnvloed ook die wilskeuse, bv. assosiasies met 'n vriendin wat lief is vir swem, (C/i/N.4.d.). Sterk gevoelsmomente of ander faktore is gewoonlik aan die assosiasie verbonde.
So kies Pp.C. b i o s k o o p waar die assosiasies sterk was met 'n sekere bioskoop waar dieselfde lied wat in die stemmingsituasie van die proef gebruik word, gespeel is, (C/v/B.4.c.). Die woord „g e s k i e - d e n i s" word geassosieer met die geskiedenis van die tipe musiek wat by die uitbundig-vrolike stemmingsituasie pas en die keuse daardeur bepaal, (C/vii/D.3.c.).
So sê Pp.E. dat daar vir hom iets weemoedigs in die musiek was en hy het dit met die prikkel S o n d a g geassosieer, (E/xviii/d.2.e.). Assosiasies kom verder voor by (E/xviii/D.4.a.). Die gedagte aan 'n spesifieke V r y d a g is deur die prikkel by Pp.E. gewek en hy het dit geassosieer met die voorbereidings vir die partytjie, (E/xvii/C.2.c.) en (/xvii/C.4.d.).
Pp.E. assosieer die prikkel v i o o l met die pragtige vioolspel van 'n sekere persoon (E/xiii/N.7.a.).

'n Onaangename assosiasie is verbonde aan 'n sekere dame wat in haar klavierspel die note so hard kon slaan en met haar voete op die vloer stamp (E/xiii/N.7.b.) en ook (E/xviii/D.2.a.). Hierdie onaangename assosiasie beïnvloed die keuse negatief.

By Pp.E. word daar oor die algemeen baie assosiasies gewek en word sy keuse gevolglik baie sterk daardeur beïnvloed. Verdere assosiasies vind ons ook nog (E/xv/A.2.a,b,c.). Pp.F. het s t a a l geassosieer met sterkte (F/xix/N.4.a.), en het g h i t a a r geassosieer met 'n goedkoop musiekinstrument, (F/xx/N.7.c.).

Watter belangrike rol assosiasies speel in die wilskeuse blyk uit die feit dat ons in 104 gevalle assosiasies kon vasstel in die bepaling van die wilskeuse (Tabel 6/1). Dit is te verstaan dat die assosiasies 'n groot rol moet speel, want deur middel van assosiasies leer die mens, onthou hy en maak hy gebruik van die kennis en ervaring wat hy reeds vroeër opgedoen het. Assosiasies kan dus beskou word as een van die belangrikste kenfaktore in die wilskeuse.

(iv) <u>Oorweging:</u>

By 'n wilsbesluit vind daar oorweging plaas. Die oorweging geskied deur middel van denke en oordeel van die Pp. Waar Pp.C. in die uitbundig-vrolike stemmingsituasie geplaas word en hy tussen M a a n d a g W o e n s d a g, S a t e r d a g moet kies, oordeel hy deur middel van sy denke watter van die sake, weë of begrippe die swaarste weeg. Die denke maak gebruik van sy kennis, ervaring, voorstellings, assosiasies, ens. en word deur motiewe en teenmotiewe beïnvloed. Die Pp. oorweeg bv. op watter dag so 'n wilde funksie soos hy in sy voorstelling by die stemmingsituasie sien, moontlik sal plaasvind, en besluit dat op W o e n s d a g eerder as op S a t e r d a g soiets sal plaasvind, (C/vii/D.2.b.)

Soms kan die sake, weë of begrippe waartussen gekies moet word, almal van so 'n geringe wesenlike be-

lang wees dat die denke nie kan besluit watter-een van die drie die swaarste weeg nie. Dan is oorweging feitlik oorbodig en word na willekeur gekies, bv. waar die keuse sonder oorweging en motivering geskied en Pp.C. S i e l k u n d e kies sonder om te weet hoekom en sê dat hy eintlik E n g e l s wou gekies het, (C/ii/N.6.c.).

(v) Emosies:

Emosies is ook 'n bepalende faktor by wilskeuse. Hier onderskei ons aangename of lusgevoelens, soos die gevoel van tevredenheid, die gevoel van eie waarde, die juridiese gevoel, waarheidsgdvoel, estetiese gevoel ens., wat almal die keuse in die guns van 'n besondere prikkel sal laat val. Hierdie emosies is geestelik-psigies van aard, maar daar kan ook emosies wat bioties-psigies van aard is, wees. Ons neem hier die lekker smaak van iets, die koel weer, 'n sonnige dag, slaap, aangename spel, ens. Verder onderskei ons ook nog onlus-en neutrale-gevoelens soos volg:

Die faktor van lusgevoel kan so sterk wees dat Pp.C. nadat b o e k e reeds gekies is om ander redes, l e k k e r s wil kies as gevolg van die lekker smaak (bioties-psigies) daaraan verbonde, (C/i/N.2.f.). By Pp.C. bepaal die aangename of lusgevoel verbonde aan die gedagte dat op Saterdae geen klas is nie, die keuse in die guns van S a t e r d a g, (C/i/N.5.b.) Verder, as 'n bepaalde prikkelwoord in die smaak van 'n Pp. val, sal dit die keuse positief beïnvloed soos in die geval van Pp.C. (C/iii/N.12.c.)

Onlusgevoelens aan die anderkant kan die keuse van 'n bepaalde prikkelwoord gunstig, sowel as ongunstig, beïnvloed. So was daar by die uitbundig-vrolike stemmingsituasie half 'n stemming van afsku by Pp.C. (C/vi/D.l.a.). Verder kan dit die keuse ook in die algemeen beïnvloed, sonder dat hulle in besondere sterk mate optree. Onlusgevoelens word soms gewek in gevalle waar daar met twyfel gekies

is en direk na die keuse besef is dat die keuse foutief was, bv. waar Pp.C. b o e k e gekies het en direk daarna weer l e k k e r s wou kies, (C/i/N.2.e.). Die onlusgevoel kan so sterk by 'n keuse gewek word, dat Pp.C. die prikkel n o o i, waarvan die minste gehou word, juis kies (C/i/N.3.a.). Ook laat die onlusgevoel verbonde aan g e s k i e - d e n i s die woord uitskakel, (C/ii/N.6.a.). Onaangename gewaarwordinge beïnvloed die keuse teen die besondere prikkel waardeur so 'n gewaarwording gewek word, bv. by g e e l, in (C/iii/N.12.g.). So word D o n d e r d a g ook geassosieer met die baie onaangename klasse wat Pp.E. die vorige jaar op die dag moes bywoon, en word hierdie besondere dag dus nie gekies nie, (E/xii/N.5.d.). Daarenteen word 880 geassosieer met die onaangename gevoel verbonde aan die situasie waar Pp.E. in die 880 tree wedloop uitgesak het en die laaste 50 tree gestap het, maar nieteenstaande dit, hierdie prikkel tog nog gekies het. (E/xiii/N.10.b.)

Onsekerheid bring 'n onaangename gevoel mee, soos wanneer die Pp. nie na grondige oorweging en met inagneming van al die motiewe en teenmotiewe gekies het nie, maar wel op die ingewing van die oomblik gekies het, soos waar Pp.C. tussen V o n d e l en C a l v y n oorweeg en K a n t gekies het, (C/iii/N.13.f.)

Die gevoel van vrees verbonde aan 'n prikkel laat die keuse in die guns van die betrokke prikkel val, soos by die herinnering aan 'n besondere agtermiddag op die p l a a s, toe sy pa kwaad was, omdat die kinders geraas het. Dit het Pp.E. p l a a s laat kies, (E/xii/N.5.c.). So ook was die vreesgevoel verbonde aan die moeilikheid met een van die professore wie se klas op D o n d e r d ag was, die oorsaak dat Pp.E. die betrokke prikkelwoord gekies het, (E/xii/N.5.e.). Slegs 4 gevalle waar vrees 'n rol speel in die bepaling van die keuse, is vasgestel (Tabel 4/25).

Die onaangename gevoel van teleurstelling kan in die guns van 'n prikkel, sowel as daarteen beslis. So word p r e d i k a n t uitgeskakel, daar die Pp. in hulle teleurgesteld is, omdat die persone nie is wat die mense van hulle dink nie, (C/ii/N.8.b.). Aan die anderkant weer is die teleurstelling waar die ambisie om in die medisyne te studeer gedwarsboom is, so groot dat Pp.E. a m b i s i e as prikkel juis kies, (E/xiii/N.8.c.).

Waar daar 'n afkeer van 'n sekere prikkel bestaan, word hy nie gekies nie, soos by w i s k u n d e waarin Pp.E. 'n afkeer vir die vak het, (E/viii/N.6.a.). By k u n s g a l e r y was die onaangename gevoel verbonde aan die ligsinnige dames, wat by 'n sekere geleentheid die kuns nie waardeer het nie, die oorsaak dat die betrokke prikkel nie gekies is nie, (E/viii/N.9.b.) en (E/xv/A.3.a.).

Daar kan egter ook neutrale gevoelens aanwesig wees waar geen aangenaamheid of onaangenaamheid ondervind word nie, Hierdie neutrale gevoelens oefen dan geringe, of selfs geen invloed op die wilskeuse uit nie.

Wat die seksdrif betref kan dit die keuse van 'n Pp. positief, sowel as negatief, beïnvloed in die mate dat die Pp. kies vir die bevrediging van die drif of teen die bevrediging daarvan. So kies Pp. K. teen d a n s en v o l k s p e l e, omdat dit 'n metgesel van die teenoorgestelde geslag vereis en hy nie hou van die aanraking van vreemde dames nie, (K/iiiL/N.11.f.). Dit is duidelik dat die seksdrif hier 'n negatiewe rol speel. Die seksdrif kan die keuse ook positief beinvloed, bv. waar die Pp. C. s k i e t kies, omdat een van die mans beloof het om haar te leer skiet en sy dan in gesellige aanraking met een van die teenoorgestelde geslag sou kom, (C/i/N.4.b.)

Die belangrike rol wat lus- en onlusgevoelens speel in die bepaling van die wilskeuse blyk daarin dat hierdie faktore in die normale situasie by 32 keuses voorkom. (Tabel 4/14) en in die stemmingsituasies by 26 keuses (Tabel 6/11). Maar nie alleen word 'n prikkel gekies wanneer dit direk lus- of onlus-

verskaf nie, dog die onlus verbonde aan die ander prikkels bepaal dat die onlus-gewende prikkels nie gekies word nie. So skakel die onlus verbonde aan E n g e l s hierdie prikkel uit vir Pp.K. en kies hy een van die ander twee, (K/ivL/N.6.f.), (K/iiL/N.7.d.) (K/iiL/N.13.a en b.) Pp.P. skakel twee prikkels uit deur die onlus aan hulle verbonde en kies dan die oorblywende prikkel (P/Lxix/N.6.a en b).

In die normale situasie kon ons 13 prikkels vasstel wat gekies is as gevolg van die onlus by die ander (Tabel 4/18) en in die stemmingsituasies 12 prikkels (Tabel 6/13).

(vi) Waardes as faktore in die wilskeuse:

By die wilskeuse kan die Pp. bepaalde waardes aan die prikkelwoorde toeken. Die een wat dan die minste waarde besit, word onmiddellik elimineer, soos v r i e n d i n by (C/i/N.3.c.), s p o r t by (C/iii/N.11.c.) en b l o u by (C/iii/N.12.b.). Oorweging tussen die orige twee prikkels vind dan op die gewone wyse plaas, of indien twee prikkels uitgeskakel is, word die derde een dan onmiddellik gekies. Dit dien as 'n hulpmiddel om die keuse te vergemaklik. Omdat die prikkelwoord b e k e n d e vir Pp.E. iets vaags is, ken hy daar geringe waarde aan toe en skakel dit dadelik uit, (E/xiii/N.8.a.). Aan die anderkant word weer soveel waarde aan a m b i s i e en p a t r i o t i s m e toegeken dat hy beswaarlik tussen die twee prikkels kan kies, (E/xiii/N.8.b.). Hulle weeg nagenoeg ewe swaar.

Behalwe waar so 'n geringe waarde aan prikkels toegeken word dat hulle onmiddellik uitgeskakel word, kan ook weer soveel waarde aan die prikkel toegeken word dat hulle dadelik uitgeskakel is, sodat hy onmiddellik kon kies. So word S o n d ag dan gekies (F/xix/N.5.b.) en ook f i l o s o f i e (F/xix/N.6. a en c.), asook k l a v i e r, (F/xx/N. 7. a en b.). Die Pp. kies ook wat vir hom die meeste

inhoud het, (F/xxiv/D.3.a), of wat vir hom die omvattendste is (F/xxi/N.13.a en b.), (F/xxiv/D.5.a.). Indien die prikkels soos vir Pp.M. absolute gelyke waarde het, weier hy om te kies. (M/Lxii/N.10. a en f). Dit het egter net in die een geval voorgekom. In 7 gevalle het die Ppe. willekeurig of intuïtief gekies by prikkels met gelyke of geringe waarde (Tabel.6/20).

Of 'n prikkel nuttig is, al dan nie, bepaal ook of hy gekies sal word. Die nuttigheidwaarde het in die normale situasie by 12 prikkels (Tabel 4/16) en in die stemmingsituasies by 5 prikkels (Tabel 6/18) 'n rol gespeel.

1) <u>Godsdiensnorme:</u>

Die godsdienstige norme het 'n sterk invloed op die bepaling van die keuse in 'n besondere rigting. Sy het deur middel van geloof en godsdiens (Pp.C.) vasgestel of besluit dat d a n s verkeerd is en daarom word dit nie as prikkel gekies nie (C/iii/N.11.d.). So ook maak sy godsdienstige standpunt, dat Pp.E. nie anders as P r o t e s t a n t kan kies nie, (E/xii/N.2.c.). Sy bewondering vir die Nederlanders in die stryd wat hulle, terwille van hulle geloof gevoer het, versterk die keuse nog meer, (E/xii/N.2.b.). Juis as gevolg van sy godsdienstige norme word 'n gevoel van afkeer gewek by die gedagte aan sekere van die sektes, met voorspellings wat nie uitgekom het nie, (E.xii/N.2.d.). Verder kan ons miskien 'n mate van godsdienstige vrees bespeur, waar die Pp.E. sê dat hy aan 'n preek oor die Roomse gevaar gedink het, (E/xii/N.2.e.). Die getal 7 is ook gekies, omdat daar vir Pp.F. godsdienstige verband met die getal is, (F/xx/N.10.c.)

Van hierdie hoogstaande waarde, nl. geloof of godsdiens, onderskei ons ook bygeloof wat, al is dit maar net tot 'n sekere mate, 'n norm vorm vir die toekenning van waardes aan die prikkelwoorde. Bygeloof, verbonde aan die een of ander begrip, maak daardie begrip meer begeerlik of, aan die anderkant, afstootlik. As deur bygeloof 'n slegte betekenis aan 'n

begrip of saak geheg word, word sy waarde negatief en hy nie gekies nie, bv. die betekenis van ongeluk wat aan die getal 13 geheg word, maak dat dit nie gekies word nie, (C/ii/N.10.c.)

Nou verbonde aan bygeloof is ongeloof of ateïsme, wat die Pp. vyandiggesind instel teenoor alles wat verbonde is aan die godsdiens. Hier vermoed ons dat die norme negatief sal werk. Ons kon egter nie een persoon, met daardie standpunt, vir ons ondersoek vind nie.

2) <u>Etiese Waarde.</u>

Daar is sekere etiese standaarde, wat die Pp. in sy lewe vir homself opgebou het, en waarvolgens sy wilskeuse dan ook geskied. Iets wat in botsing met daardie standaarde is, sal dan nie lig gekies word nie. Soms is daar egter gebeurtenisse wat in botsing met die etiese norme is, maar die gevoelsmoment daarby betrokke, kan so sterk wees dat die betrokke prikkel juis gekies word, bv. t.o.v. B i o l o g i e het Pp.E. die herinnering aan 'n dame, wat in 'n belangrike toets sy antwoordeboek gebruik en weer aan hom terugbesorg het, en kies juis as gevolg daarvan die betrokke prikkel (E/xiii/N.6.c.)

3) <u>Estetiese Waarde:</u>

Die estetiese waarde, verbonde aan 'n prikkel, kan die wilskeuse tot 'n baie groot mate bepaal. Vir 'n kunsliefhebber sal die estetiese waardie die keuse sterk en gunstig beïnvloed, terwyl dit maar gering sal wees by die persoon, wat nie daarin belangstel nie. So is die estetiese waarde van o p e r a vir Pp.C. so hoog dat dit aanpas by die gewyde stemmingsituasie, terwyl die estetiese waarde van b i o s k o o p en k o n s e r t daarin tekortskiet. (C/iv/A.4.b.en d.). Ook word k u n s g a l e r y geassosieer met kuns en dus gekies, omdat dit die meeste skoonheid inhou, (F/xx/N.9.a.).

By 11 prikkels in die normale situasie (Tabel 4/6) en by 3 prikkels in stemmingsituasies (Tabel 6/6) het die estetiese waarde 'n rol gespeel.

4) Sosiale Waarde of Norme.

Sosiale norme word gewoonlik bepaal volgens publieke opinie en graag word 'n keuse gedoen in ooreenstemming met die publieke opinie soos bv. waar Pp.C. b o e k e gekies het, omdat dit waarskynlik die mees populêre keuse sal wees, (C/i/N.2.c.)

Daar mag egter ook teen die publieke opinie gekies word, juis om weg te kom van die daaglikse en die algemene.

5) Politieke Waardes.

Die politieke standpunt van 'n persoon stel vir hom in sy wilskeuse sekere norme wat sy keuse sal bepaal. Dit kan ondersteunend en versterkend werk in die guns van 'n bepaalde keuse of dit kan negatief werk, m.a.w. verhoed dat 'n besondere keuse gedoen word. So word die keuse in die guns van M a l a n versterk deur die feit dat die politieke idees van Pp.E. met die van 'n politieke leier ooreenstem, en dat by die sien van sy naam 'n sekere mate van patriotisme opgewek word, (E/xi/N.l.a.b.e). Aan die anderkant word 'n mate van antipatie gewek by die sien van name van persone, met wie die Ppe. op politieke terrein verskil, bv. by die name van v a n R e n s b u r g en S m u t s, (E/xii/N.l.f.g.) as ook (F/xviii/N.l.a.b.c.)

(vii) Determinerende tendens:

'n Vorige besluit wat 'n tyd gelede geneem is, het 'n determinerende tendens t.o.v. 'n nuwe situasie, waarin die Pp. geplaas word. Dit kan die keuse vergemaklik en bepaal dat dieselfde keuse weer gedoen word. So het Pp.C. vroeër in sy lewe v o l k - s p e l e gekies en dit in die eksperiment weer gedoen, (C/iii/N.ll.e.). Pp.F. sê dat dit lyk soos gewoontevorming en hy kies herhaaldelik soos vorige

kere (F/xxiii/C.1.b), (F/xxiii/C.2.a.), (F/xxiii/C.3.a.) (F/xxiii/C.4.a.), (F/xiii/C.5.a.) en (F/xxii/B.3.b.). By sommige Ppe. en/of in sekere stemmingsituasies werk die vorige keuses nie definitief bepalend op 'n nuwe keuse in nie, (F/xxii/B.4.c.)

'n Vorige stel van drie prikkelwoorde kan egter in sekere gevalle die plek inneem van 'n daaropvolgende stel prikkelwoorde, sodat die Pp. die voriges sien, i.p.v. die nuwe stel prikkelwoorde (E/xviii/D.3.a.b.). Die prikkel wat dan pas in die toestand van die vorige drie prikkelwoorde word gekies (E/xviii/D.3.d.). Nadat die prikkel gekies is, het die vorige stel van drie prikkelwoorde verdwyn en het die Pp. net die stel, wat werklik voor hom was, gesien (E/xviii/D.3.e.). Volgens ons mening is hierdie 'n geval van die determinerende tendens, wat nawerk op die prikkels en verhoed dat 'n keuse in 'n nuwe situasie anders sal wees as wat in die vorige situasie plaasgevind het.

Sommige Ppe. kies in kontras met wat hulle beskou die regte keuse te wees. So kies Pp.E. S o n - d a g, omdat die musiek die minste daarby pas, (E/xviii/D.2.b.). So kan die keuse negatief wees en die woord, wat die minste waarde inhou, juis gekies word, bv. waar v r o u vir Pp.C. meer inhou as n o o i, maar hy tog n o o i gekies het, (C/i/N.3.d.). 'n Ander Pp. voel 'n hipnotiese aantrekking tot die prikkel l i e f d e, maar juis daarom word die genoemde prikkel nie gekies nie (E/xvii/c.5.g.). Dit kan waarskynlik aan 'n skugter of skaam gevoel te wyte wees. Ook word in kontras met die publieke opinie, v r i e n d gekies, omdat hy nie so populêr is as m o e d e r nie (F/xix/N.3.d.)

(viii) Stemming as faktor by die Wilskeuse.

1) Algemeen:

Die feit dat 'n Pp. in die daaglikse lewe nie altyd in dieselfde stemming of in dieselfde situasie geplaas is, wanneer 'n wilsbesluit geneem moet word nie, maak dat die keuse of die besluit nie altyd dieselfde sal wees nie. Hierdie verskynsel het ons ook in die eksperiment ondersoek en doelbewus

daarna gestrewe om die Pp. onder sekere indrukke en in bepaalde situasies te plaas, soos onder Metode reeds beskryf is.

Waar die Pp. vyfkeer 'n keuse moes doen uit dieselfe groep prikkels, neem ons aan dat hy al vyfkeer dieselfde woord moes kies, indien daar nie telkens ander bepalende faktore bygekom het nie. Waar die keuse egter in die verskillende situasies waaronder die prikkel toegedien is, verskil, is dit duidelik dat die faktore wat bygekom en die keuse gewysig het, hoofsaaklik te wyte is aan die stemmingsituasie. In sommige gevalle het die invloed van die stemmingsituasie positief die keuse beïnvloed, terwyl in ander gevalle dit negatief was. Hieronder word dit verder aangetoon.

2. Keuse wat aanpas by die Stemmingsituasie

(a) Stemming beïnvloed keuse in die algemeen.

In die algemeen kan ons sê dat die stemmingsituasie waarin die Pp. tydens die keuse verkeer, die keuse in 'n baie groot mate beïnvloed en wel so dat die Pp. gewoonlik die prikkel kies wat in ooreenstemming met die situasie is, of ten minste 'n sekere verband met die situasie het. Dit het voorgekom dat verskeie van die Ppe. in die gewyde stemmingsituasie, terwyl die plaat „Ave Maria" gespeel word, die prikkel K a t o l i e k gekies het al was die Pp. self 'n P r o t e s t a n t. (Tabel5/ Ppe.D, E en L.) asook Ppe. E. in die sentimentel situasie. Waar die atmosfeer gewyd is en die Katolieke lied gesing word, word deur die Pp. verdere voorstellings van die beelde, ens. wat by die Katolieke erediens pas, bygevoeg by die stemmingsituasie, en word die prikkel K a t o l i e k gekies in ooreenstemming met die situasie. In teenstelling hiermee word in die uitbundig-vrolike stemmingsituasie, wat aan handegeklap van sektes herinner, die prikkel s e k t e gekies (Tabel 5/ Ppe. D. en E.)

By 'n noukeurige studie van die tabelle word die invloed van die stemming op die keuse baie duidelik gemerk. Ons vind by min van die Ppe. dat dieselfde prikkel in die normale keuse, sowel as die vier verskillende stemmingsituasies, deurgaans gekies word. As uitsondering is Ppe. F en H. wat deurgaans P r o t e s t a n t gekies het (Tabelle 2 en 5). Verskeie faktore kan hiervoor verantwoordelik wees, maar ons wil tog konstateer dat die stemming en die situasie waarin die Pp. verkeer, een van die belangrikste faktore is. So verklaar Pp.C. dat hy kies wat by die stemmingsituasie pas, (C/iii/A.1.d.) en wat nie betrekking op die situasie het nie, word uitgeskakel. Daar word selfs deur Pp.C. gesoek na 'n verband tussen die prikkelwoorde en die stemming, bv. waar 'n Sondagstemming heers en Sondag nie as prikkelwoord gegee word nie, word M a a n d a g gekies, omdat dit die naaste aan Sondag is - een dag verder (C/iii/A.2.e.). Omdat S a t e r d a g met sy gewoel en gewemel die teenoorgestelde van die rustigheid, verbonde aan die stemming, inhou, kan Pp.C. dit nie kies nie (C/iv/A.2.g.). In 'n ander geval het dieselfde Pp. Saterdagvrolikheid as 'n stemmingsituasie ingeleef en S a t e r d a g dan ook in die besondere geval gekies omdat dit daarby pas. (C/vi/C.2.b.) en ook (C/vi/C.3.b.). Die prikkel wat die beste pas by die situasie waarin die Pp. gestel word, word dus gewoonlik gekies (C/vii/D.4.a.c. en C/vii/D.5.a.). Die stemmingsituasie is dus 'n baie sterk bepalende faktor.

Soos uit Tabelle 2, 3 en 5 blyk, kies die Pp. in die verskillende situasies nie elke keer dieselfde prikkel nie, bv. Pp. K (Tabel 5), kies in die gewyde situasie, s p o r t, in die sentimentele situasie, d a n s, in die ligte opgewekte stemmingsituasie, v o l k s p e l e en in die uitbundig-vrolike stemmingsituasie, d a n s. Onder die verskillende situasies is dus elke prikkelwoord een of meer keer gekies. Dieselfde geld ook van Pp.E. in (Tabel 5) waar elkeen van g e l o o f, h o o p en l i e f d e, 'n beurt kry in die verskillende stemmingsituasies.

(b) Die prikkelwoord word by die situasie aangepas.

As 'n besondere prikkel nie pas in 'n besondere situasie nie, dan ppog die Pp. om die prikkel by die situasie aan te pas, bv. waar s p o r t in die sin van atletiek nie by die situasie aanpas nie, word die betekenis van die Engelse jagsport met honde, of ook waterpolo wat wel pas by die stemmingsituasie, aan die woord geheg, en die prikkel dan gekies, (C/v/B.5.d.e.f.)

(c) Prikkels wat nie aanpas nie geëlimineer.

Dit kan ook voorkom dat een van die prikkels wat toegedien word, nie by die situasie waarin die Pp. ingeleef het, pas nie en dan uitgeskakel word, terwyl die Pp. tussen die orige twee prikkelwoorde kies. So vind ons dat by die stemmingsituasie waar Pp.C. vir homself 'n landelike toneeltjie voorgestel het en ingeleef het in die toestand, waar hy 'n dammetjie met voëls daarop rustig sien rondswem het, die prikkel s k i e t uitgeskakel word, omdat dit nie by die omstandighede pas nie en dit skokkend sou wees as daar geskiet word (C/iv/B.1.c.), (F/xxi/A.2.c.d.) (F/xvi/A/3.d.)

Daar vind dus 'n eliminasie van prikkels wat nie by die situasie aanpas nie, plaas in die guns van prikkels wat wel by die situasie aanpas.

(d) Assosiasies versterk Stemmingsituasies.

In sommige gevalle wek die musiek wat gespeel word tydens die eksperiment, sekere assosiasies wat die stemmingsituasie geweldig kan versterk. Hierdie assosiasies beïnvloed in 'n sterk mate dan die keuse van die Pp. bv. waar Pp.H. in die ligte opgewekte stemmingsituasie S o n d a g kies, omdat hy sulke musiek Sondagmiddae oor die radio hoor, alhoewel hy redeneer dat sulke ligte opgewekte musiek beter sou pas by 'n partytjie wat gewoonlik op V r y d a g plaasvind en hy dus daardie prikkel behoort te kies. (H/xxxvii/C.2.a.). Hier het die assosiasies dus 'n sterker invloed in die guns van die prikkel as wat die etiese en godsdienstige norme daarteen het.

(e) Redes vir keuse deur Stemmingsituasie bepaal.

Nie alleen word in 'n groot mate deur die stemmingsituasie bepaal watter prikkelwoorde gekies sal word nie, maar in gevalle waar dieselfde woord oor en oor gekies is, word die redes vir die keuse van die betrokke woordprikkel ook grootliks deur die stemmingsituasie bepaal. By die gewyde stemmingsituasie kies Pp. K. s w e m, omdat hy oor die algemeen lief is daarvoor en dit feitlik die enigste oefening is wat hy kry. (K/iiL/A.1.c.). In die geval van die sentimentele stemmingsituasie kies hy weer s w e m, maar die keer, omdat dit by die rustige atmosfeer waarin die situasie kom geplaas het pas, asook die feit dat hy rustig by die see gaan vakansie hou het. (K/iL/B.1). In die geval van die ligte opgewekte stemmingsituasie is dit weer die herinnering aan die seekoeigat waarin hy as seun op die plaas dikwels gaan swem het, wat die keuse bepaal. Hy kan selfs in sy verbeelding sien hoe hy karjakker het en tekere gegaan het - net so vrolik en so lig as wat die musiek wat gespeel word, is. (K/Li/C.1.a.b.). In hierdie gevalle is elke keer nuwe redes aangevoer vir die keuse van dieselfde prikkelwoord, m.a.w. elke keer het opnuut weer oorweging plaasgevind met nuwe kennis, motiewe en teenmotiewe tot beskikking van die denke.

3. Waardes soms sterker invloed as stemming.

Waardes kan vir die Pp. soms bo die situasies uitstaan, d.w.s. 'n groter krag hê as wat die stemming situasie kan skep. In sulke gevalle maak dit nie saak in watter stemmingsituasie hy verkeer tydens sy keuse nie, want sy keuse sal deurgaans konstant bly, bv. Pp.H. kies in al die verskillende situasies P r o t e s t a n t, omdat hyself 'n Protestant is en die begrip vir hom soveel inhou dat hy dit altyd voorkeur sal gee bo K a t o l i e k en s e k t e, wat ook al die omstandighede of stemmingsituasie sal wees. (Tabel 5/H.)

Sekere stemmingsituasies, en veral die musiek wat daar gepseel word, pas soms glad nie by die prikkels of waardes waartussen gekies moet word nie. Die prikkel g e l o o f, h o o p en l i e f d e pas volgens Pp.I glad nie by die uitbundig-vrolike situasie, waar „jazz" gespeel word (I/xxxviii/D.5.a.).
In hierdie geval word die stemmingsituasie buite rekening gelaat sover as wat moontlik is. Pp.I. sê selfs dat hy onder die speel van „Buffy Boy" in die uitbundig-vrolike stemmingsituasie die musiek ignoreer en die ding wil stilmaak. Hy val dus terug op 'n vorige keuse om van die ding ontslae te raak," en kies s k i e t (I/vL/D.1.a-c), (I/vL/D.4.b.).
In aansluiting hierby het ons gevind dat sekere stemmingsmusiek, bv. die „jazz" Pp.I so ontstem dat hy haastig en onoordeelkundig kies. Hy kies soos 'n neurotiker om maar net iets te doen, bv. waar Pp.I. met 'n afsku vervul was en dus maar net kies om van die oorsaak van die afsku ontslae te raak. (I/vL/D.1-4).

Waardes wat aan 'n saak geheg word, is die eintlike bepalende faktor in die wilskeuse. Deur die stemming waarin die Pp. verkeer, word daar ander gevoelswaardes gestel. Waar die stemmingsituasie geen of geringe invloed uitoefen, beteken dit dat die stemmingsituasie nie daarin kan slaag om sekere waardes op die voorgrond te stel nie. By oorweging of redenering word die waardes teenmekaar opgeweeg en die wat die swaarste weeg, word gekies.

Daar kan egter so 'n geringe waarde aan seker prikkels geheg word dat dit nou nie juis saak maak watter een gekies word nie, met die gevolg dat Pp.K. (Tabelle 3 en 5) in al die situasies S a t e r d a g kies. So kies Pp.H. (Tabelle 2 en 5) weer in al die gevalle k r i e k e t. Weens hulle geringe waarde is dus telkens dieselfde gekies.

(E) Samevattende Gevolgtrekking:

Die eksperimentele gegewens, soos hierbo bespreek, lei ons duidelik tot die gevolgtrekking dat bepaalde faktore 'n groot invloed het op die maak van 'n keuse. 'n Enkele of 'n aantal faktore kan beurtelings optree,

of 'n groep faktore kan tegelyk die wilskeuse beinvloed. Die belangrikste faktore, wat eksperimenteel aangetoon kan word, is die volgende:

(i) Op die gebeid van die kenlewe: kennis voorstelling, assosiasie, denke.

(ii) Op die gebied van die gevoelslewe: emosie, stemminge, waardes.

(iii) Op die gebied van die strewing: determinerende tendens.

Al hierdie faktore help mee om die waarde van een of ander prikkel hoër te maak as die van andere, en op grond daarvan vind 'n normale keuse plaas.

(F) <u>Waarde van die eksperimentele ondersoek.</u>

Hierdie eksperimentele ondersoek het duidelik en ondubbelsinnig sekere waardevolle gegewens aan die lig gebring op die gebied van die tegniek van ondersoek, sowel as gegewens i.v.m. die doelstelling.

(i) <u>Metodes en tegnies:</u>

Om prikkels van buite, wat op die wilskeuse 'n direkte en betekenisvolle invloed mag uitoefen, te kontroleer, was 'n moeilike taak, wat op homself proefondervindelik vasgestel moes word.. Uiteindelik is daarin geslaag om 'n betreklik, gekontroleerde eksperimentele toestand te verkry, deur middel van die stemmingsituasies, geskep deur die speel van sekere musiek. Die resultate het die waarde van hierdie metode buite enige twyfel bevestig. Ook is proefondervindelik vasgestel dat die eksperimentele tegniek baie vereenvoudig kon word. Vir die eerste reeks eksperimente is van laboratorium-apparaat gebruikgemaak, nl. Ranschburgse Mnemometer, Jacquet se poligraaf, e.a., wat die toepassing van die prikkels nie alleen bemoeilik nie, maar wat 'n atmosfeer skep, wat vir die Ppe. nie so natuurlik is nie. Die vereenvoudigde metode met 'n radiogram, prikkelkaarte (Gewysig om by hierdie tegniek aan te pas) en 'n stophorlosie, het nie slegs die tegniek ewe doeltreffend gemaak nie, maar het 'n meer natuurlike eksperimentele toestand vir die Pp. daargestel. Die eksperiment kon tuis uitgevoer word, weg van die laboratorium-atmosfeer, wat op homself vir menige Pp. onnatuurlik is.

Die vinding van 'n metode en vereenvoudigde tegniek was vir ons besonder waardevol en het die uitvoering van hierdie ondersoek vir ons baie vergemaklik en moontlik gemaak.

(ii) Gegewens i.v.m. die doelstelling:

Die resultate was vir ons so helder en klaar dat daaruit afleidings en interpretasies gedoen kon word, wat duidelik positief aan die doelstelling kon beantwoord. 'n Hele groep faktore wat 'n invloed op die wilskeuse het, is gevind. Hierdie faktore het die duidelikste na vore getree in die stemmingsituasies. Dit is verder 'n aanduiding van die waarde van hierdie metode, deur van stemmingsituasies gebruik te maak.

(iii) Eksperimentele retrospeksie:

Die eksperimentele retrospeksie van OSWALD KULPE, waardeur vertroue in die introspektiewe metodes help verseker is, is ook hier met groot sukses toegepas en die waarde aan ons proefondervindelik verseker.

Tenslotte kan gesê word dat hierdie eksperimentele ondersoek metodies-tegnies, sowel as sy beantwoording aan die vooropgestelde doel, nieteenstaande sekere tekortkominge waarvan ons maar al te bewus is, vir ons in staat gestel het om daardeur beter insigte te verkry met betrekking tot die hele wilspsigologie.

# HOOFSTUK lV.

## SAMEVATTENDE BESKOUING.

### 1. Histories.

Die belangrikste studie van die wil gaan nou saam met die opkoms van die s.g. Würzburgse skool met OSWALD KÜLPE, sy leerlinge en medewerkers, wat deur gebruik te maak van die metode van Eksperimentele Retrospeksie 'n diepgaande studie van die wil as psigologiese verskynsel gemaak het (Hfst.l. bls.9.). Veral het ACH met die s.g. „Reproduksieproef" belangrike bevindings beskryf (Hfst.l bls.10). Vir hom is die aanvaarding van die opdrag die wilsakte en die uitvoering daarvan is die wilshandeling. Hierdie ondersoekinge is voortgesit deur WATT, MINCHOTTE en PRUM, SKAWRAN, TROUET, GIES, e.a. (Ffst.l bls.11). ACH het onderskei tussen die uiterlike en innerlike wilshandelinge, waarvan die e.g. ondersoek word deur middel van die reaksie-eksperiment en die l.g. deur middel van sistematies-deurgevoerde selfwaarneming, waardeur dan die innerlike belewinge geanaliseer word. Dit was dan ook ACH wat die begrip van die Determinerende Tendens in die verband in die wilspsigologie ingeburger het.

### 2. Die Bevindings van ander Ondersoekers. (Hfst.ll bls.15).

Volgens die ouere opvatting is die wil slegs 'n bepaalde psigiese funksie of 'n proses. Die nuwere opvatting daarenteen beskou die wil as 'n persoonlikheidsakte, onder leiding van die Ek, of 'n wyse waarop die hele persoonlikheid hom in sy strewe uit. Verder word onderskei tussen die twee hoof fases, nl. eerstens 'n besluit wat geneem word en tweedens 'n handeling wat normaalweg daarop volg.

By die neem van die besluit (Hfst.ll bls.17) tree individuele faktore soos liggaamlike faktore, ken-, gevoels - en streeffaktore op die voorgrond. Gepaard hiermee gaan milieufaktore, soos o.a. die klimaat, die bodem, publieke opinie, suggestie, opvoeding en religieuse faktore. Die wilsakte kan bestaan uit

enkelvoudige of samegestelde wilshandelinge, wat weer verder onderskei word in innerlike en uiterlike wilshandelinge. Die wilshandeling word beïnvloed deur individuele, sowel as omgewings, sosiale, religieuse faktore, ens. (Hfst.11 bls.29)

Daar word 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die wil en ander psigiese verskynsels, soos reflekse, heftige emosie, instinkte, koppigheid, die verstand, asook die hoogste psigiese verskynsel, die Ek. (Hfst.11 bls.31). Wat wilsvryheid betref verskil die skrywers baie (Hfst.11 bls.36). Sommige skrywers beskou dit aksiomaties dat die wil vry is; andere wat die wil as persoonlikheidsakte beskou, meen dat dit nie die wil is wat vry is nie, maar die mens self.

3. <u>Eie eksperimentele bevindinge.</u>

Die doel met die eksperimentele ondersoek was om vas te stel welke faktore die wilskeuse beïnvloed. Alle faktore kon natuurlik nie deur die gekontroleerde toestande van hierdie eksperiment ondersoek word nie, maar met behulp van bepaalde daargestelde eksperimentele situasies, (Hfst.111 bls.44) is veral die invloed van stemminge op die wilskeuse ondersoek. Deur middel van die eksperimentele retrospeksie as grond-metode kon ons veel dieper die redes en motiewe vir 'n wilskeuse deurgrond - veel dieper as wat 'n studie van objektiewe reaksies sou kan bied. In die hier toegepaste metode was die objektiewe reaksies die beginpunt, vanwaar na dieperliggende motiewe en redes gesoek is.

Uitgaande van die resultate op bogenoemde wyse verkry, kon die aard van die wilskeuse, sowel as die faktore vir 'n keuse, bepaal word, (Hfst.111 bls.56). Wat die aard van die wilskeuse, beter gesê die wilsakte, betref, het dit duidelik geblyk dat daar o.a. oorweging plaasvind, voordat 'n keuse gedoen word. Drie prikkelwoorde of -situasies word gegee, waartussen die Pp. een moet kies. Om die drie teen mekaar op te weeg kan in 'n korter of langer tydsduur gedoen word (Hfst.111 bls.62). Die lengte van die tydsduur is nogal belangrik, want dit gee 'n insig in die aard van die wilsakte. Wanneer twee of al drie die prik-

kels ewe belangrik is, ewe „swaar" weeg, sal dit die keuse bemoeilik en gevolglik sal dit langer duur om 'n keuse te doen. Die sake waartussen gekies moet word, kan almal so swaar weeg, so belangrik wees dat oorweeg en heroorweeg word, voordat tot 'n besluit geraak kan word. Soms kan sake teenstrydig maar tog van die grootste lewensbelang wees, sodat die Pp. selfs in 'n konflik verkeer, want die keuse van die een kan 'n ramp deur die ander op hom bring. Aan die anderkant weer kan die sake waartussen gekies moet word, almal vir die Pp. „lig" weeg, so betekenisloos wees dat hy ook kan twyfel watteréén om te kies. Gewoonlik word een sommer in 'n byna onverskillige en traak-my-nie-agtige houding gekies. In al hierdie gevalle is daar die meer besliste persoon, wat direk 'n keuse doen, byna sonder sorgvuldige oorweging, maar daar is ook die wyfelaar wat heeldag twyfel, miskien met 'n geringe mate van oorweging, of oorweging mag selfs 'n belangrike rol speel. Tog kan hy byna nooit 'n keuse doen nie. Tussen hierdie byna uiterste tipes is daar tipes van verskillende grade van die meer besliste tot die wyfelaar. Sulke persoonlikheidseienskappe kan die lengte van die tydsduur betrokke in die keuse tot 'n baie hoë mate bepaal.

By die doen van 'n keuse is daar een fundamentele faktor, wat alle ander ten grondslag lê, nl. waarde (Hfst.11 bls.76). Die saak wat gekies moet word, moet vir die Pp. 'n sekere waarde hê. Hoe hoër waarde 'n saak besit, hoe kragtiger sal daarna gestreef word, d.w.s. hoe geredeliker en met meer energie die keuse daarop sal val, en andersom hoe minder waarde dit besit. Oorweging by 'n wilskeuse is dus 'n afweging van faktore om vas te stel watteréén die swaarste weeg, die hoogste waarde besit. Die waardes kan natuurlik van verskillende orde wees, d.w.s. laere en hoëre waardes. Op dieselfde vlak bv. die sinlik-psigiese kan sake teenoormekaar opgeweeg word. Dit hoef egter nie noodwendig so te wees nie, want geestelik-psigiese waardes kan bv. teenoor sinlik-psigiese waardes opgeweeg word.

Verskillende persoonlikheidsfunksies speel 'n rol by die waardebepaling. Funksies op die gebied van die ken-, gevoels-en strewingslewe tree in werking.
Op die gebied van die kenlewe tree verstandelike redenering op die voorgrond. Hierby word die volgende faktore betrek: kennis of onkunde, voorstelling, assosiasie, ens. Op die gebied van die gevoelslewe het ons te doen met 'n gevoelswaardering, wat duidelik na vore tree o.a. by die estetiese, etiese, godsdienstige, maar ook by ander gevoelswaardes. Die gevoel is vir ons by uitstrek 'n waarderingsakte wat hom in al die lae van die persoonlikheid realiseer, van die meer sinlikpsigiese tot die geestelik-psigiese. Dit is dan ook op hierdie terrein, waar ons belangrikste ondersoekinge plaasgevind het deur die daarstelling van die stemmingsituasies. Ons kon hier eksperimenteel aantoon hoe die stemming waarin die Pp. verkeer, die keuse duidelik beinvloed (Hfst.111 bls.81 e.v.). Oorwegend moes die keuse hom by die bepaalde stemmingsituasies aanpas, d.w.s. dit moes aangepas word aan 'n bepaalde gevoelswaarde. Deur die inwerking van musiek is 'n bepaalde stemmingsituasie daargestel en is 'n bepaalde gevoelswaarde waaraan die keuse moes voldoen, opgebou. Alleen waar daar vooraf sekere gevestigde hoë waardes bestaan het wat bokant die stemming-situasie uitgestaan het, kon hulle nie ten gunste van die pas-geskepte stemming-situasie verander word nie (Hfst.111 bls. 81). In al die ander gevalle kon dit wel geskied.
Hulle waardebepaling is hoofsaaklik ook deur die gevoelsakte tot stand gebring. Op die gebied van die strewingslewe het veral die determinerende tendens die wilskeuse baie sterk beïnvloed (Hfst.111 bls.79). Asgevolg van ons ondersoek kan egter nie, weens gebrek aan gegewens, meer oor hierdie tendens gesê word nie.

4. 'n Moontlike beskouing van die wil.

Die historiese ondersoek (Hfst.1 & 11) en veral die eksperimentele bevindinge (Hfst.111) het ons laat besef hoe ingewikkeld die wilspsigologie is, hoe min ons nog daarvan weet en dat hier nog 'n groot veld vir toegewyde ondersoek bestaan.

Die Würzburgse skool het klassiek geword deur die studie van die wil. Hulle werk is seker een van die beste studies wat op hierdie gebied gemaak is.

(Hfst.1 bls. 8 e.v.)

Die eksperimentele ondersoek wat ons ingestel het, was 'n baie beskeie poging, hoewel ons daardeur nuwe insigte in die wilspsigologie gekry het, veral met betrekking tot die gevoelsaspek van die wilskeuse. In die lig van die historiese, sowel as ons eksperimentele bevindinge, sal getrag word om 'n eie opvatting van die wil te formuleer, maar natuurlik volgens idees wat ons van vername sielkundiges kry.

In die lig van die moderne Sielkunde word uitgegaan van die persoonlikheid as geheel. Meer en meer word in die rigting gedink van die hele persoonlikheid wat in funksie tree en dit word as 'n persoonlikheidsakte aangedui.

In navolging van KOHNSTAMM neem ons soos HATTINGH (1947) 1) die persoonlikheidsbegrip wat in 'n mate reeds by WUNDT en selfs STERN (met sy personalisme) te vinde was, as uitgangspunt. Hierdie uitgangspunt verskil duidelik van die meganistiese materialistiese bewussynspsigologie. Die persoonlikheid funksioneer as 'n eenheid, maar bestaan volgens HATTINGH (1947) 1) uit vier verskillende lae of sfere, nl. die fisiko-geniese, die bioties-fisiologiese en die bioties-psigiese laag, met die geestelik-psigiese laag as die hoogste in die persoonlikheid. Die lae word as 'n eenheid saamgebring en staan onder leiding van die EK. Die EK oefen 'n belangrike invloed uit op die verskillende lae, maar word op sy beurt ook weer deur hierdie lae in die persoonlikheid beïnvloed.

So word die wil ook gesien, nie as 'n deelfunksie nie, maar as 'n persoonlikheidsakte, kortweg die wilsakte genoem. By die wilsakte tree dan die hele perwoonlikheid, met al sy funksies en vermoëns in werking om 'n keuse te doen. Die hele ken-,

---

1) J.M. Hattingh: (1947) t.a.p. 4.

gevoels- en strewingslewe word hierby betrek, soos deur die faktore, wat deur ons eksperimentele ondersoek gevind is, duidelik bepaal word. (Hfst.111 bls.67 e.v.). Deur waarneming moet 'n prikkel, toestand of saak geken word. Hierby word die hele waarnemingsakte, met sy fisiologiese aspek asook die psigiese werkinge van aandag en appersepsie, betrek. Na die keuse moet tussen verskillende prikkels, toestande of sake onderskei word. Hulle moet gewaardeer word, d.w.s. teenmekaar opgeweeg word om vas te stel watter een die swaarste weeg, die meeste waarde besit, voordat 'n keuse gedoen kan word. En dit is die hoof taak van die gevoelsakte wat 'n waarderingsakte is om die waardes te bepaal. Die gevoelsakte sal weer op sy beurt die hele persoonlikheid inspan, met sy kennis, sy intelligensie, sy assosiasies, sy redeneervermoë om met die waardebepaling behulpsaam te wees. Dit skyn asof die gevoelswaardering op die meeste terreine kan geskied, want daar is 'n intellektuele gevoel, 'n gevoel vir die ekonomiese, vir die juridiese, die estetiese, etiese, religieuse, ens. Nadat die waarde bepaal is, sal 'n keuse gedoen word. Die doen van 'n keuse is op homself meer 'n taak van die hele persoonlikheid onder leiding van die EK, wat kontrole oor die persoonlikheid voer, wat die „baas" of heerser van die persoonlikheid is, wat die idioargiese (STOKER) in die persoonlikheid is.

Die grondleggende idee aan die wilsakte verbonde, is nie dat die wil 'n keuse doen nie, is nie dat die wil vry is nie, maar dat die hele persoonlikheid onder leiding van die EK, 'n keuse doen en daarna strewe om dit ten uitvoer te bring.

Dit is dus nie die wil wat vry is om te kies nie, maar die mens wat vry is.

# BIBLIOGRAFIE.


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Aalders, Brugmans, Buytendijk, Gosses, | Causuliteit en Wilsvrijheid, bij J.B. Wolters uitgewers Maatschappy, N.V. Groningen 1936. |
| 2. | Ach, Narsisz: | Uber die Willenstätigkeit und das Denken, 1905. |
| 3. | Ach, Narsisz: | Uber den Willensakt und das Temperament, 1910. |
| 4. | Ach, Narsisz: | Analyse des Willens, Urban & Scharzenberg, Berlin N24, 1935. |
| 5. | Allport, Gordon W. | Personality, a Psychological Interpretation, New York, Henry Holt and Company 1937. |
| 6. | Bavinck, J.H. | Inleiding in de Zielkunde, Tweede herziene en vermeerderde druk bewerkt door Dr. A. Kuypers, Uitgave van J.H. Kok, N.V. te Kampen 1935. |
| 7. | Bigot en Kohnstamm | Hoofdstukken uit de Psychologie, Groningen 1933. |
| 8. | Dalbiez, R. | Psychoanalytical doctrine and the doctrine of Freud, Vol. 11, Translated from the French by T.F. Lindsay, Longmans Green & Co., London. |
| 9. | du Preez, D.C.S. | Die Individual-psigologie en sy pedagogiese beskouinge, Naaml. Venn. W.D. Meinema - Delft. |
| 10. | Eisenhans, T. | Lehrbuch der Psychologie, Dritte, völlig veränderte Auflage von Fritz Giese, bearbeitet und herausgegeben von Prof.dr. Hans W. Gruhle und dr. F. Dorsch, 1939, Verlag von J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) Tübungen. |
| 11. | Flugel, J.C. | A Hundred years of Psychology 1833-1933, Duckworth, 3 Henrietta Street, W.C.2, Reprinted 1948. |
| 12. | Fröbes, Joseph | Lehrbuch der experimenteller Psychologie, Zweiter (Schluss) Band, Zweiter unveränderte Auflage, Freiburg in Breisgau 1922, Herder & Co. G.m.b.H. Verlagsbuchhandlung, Berlin. |

13. Hall, G. Stanley — Founders of Modern Psychology, New York and London, D. Appleton & Co. MCMXll.

14. Hattingh, J.M. — Die menslike Persoonlikheid as grondslag van 'n Christelike Sielkunde, oorgedruk uit „Koers", 1947, Deel XlV No.5.

15. Hattingh, J.M. — Die vraagstuk van waarneming van visuele bewegingsillusie, histories, prinsipieël en eksperementeel ondersoek; D.Phil.-proefskrif 1946, Universiteit van Suid-Afrika (ongepubliseer.)

16. Heymans, G. — Psychologie der Vrouwen, onder toezicht van den Schrijver in het Nederlandsch overgebracht door J.F. van Hees, derde druk Uitgegeven door den Maatschappij voor goede en goedkoope Lectuur, Amsterdam.

17. Heymans, G. — Inleiding tot de Speciale Psychologie, Tweede ongewijzigde druk, eerste deel en tweede deel, Haarlem, de Erven F. Bohn, N.V. 1932.

18. Hollitscher W. — Sigmund Freud, an Introduction, Kegan Paul, Trench Trubner & Co. Ltd. London.

19. Klages, Ludwig — Der Geist als Widersacher der Seele, 2 Band, Die Lehre vom Willen, Leipsig, Johann Ambroius Barth, 1929.

20. Kohnstamm, Ph. — Modern-Psychologische Opvattingen omtrent Godsdienst en Religie - een Kritsch Overzicht, N.V. Boekhandel, W. ten Have, Amsterdam.

21. Kuypers, A. — De Ziel van het Kind, de Ontwikkeling tot het dertiende levensjaar, N.V. Gebr. Zomer en Keuning's Uitgeversmkj. Wageningen.

22. Lindworsky, J. — Willensschule, 1922, Drück und Verlag von Ferdinand Schöningh.

23. McDougall, W. — Psychologies of 1930, Edited by Carl Murchison, The International University Series in Psychology, Clark University Press, London, 1930.

24. Messer, August — Psychologie, Deutsche Verlags-Unstalt, Stuttgart und Berlin 1922.

25. Roels, F. — Handboek der Psychologie, 11, Algemene Psychologie (tweede deel), N.V. Dekker & van de Vegt, Utrecht, 1934, Nijmegen.

26. Rohracher, Hubert — Theorie des Willens auf Experimenteller Grundlage, 1, Abt. Zeitschr.f. Psychologie Ergänzungsband 21, 1932, Leipzig, Verlag von Johann Ambrosius Barth.

27. Rombouts, Fr.S. — Zielkundige Begrippen, een inleiding in de Psychologie vooral voor opvoeders, zesde, herziene druk, Drukkery van het P.K. Jongensweeshuis, Tilburg, 1945.

28. Rombouts, Fr.S. — Nuwe Banen in Psychologie en pedagogiek, derde druk, Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, Tilburg, 1928.

29. Stern, W. — Psychologie der Frühen Kindheit, 3. umgearbeitete und erweiterte Auflage, 1923, Verlag von Quelle & Meyer in Leipzig.

30. Stoker, H.G. — Die idee van menslike Vryheid, oorgedruk uit die Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns - Jaargang X111 - 1938/39.

31. Stoker H.G. — Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee of Grondbeginsels van 'n Kalvinistiese Wysbegeerte, Firma J.H. de Bussy, Pretoria, 1933.

32. Stoker, H.G. — Skrifgeloof en Wetenskapsbeoefening, Roneodruk deur C.C. Colijn, Kweekskool, Stellenbosch, 1945.

33. Thorpe, Louis P. — Psychological Foundations of personality, McCraw-Hill Book Company, inc. New York and London 1938.

34. van Dael, Jac. — Geschiedenis der empirische Psychologie, J. Ploegsma, Zeist, MCMXX1X

35. Warren, Howard C. — Dictionary of Psychology, edited by H.C. Warren, Houghton Mifflin Company, The Riversode Press, Cambridge, 1934.

36. Watson, John B. Psychology from the Standpoint of a Behaviorist, Third Edition, Revised, Philadelphia and London J.B. Lippencott Company, 1929.

37. Wexberg, Erwin. Individual Psychology, Translated by W.Beran Wolfe, M.D. London, George Allen and Unwin Ltd. 1930.

38. Woodworth, Robert S. Experimental Psychology, Henry Holt and Company New York, 1938.

# BYLAE A.

## PROTOKOLLE VAN DIE PROEFPERSONE:

Pp.C. Reeks B.

Protokolle van keuses in normale situasie.

N.1. Truman Attlee <u>Stalin.</u> Tyd: 15 seks.

Retrospeksie: (a) Almal was vir my eners en ek het getwyfel. (b) Ek het A t t l e e uitgeskakel en toe tussen die ander twee gekies. (c) Ek was seker van my keuse. (d) Ek het S t a l i n gekies, omdat ek die meeste van hom geweet het en die ander twee vir my onbekend was. (e) Neutrale gevoelens was aanwesig na die keuse.

N.2. lekkers blomme <u>boeke.</u> Tyd: 12 seks.

Retrospeksie: (a) Daar het weer twyfel geheers. (b) Ek het b l o m m e uitgeskakel. (c) Ek het gedink dat b o e k e die mees populêre keuse sal wees en het toe ook so gekies. (d) Ek was ontevrede met die keuse. (e) Onaangename gevoelens was na die keuse aanwesig - ek moes l e k k e r s gekies het. (f) Na oorweging word l e k k e r s gekies.

N.3. <u>nooi</u> vriendin vrou Tyd: 10 seks.

Retrospeksie: (a) N o o i tref my die meeste omdat ek die minste van die woord hou - onaangename gevoel was by my teenwoordig toe ek aan die woord gedink het. (b) N o o i het nogtans die diepste indruk gemaak. (c) V r i e n d i n het ek dadelik uitgeskakel. (d) V r o u hou meer in as n o o i en daarom kies ek n o o i.

N.4. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: 14 seks.

Retrospeksie: (a) Hier het ek baie getwyfel.. (b) Ek het daaraan gedink dat een van die mans beloof het om my te leer s k i e t. (c) V l i e g is die onmoontlikste van die drie. (d) 'n Hollandse vriendin van my is lief vir swem. (e) Maar s k i e t oorheers die ander twee.

N.5. Maandag Woensdag <u>Saterdag.</u> Tyd: 8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het aan M a a n d a g gedink as blou-Maandag en dit dadelik uitgeskakel. (b) Op S a t e r d a g het ons nie klas nie en die aande het ons gewoonlik funksies. (c) Op W o e n s d a g en S a t e r d a g is daar altyd voetbal waarna ek kan gaan kyk. (d) Dis minder moontlik dat ek op W o e n s d a g voetbal sal sien en daarom het ek hom nie gekies nie.

N.6. geskiedenis engels <u>sielkunde.</u> Tyd: 13 seks.

Retrospeksie: (a) By g e s k i e d e n i s het ek 'n onaangename beeld gekry van die bobliotoek en mense wat referate uitwerk en daaroor kla - dus het ek dit dadelik uitgeskakel. (b) Vir my het die keuse tussen s i e l k u n d e en e n g e l s gelê. (c) Ek het onwillekeurig s i e l k u n d e gekies - ek weet nie hoekom nie, want ek wou eintlik e n g e l s gekies het.

N.7. bioskoop konsert <u>opera.</u> Tyd: 16 seks.

Retrospeksie: (a) Die woord o p e r a was vreemd en daarom het ek hom gekies. (b) Ek het aan stukke uit o p e r a s oor die radio gedink - ek hou van die operamusiek. (c) Ek hou nie van b i o s k o o p nie. (d) Ek hou van k o n s e r t en het dit al baie bygewoon en weet ook baie daarvan. (e) K o n s e r t is egter 'n alledaagse woord.

N.8. onderwyser <u>dokter</u> predikant. Tyd: 10 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het aan die d o k t o r e van die P.U.K. gedink - ook prof Hattingh en die sielkundelaboratorium. (b) By p r e d i k a n t het ek gedink dat die mense sê hy is beter as wat hy werklik is, en hy stel hulle teleur. (c) Ek behoort o n d e r w y s e r te kies, want ek het die meeste belang daarby. (d) Die woord d o k t e r of doktor val op weens die eienaardigheid van die spelling. (e) Die begrip d o k t e r is wyer as die ander een en sluit meer in. (f) Geleerdheid het die hoogste getel.

N.9. maanlig <u>sonskyn</u> dagbreek. Tyd: 12 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het m a a n l i g en d a g b r e e k eerste raakgesien. (b) M a a n l i g is assosieer... met lawwe romanse. (c) D a g b r e e k gee die indruk van lewe. (d) Die woord d a g b r e e k is baie bekend en ek assosieer dit met die opkomende son voor my ~~sien~~. (e) S o n s k y n is gesond en bevat vitaminewekkende strale. (f) Ek assosieer s o n s k y n ook met die kafee hier naby.

N.10. 13 100 <u>1760</u> Tyd: 13 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het 1760 as 'n datum gesien en veral aan die Hugenote van ons land gedink. (b) Ek het 100 as 'n eeu gesien en gedink aan die portrette van mense wat so oud word en wat in die koerante verskyn. (c) Ek het 13 gesien as 'n ongelukkige getal. (d) Ek kon 1760 as 'n datum nie presies plaas nie.

N.11 dans <u>volkspele</u> sport. Tyd: 15 seks.

Retrospeksie: (a) S p o r t h oort nie by d a n s en v o l k s p e l e nie. (b) Ek het mense in 'n saal gesien v o l k s p e l e doen.

(c) Ek het s p o r t dadelik uitgeskakel en die keuse laat gaan tussen d a n s en v o l k s p e l e. (d) Ek beskou d a n s as nie reg nie en sou dit nie graag wou doen nie om godsdienstige redes. (e) Ek het v o l k s p e l e gekies, omdat ek vroeër in my lewe persoonlik voor die keuse tussen d a n s en v o l k s p e l e gestaan het en toe die laasgenoemde gekies het.

N.12. blou <u>geel</u> groen. Tyd: 6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Al drie die kleure is van die hoofkleure van die kleurprisma wat ons gister behandel het en ek kan die dosent duidelik voor my sien soos hy besig was om dit aan ons te verduidelik. (b) Ek het b l o u uitgeskakel en die keuse tussen g e e l en g r o e n laat gaan. (c) Ek hou baie van g r o e n en niks van g e e l nie. (d) Die woord en die kleur van g e e l het my die meeste gehinder. (e) By g r o e n het ek gedink aan die g r o e n in die natuur. (f) By g e e l het ek 'n meisie met 'n geel trui aan gesien. (g) G e e l dra die betekenis van jaloesie in hom om en het 'n onaangename gewaarwording by my gewek.

N.13. Vondel <u>Kant</u> Calvyn Tyd: 8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het Calvyn as geloofsstryder gesien. (b) K a n t is nie bekend nie, maar dit kan die naam van 'n persoon wees en ook kantmateriaal. (c) Ek het Vo n d e l en K a n t met mekaar assosieer. (d) V o n d e l het my laat dink aan prof. Dekker se klas - mooi klank en woorde van die gedigte van V o n d e l. (e) Ek het tussen V o n d e l en C a l v y n oorweeg en tog K a n t gekies. (f) Daar was 'n onseker gevoel na die keuse aanwesig.

<u>Pp.C. Reeks B.</u>

A. <u>Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:</u>

A.1. <u>vlieg</u> swem skiet Tyd: 14.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Dit het my getref dat dit dieselfde prikkelwoorde as in die vorige eksperiment was. (b) S k i e t het my weer getref en ek het daaraan gedink dat ek dit die vorige keer gekies het. (c) V l i e g is hier meer toepaslik omdat die voorstelling iets ligs en swewend is...iets wat kan v l i e g. (d) Ek het gekies wat betrekking het op die musiek. (e) S w e m, sowel as s k i e t, het in hierdie situasie geen verband nie. (f) 'n Gelukkige gevoel was na die keuse aanwesig.

A.2. <u>Maandag</u> Woensdag Saterdag. Tyd: 18 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek dink ek het verlede keer S a t e r d a g gekies. (b) Ek het 'n flits van sport en funksies gekry. (b) Ek was jammer dat Donderdag nie een van die prikkelwoorde was nie, want ek het gedink aan die Blourokke wat op Donderdae kerk het. (d) Die musiek laat my 'n Sondagstemming kry. (e) M a a n d a g is die naaste aan Sondag en daarom het ek dit gekies. (f) Ek sien nog die toneel van Sondag se diens

maar stel my voor dis net 'n dag verder. (g) W o e n s d a g het hier vir my geen betekenis nie en S a t e r d a g met sy gewoel en gewemel kan ek nie kies nie. (h) Na die keuse was daar 'n neutrale gevoel by my aanwesig.

A.3. geskiedenis <u>engels</u> sielkunde Tyd: 13 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het s i e l k u n d e raakgesien en was toe bewus dat Ons 'n eksperiment s i e l k u n d e doen. (b) Toe het ek aan ge s k i e d e n i s gedink en probeer om Maria in verband met die g e s k i e d e n i s te bring. (c) Hierna het ek 'n bietjie gehuiwer. (d) Toe het ek bewus geword dat die lied in e n g e l s gesing word met vreemde woorde tussenin. (e) E n g e l s was dus meer toepaslik. (f) Ek het gehuiwer tussen g e s k i e d e n i s en e n g e l s en kon miskien g e s k i e d e n i s gekies het, maar toe het e n g e l s die oorhand gekry. (g) Ek wou nie s i e l k u n d e kies nie. (h) 'n Ontevrede gevoel was aanwesig na die keuse.

A.4. bioskoop konsert <u>opera.</u> Tyd: 5.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het dadelik o p e r a gekies en nie eers rekening met die ander twee gehou nie. (b) B i o s k o o p en k o n s e r t is nie verhewe genoeg vir die situasie nie. (c) Miskien kan ons dieselfde toneel wat ek nou voor my oë sien, ook in 'n o p e r a sien. (d) Die woord o p e r a is die meespaslike en die woord, sowel as die begrip van t o n e e l en b i o s k o o p, is te goedkoop in hierdie situasie. (e) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.5. dans <u>volkspele</u> sport Tyd:12 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink dat nie een van die drie gekies kon word nie, maar het my verplig gevoel om te kies. (b) Op die oomblik dat ek na die woord vo l k s p e l e gekyk het, het die sang wat toe gesing is, my getref - ek het iets gehoor wat aan v o l k s p e l e herinner. (c) Ek kon d a n s gekies het, maar ek heg 'n slegte betekenis daaraan en wou hom dus nie kies nie. (d) By s p o r t het ek net 'n atleet wat oor hekkies spring, gesien en ook baie toeskouers. (e) Na die keuse was daar 'n onseker gevoel by my aanwesig.

<u>Pp.C. Reeks B.</u>

B. <u>Protokolle van keuses in sentimentele stemmingsituasie:</u>

B.1. vlieg <u>swem</u> skiet Tyd: 9.5. seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die musiek het 'n landelike toneeltjie, nl. 'n engelse landskap met huis en 'n dammetjie waarop eende s w e m by my opgewek. (b) Daar was voëls in die lug en nessies in die bome. (c) Ek het v l i e g en s w e m albei oorweeg. (c) Dit sou heiligskennis wees as iemand van die voëls sou s k i e t en daarom het ek s k i e t nie gekies nie. (d) Daar was 'n rustige en aangename gevoel aanwesig na die keuse.

B.2. Maandag <u>Woensdag</u> Saterdag Tyd: 11.3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) In die middel van die week is daar 'n sekere mate van rus .......dis net 'n halfdag se werk en pas by die stemming. (b) M a a n d a g het nou vir my meer betekenis van lewe - eerste werksdag van die week. (c) Ek het S a - t e r d a g nie oorweeg nie. (d) 'n Onseker gevoel was na die keuse aanwesig.

B.3. <u>geskiedenis</u> engels sielkunde Tyd: 11 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het s i e l k u n d e dadelik buite rekening gelaat. (b) Die idee van die ou engelse huis wat ek netnou genoem het, gee my 'n toneel as deel van die engelse g e s k i e d e n i s. (c) Ek het e n g e l s oorweeg, want die atmosfeer is e n g e l s, maar het toe nie lus gevoel om e n g e l s te kies nie. (d) Dit het my getref dat ek op drie verskillende kere noual aldrie die prikkelwoorde gekies het. (e) Ek het aan g e s k i e d e n i s gedink, maar nie soos jy op skool leer nie.

B.4. <u>bioskoop</u> konsert opera Tyd: 8.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het nie aandag aan o p e r a geskenk nie. (b) My eerste gedagte was dat ek b i os k o o,p moes kies, want daar is 'n halfengelse betekenis aan verbonde. (c) Voorheen het ek al dieselfde lied in 'n b i o s k o o p gehoor. (d) Ek kan my nie voorstel dat ek al dieselfde lied en situasie in 'n k o n s e r t gehoor het nie. (e) Die moontlikheid om 'n landelike, huislike toneel weer te gee is in b i o s k o o p baie meer as wat dit in die toneel of o p e r a is. (f) Na die keuse het ek gevoel dat ek reg gekies het.

B.5. dans volkspele <u>sport</u> Tyd:13.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het hierdie prikkelwoorde al voorheen gesien. (b) Vorige gewaarwordinge het deur my geflits. (c) Ek het d a n s dadelik uitgeskakel, want dit pas nie hier nie. (d) Ek het s p o r t gesien in 'n ander sin as atletiek. (e) S p o r t was vir my die engelse jag deur middel van honde en dit pas by hierdie situasie. (f) Ek het verder ook 'n toneel van waterpolo gesien. (g) By v o l k- s p e l e het dit my net getref dat daar ook engelse v o l k - s p e l e sal wees.

<u>Pp.C. Reeks B.</u>

C. <u>Protikolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:</u>

C.1. vlieg <u>swem</u> skiet Tyd: 16.5.se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het s k i e t dadelik uitgeskakel.

(b) Ek stel my die toneeltjie van Gypsies in die aand om die kampvuur voor en die een van die prikkelwoorde pas daarby nie. (c) Ek kon nie besluit watter een om te kies nie. (d) Die rook en die hitte laat die gesigte van die mense aan die anderkant van die kampvuur half s w e m - blurr en dis daarom dat ek s w e m gekies het.

C.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 7 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die ander twee dae het geen betrekking op die situasie nie. (b) Die stemming is die van S a t e r d a g vrolikheid. (c) Ek het daaraan gedink dat ek gister W o e n s- d a g gekies het, maar die dag het meer stilte en rustigheid en daarom het ek nou anders gekies.

C.3. geskiedenis engels <u>sielkunde:</u> Tyd:16 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek kon nie die begrip g e s k i e d e n i s aan so 'n ligte opgewekte toneeltjie koppel nie. (b) Ook met e n g e l s het dit geen verband nie. (c) By s i e l- k u n d e het die gedagte by my opgekom dat die mense wat dit die minste bestudeer het, die s i e l k u n d e die beste in die praktyk toepas. (d) Ek sien 'n groepie eenvoudige mense gesellig bymekaar en hulle staan miskien juis in 'n goeie verhouding tot mekaar, weens hulle ongekunsteldheid en natuurlike aanleg en takt in hulle omgang met mekaar, daarom het ek s i e l k u n d e gekies.

C.4. bioskoop <u>konsert</u> opera Tyd: 7.5. seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) O p e r a het hier geen belang nie en ek het dit dadelik uitgeskakel. (b) Die keuse was tussen b i o s k o o p en k o n s e r t. (c) By k o n s e r t het ek gedink aan 'n kampvuurkonsert waar verskillende dansies, passies en opgewekte items uitgevoer word.

C.5. <u>dans</u> volkspele sport Tyd: 14 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Dit het my hier opgeval dat ek d a n s kan kies, want dis nog die enigste kans wat ek gehad het om d a n s te kies. (b) 'n Groepie Gypsies om die kampvuur sal die kans hê om ligte passies en dansies uit te voer. (c) Om die kampvuur sal daar nie geleentheid wees om s p o r t en v o l k s p e l e uit t e voer nie.

<u>Pp.C. Reeks B.</u>

D. <u>Protokolle van keuses in uitbundigvrolike stemmingsituasie:</u>

D.1. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: 5.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Hier was half 'n stemming van afsku. (b) Ek sien meisies met 'n gedans en geswaai van die liggaam- dit is vir my afskuwelik. (c) Ek kon nie besluit watter een

om te kies nie, want nie een van die prikkelwoorde het enige toepassing op die musiek nie. (d) Ek het v l i e g nie oorweeg nie. (e) Die beweging het my aan s w e m herinner en ook swaaibewegings van dansers. (f) Op die agtergrond (het ek my voorgestel) kon ek rewolwer-of geweerskote hoor soos in 'n goedkoop bioskoop gesien word ........die musiek is by gevegte.

D.2. Maandag <u>Woensdag</u> Saterdag Tyd: 10 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het M a a n d a g gou uitgeskakel en my keuse laat gaan tussen W o e n s d a g en S a t e r d a g. (b) W o e n s d a g was egter oorwegend, omdat op W o e n s - d a g eerder so 'n bioskoopvertoning of wilde funksies kan plaasvind. S a t e r d a g is meer ordentlike dinge aan die gang.

D.3. <u>geskiedenis</u> engels sielkunde Tyd: 8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Daar is geen s i e l k u n d i g e element aan hierdie prikkels verbonde nie. (b) Ek stel my voor dat die meeste mense wat aan hierdie besondere toneel deelneem, e n g e l s e is. (c) Ek het gewonder wat die g e s k i e - d e n i s van hierdie soort musiek is, en toe gedink aan Amerika waar dit waarskynlik ontstaan het.

D.4. <u>bioskoop</u> konsert opera Tyd: 7 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Hierdie musiek pas die beste by die b i o - s k o o p. (b) Ek het my probeer voorstel van so 'n toneel in 'n o p e r a of k o n s e r t, maar ek kon nie. (c) Die situasie en musiek pas die beste by b i o s k o o p en daarom het ek dit ook gekies.

D.5. <u>dans</u> volkspele sport Tyd: 10.5.seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Hierdie soort atmosfeer en musiek pas die beste by d a n s en daarom hou ek nie van d a n s nie. (b) S p o r t is dadelik uitgeskakel. (c) Ek het my probeer voorstel of die soort musiek ook die v o l k s p e l e van ander lande kan belgelei, maar ek glo nie.

<u>pp.D. - Reeks A.</u>

<u>Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:</u>

A.1. protestant sekte <u>katoliek</u> Tyd: 5.2seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die prikkels assosieer met 'n bioskoopprent waar mense in koor die stuk sing wat nou gespeel word. (b) 'n Beeld van 'n katedraal met gewyde en heilige stemming het voor my gekom. (c) By p r o t e s t a n t het ek gedink aan een van die Hollandse kerke en het gedink dat die musiek daar ook sou pas.....alhoewel nie in dieselfde lig as by K a t o l i e k e nie.

(d) S e k t e het nie die minste verband met die musiek en situasie nie en is dadelik uitgeskakel.

A.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 10 seks.

Retrospeksie: (a) Die beeld van die ligte in 'n groot saal op 'n S o n d a g a a n d het by my opgekom. (b) Alles is dof en daar heers 'n bedrukte stemming in die hele atmosfeer. (c) D o n d e r d a g het my koudgelaat en is dadelik uitgeskakel. (d) By V r y d a g het ek gedink aan die vryheid wat 'n mens dan geniet en 'n gevoel van vryheid het by my opgekom.

A.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 15.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het weer die beeld van 'n katedraal gehad, maar waar die priester preek oor b i o l o g i e. (b) By w i s k u n d e het dit my voorgekom of bepaalde note wiskundig bepaal kan word. (c) By f i l o s o f i e het die idee van 'n filosofiese uiteensetting van die konstruksie van die lied self by my opgekom.

A.4. Voetbal tennis krieket Tyd:18.4 seks.

Retrospeksie: (a) Voor my het die beeld van 'n t e n n i sbaan waar gemengde spel plaasvind, opgekom. (b) Die gedagte van katoliek was dominerend en ek het nonne sien speel met hulle swart kleding aan...daar was nie 'n gelag en vrolikheid nie, maar die atmosfeer is stemmig en bedrukt. (c) By v o e t b a l het ek 'n beeld van 'n voetbalveld naby die kerk gehad en die spelers staan eers en luister en speel dan weer. (d) By K r i e k e t was die beeld meer vloeiend en ek het een gesien wat gooi en een wat agter die paaltjies staan en die bal vang.

A.5. geloof hoop liefde. Tyd: 6.2. seks.

Retrospeksie. (a) Ek het die beeld van die maagd Maria gehad as werklike vrou en moeder, baie jonk en mooi en afkykende van 'n verhewe troon met l i e f d e op die mense. (b) Saam het die drie prikkels vir my 'n goddelike betekenis. (c) Ek het baie gedagtes oor die redding van die mensheid in my gedagtes gemerk.

Fp.D. - Reeks A.

B. Protokolle van keuses in sentimenteel-verlangende stemmingsituasie:

B.1. Protestant sekte katoliek. Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) 'n Gevoel van verlange na huis is by my gewek en ek het 'n beeld van ons ontgroening gehad waar een op 'n saag die lied gespeel het. (b) Ek het die beeld van 'n godsdiensoefening tuis gesien, waar pa aan die hoof van die tafel sit en alles stemmig en gewyd toegaan.

(c) 'n Volslae verhewe en tevrede gevoel was by my aanwesig. (d) I.v.m. s e k t e het ek 'n veragtende gevoel gekry. (e) K a t o l i e k is dadelik uitgeskakel. (f) P r o t e s t a n t was op die voorgrond, omdat ek self daarin deel.

B.2. <u>Sondag</u> Donderdag Vrydag Tyd: 6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) S o n d a g is 'n familiedag en ons is almal rustig bymekaar in gesellige verkeer. (b) 'n Brandende verlange en hunkering kom by my op nou in so 'n dag te deel. (c) By D o n d e r d a g het ek net 'n harde werksdag gesien waar geen tyd vir gesellige verkeer is nie. (d) Ek het V r y d a g gesien as die voordag tot 'n naweek.

B.3. biologie wiskunde <u>filosofie</u> Tyd: 11 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het my ingeleef in die klas van vanmôre in f i l o s o f i e waar die vryheid van die mens bespreek is. (b) Ek het 'n gevoel van verlange na die volmaakte vryheid ondervind. (c) 'n Onderdanige onderwerping aan die lewe self het by my opgekom. (d) By w i s k u n d e het ek 'n beeld van meetkunde gekry en ek wou vierkante i.v.m. die huis bring, nl. die rangskikking van die meubels. (e) B i o l o g i e het my koudgelaat en ek het dit dadelik uitgeskakel.

B.4. <u>voetbal</u> tennis krieket Tyd: 18 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Dit was vir my moeilik om v o e t b a l in die situasie in te dink. (b) Ek het die beeld van damestoeskouers wat slepend sing, gehad. (c) Die stemming is stremmend en almal voel half bedruk. (d) By t e n n i s het ek spelers in wit geklee op die bane gesien. (e) Ek het by k r i e k e t weer 'n beeld van ons huis en familiekring gesien en die spel ignoreer.

B.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 3.8. se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het 'n innige gevoel gekry van die wedersydse l i e f d e van ons huismense. (b) Die wens het by my opgekom om die gevoel nog meer eg en innig te maak. (c) Ek het gedink aan vanmôre se klas waar l i e f d e geassosieer is met emosie en gevoel en dat dit die dominerende faktor is. (d) G e l o o f het vir my net as 'n werklikheid voorgekom. (e) By h o o p het ek dadelik aan 'n massa gedink kwantiteit - 'n h o o p mielies.

<u>Pp.D. - ReeksA.</u>

C. <u>Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:</u>

C.1. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 12.6.se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het eers geweifel om te kies, want ek het hi die prikkels al voor my gehad. (b) P r o t e s t a n t i

die enigste wat ek met die musiek kan verbind. (c) Ek het dit gekies, omdat ek dit die meeste assosieer met die musiek en stemming waarin ek verkeer.

C.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 8.4. sek

Retrospeksie: (a) Ek het my ingeleef in die stemming van 'n S o n d a gmiddag in 'n rustige koel voorkamervertrek. (b) Ek het voor my die dame gesien wat die stuk gespeel het en haar gevra om die stuk te herhaal. (c) Die ander twee was vaag en het geen aandag geniet nie.

C.3. Biologie wiskunde filosofie Tyd: 8.2 seks

Retrospeksie: (a) Ek het my ingedink in 'n onderwerp van bespreking i.v.m. sekere biologiese verskynsels. (b) B i o l o-g i e is darem tussen die mense en al die prikkelwoorde is onvanpas by die musiek en die stemming.......ek kan nie kuns daarmee verbind nie.

C.4. voetbal tennis krieket Tyd: 8 seks.

Retrospeksie: (a) Die ritme in die musiek herinner aan 'n bal wat heen en weer geslinger word. (b) Ek het die manier waarop die mense as groep beweeg, gesien. (c) Ek het 'n fantastiese beeld van v o e t b a l en die massa skare op die pawiljoen gekry. (d) By t e n n i s het ek 'n beeld van 'n reeks bane op 'n ry gekry met spelers in wit klere en dit het my aan 'n dansbaan laat dink. (e) Dieselfde beeld het ek ook by k r i e-k e t gekry. (f) Die bewegings en houe van die mense is grasieus en ek het die drie prikkelwoorde met mekaar assosieer. (g) V o e t b a l het egter die meesprominente plek ingeneem.

C.5. geloof hoop liefde Tyd: 5.6 seks

Retrospeksie: (a) G e l o o f bestaan vir my as 'n feit en ek is oortuig daarvan. (b) Ek het dit i.v.m. die goddelikheid gebring en die vraag het by my opgekom of ek g e l o o f in God het. (c) Ek het l i e f d e net assosieer met die feit dat daar l i e f d e by 'n groep moet wees, maar niks meer nie (d) By h o o p was daar net 'n hunkering.

Pp.D - Reeks A.

D. Protokolle van keuses in uitbundigvrolike stemmingsituasie:

D.1. protestant sekte katoliek Tyd: 11 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die musiek assosieer met iets wat 'n euwel is en daarom het ek s e k t e gekies. (b) Ek het gedink aan die musiek van 'n s e k t e van die lewendige tipe. (c) By p r o t e s t a n t het ek gevoelens teenstrydig met

die musiek ondervind en 'n skuldige gewete vir deelname aan die dans. (d) K a t o l i e k het my koudgelaat en is uitgeskakel.

D.2. <u>Sondag</u> Donderdag Vrydag Tyd: 17 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek was bewus van die veiligheid van die dag, maar die drang om dit te ontheilig het op die voorgrond gekom. (b) Ek het gesien dat vandag op S o n d a g sulke musiek gespeel en daar ook gedans word. (c) Ek het 'n onseker gevoel oor wat ek sou doen onder sulke omstandighede. (d) By D o n d e r d a g het ek gedink of daar op die dag 'n dans is. (e) Ek het Vrydag dadelik met 'n dans assosieer, omdat ek daarheen gevra is. (f) Ek wil V r y d a g isoleer uit die gedagte omdat ek nie na die betrokke dans wil gaan nie.

D.3. biologie <u>wiskunde</u> filosofie Tyd: 9 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het w i s k u n d e dadelik i.v.m. ons wiskundeonderwyser wat baie lief vir dans is, gebring. (b) Van b i o l o g i e het ek min kennis. (c) Assosiasies by f i l o s o f i e is maar gering. (d) Die beeld van die onderwyser wat graag dans, het gedomineer.

D.4. voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 7.2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By t e n n i s het ek gedink aan 'n dame wat my gevra het om op hulle bane te kom speel. (b) Ook het ek gedink aan my moeder wat lief is daarvoor en aandring dat ek daaraan sal deelneem. (c) By v o e t b a l het ek gedink aan intervarsity en die joolpret met die dans die aand. (b) Teenoor k r i e k e t was 'n misnoeë weens onderbrekings vir aankondigings oor die radio wanneer ek na die musiek luister. (e) Ek voel 'n drang om aan t e n n i s deel te neem volgens ma se wens.

D.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 3.6.seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink hoe baie ek gehaal het uit 'n Preek van 'n sekere predikant oor li e f d e, en hoe lief party mense kan hê. (b) Ek het 'n eensame gevoel by l i e f d e ondervind. (c) Ek het die drie prikkels i.v.m. die Bybel gebring. (d) L i e f d e was iets sterks en uitstaande.

<u>Pp.E. - Reeks A.</u>

<u>Protokolle van keuses in normale situasie:</u>

N.1. <u>Malan</u> v.Rensburg Smuts Tyd: 5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het M a l a n gesien as die leier van die H.N.P. (b) My idees stem ooreen met syne. (c) Hy is 'n baie goeie redenaar. (d) Hy gebruik nooit engels nie.

(e) By die sien van sy naam is daar patriotisme in my gewek. (f) By v. R e n s b u r g het ek die idee van 'n tweegesig gekry op 'n sekere vergadering. (g) S m u t s het ek met Engeland assosieer en hom gesien as verteenwoordiger van die engelse volk.

N.2. Protestant sekte katoliek Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het verskillende aspekte in die geskiedenis gesien en ook die mohammeddane daarmee assosieer. (b) Ek het gedink aan die stryd van die Nederlandse terwille van hulle geloof. (c) Iets in my het gemaak dat ek nie die ander twee kon kies nie. (d) Die woord „s e k t e" het 'n onaangename gevoel gewek toe ek gedink het aan 'n sektariese voorspelling dat die wêreld voor 1940 sou vergaan. (e) Ook het ek gedink aan 'n preek van 'n sekere predikant oor die Roomse gevaar.

N.3. vriend moeder bekende Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) B e k e n d e is vir my iets vaags en ek het dit dadelik elimineer en my keuse laat gaan tussen die ander twee. (b) By die woord m o e d e r het ek 'n visuele voorstelling van m o e d e r op die plaas gehad. (c) V r i e n d het ek ook met 'n sekere persoon assosieer. (d) Ek was onseker i.v.m. die keuse en het amper v r i e n d gekies. (e) Ek weet egter nie hoekom ek m o e d e r gekies het nie.

N.4. staal goud silwer Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) By g o u d is daar 'n geskiedenis-element. (b) G o u d het die idee van opbou gegee - ek het Johannesburg gesien hoe dit voor en na die ontwikkeling van g o u d gelyk het. (c) G o u d was vir my oorwegend en uitstaande. (d) S t a a l was vaag en by s i l w e r het ek trippens gesien wat maar van min belang is.

N.5. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) 'n Gevoel van rustigheid is by my gewek - die arbeid is opsygeskuif en ek word geestelik en liggaamlik vir die week gesterk. (b) 'n Aangename gevoel was by die beeld van S o n d a gmiddag in die son te sit en dan te gaan slaap. (c) 'n Beeld van ons plaas het opgekom waar almal die S o n d a gmiddag gaan slaap het en pa kwaad was, omdat my suster ook ek geraas het. (d) Ek het D o n d e r d a g assosieer met die baie klasse van verlede jaar wat vir my onaangenaam was. (e) Ek het D o n d e r d a g ook assosieer met die feit dat ek met een van die professore gehaak het verlede jaar en altyd baie opgewonde en bang gevoel het, voordat sy lesse begin het. (f) V r y d a g was vir my vaag en ek het gedink aan skoolhou en die lang naweek wat op V r y d a g volg. (g) Ek het V r y d a g toe elemineer. (h) 'n Gevoel van rustigheid het na die keuse by my opgekom.

N.6. <u>biologie</u> wiskunde filosofie Tyd:4.8. seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek was nooit goed in w i s k u n d e nie en my onderwyser wat te veel gepraat en te min gedoen het, het 'n afkeer in die vak by my gewek. (b) Ek het 'n geringe kennis van f i l o s o f i e en het dit dadelik elimineer. (c) By b i o l o g i e het ek die onaangename beeld van 'n dame wat my boek geleen het in 'n Junietoets en dit toe weer terugbesorg het. (d) I.v.m. bi o l o g i e het ek die tekening van die bloedsomloop en die spysverteringskanaal gesien. (e) Ek het baie van b i o l o g i e as vak gehou.

N.7. klavier <u>viool</u> ghitaar Tyd: 4.5. seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) V i o o l het ek assosieer met die Hoof van ons Hoërskool wat pragtig kan speel. (b) By k l a v i e r het ek die beeld gekry van 'n dame wat verlede jaar die note hard geslaan en ook hard met die voet gestamp het. (c) By g h i t a a r het ek myself vaag gesien waar ek probeer speel het, maar die beeld het gou verdwyn. (d) Ek het my maat gesien g h i t a a r speel, veral die manier waarop hy die snare gedruk en laat los het. (e) Die beeld van die onderwyser en die v i o o l was uitstaande. (f) Ek het baie van die onderwyser gehou.

N.8. <u>ambisie</u> liefde patriotisme Tyd: 4.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het l i e f d e dadelik uitgeskakel. (b) Ek kon beswaarlik kies tussen a m b i s i e en p a - t r i o t i s m e. (c) My a m b i s i e was om in die medisyne te studeer, maar deur gepraat van ander is ek daarvan afgeraai en nou is dit onbereikbaar. (d) P a t r i o t i s m e het my laat dink aan 'n onderwyser wat nie baard laat groei het met die eeufees nie en gesê het dat sy p a t r i o - t i s m e nie in sy baard sit nie. (e) Pa t r i o t i s m e het dus nie 'n ernstige gevoel by my gewek nie. (f) A m b i- s i e wek altyd 'n heimwee by my op.

N.9. kunsgalery <u>plaas</u> fabriek Tyd: 7 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het f a b r i e k dadelik uitgesluit. (b) By k u n s g a l e r y het ek gedink aan die ultramoderne dames wat met my besoek aan die k u n s g a l e r y te Durban ligsinnige opmerkings oor die skilderye gemaak het en dit het my baie gehinder. (c) P l a a s was oorwegend: ek het tonele uit my jeug gesien waar ek nie wou skoolgaan nie, maar liewers vir pa wou help. (d) By f a b r i e k het ek Thabazimbi-berg gesien en nie 'n f a b r i e k nie. (e) Die gevoel van verontwaardiging i.v.m. k u n s g a l e r y is oorheers deur 'n verlange na die p l a a s.

N.10. 7 1000 <u>880</u> Tyd: 5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die prikkel 880 was dadelik opvallend en ek het dit verbind met atletiek. (b) 'n Onaangename gevoel is verbonde aan die dag toe ek op Heidelberg met die inter-Normaal verloor het oor hierdie afstand ... lagwekkende situasie dat ek die laaste 50 tree gestap het.

(c) Ek het 1000 verbind met die boek,„Kompartement 1001E" en kon hom duidelik voor my sien. (d) Ek het 7 assosieer met skool en met my klas.

N.11. voetbal tennis krieket Tyd: 4.5 seks.

Retrospeksie: (a) K r i e k e t is vaag en wek 'n onaangename gevoel, nl. van die Springbokke wat verloor het. (b) T e n n i stoernooi in die bosveld op Sondag wek 'n onaangename gevoel. (c) Lagwekkend is weer waar die ou plomp dokter ook aan hierdie toernooi deelneem. (d) By v o e t b a l is 'n leë gevoel ...ek wil graag speel, maar kan, weens 'n liggaamlike gebrek, nie speel nie. (e) Ek het ook gedink aan my broer wat verleë gevoel het toe hy gevra is om te speel en daar toe weer iemand anders in sy plek geplaas is.

N.12. Tyd: 7.5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die v i e r k a n t dadelik uitgeskakel, want dit vertoon slordig. (b) Die s i r k e l is assosieer met 'n bordpasser en 'n s i r k e l wat op die bord gemaak word. (c) Ek het s i r k e l ook assosieer met 'n ghoenspeletjie waar 'n sekere oom 'n geestige opmerking gemaak het. (d) Die d r i e h o e k het ek assosieer met meetkunde waarmee ek baie gesukkel het. (e) Die d r i e - h o e k is ook assosieer met 'n eksperiment in sielkunde. (f) 'n Strepie onderaan die d r i e h o e k laat dit 'n boompie voorstel.

N.13. geloof hoop liefde Tyd: 5.5 seks

Retrospeksie: (a) Voordat die prikkel toegedien is, het ek besluit om die linkerhandse woord te kies, maar toe die prikkel toegedien is, het ek weer getwyfel. (b) G e l o o f het ek assosieer met 'n biduur en die gedagte van g e l o o f, soos by my vader aangetref, het my dit laat kies.

Pp.E. - Reeks A.

A. Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:

A.1. protestant sekte katoliek Tyd: 6 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het eers na p r o t e st a n t gekyk, maar die beeld van 'n katedraal wat by my opgekom het, het my k a t o l i e k laat kies. (b) Die milieu is k a t o l i e k met die priester in sy lang toga. (c) S e k t e het vaag gebly en is nie met die situasie en die musiek assosieer nie. (d) My keuse was net tussen p r o t e s t a n t en k a t o - l i e k. (e) Vaagweg hou die k a t o l i e k e kerk 'n diepe bekoring vir my in, alhoewel ek nie met hulle opvattings kan saamgaan nie.

A.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) 'n Beeld van die opvoering van 'n kantate het by my opgekom. (b) Ek kon die rangskikking van die persone sien. (c) Veral een dame het my aandag getrek - haar liggaamsbou, vel, ens. (d) D o n d e r d a g was baie vaag. (e) V r y d a g het ek as aand gesien en dit het nie daarby gepas nie.

A.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 7.4 seks

Retrospeksie: (a) Ek kon die woorde nie met die musiek se situasie vereenselwig nie en 'n gevoel van afkeer het by my opgekom. (b) Veral b i o l o g i e en w i s k u n d e was sterk afkerig. (c) F i l o s o f i e was minder afkerig en veral die voorste lettergreep, „Fil", het ek assosieer met 'n man wat ek ken.

A.4. voetbal tennis krieket Tyd: 6.8 sek

Retrospeksie: (a) Momenteel het ek nie geweet wat om te kies nie, want nie een was uitstaande nie. (b) Assosiasies met k r i e k e t wat op Sondae gespeel word, het by my opgekom. (c) So praat mense baie maal van godsdiens, maar doen dit wat heeltemal onvanpas is. (d) Die kontras van kerkgangers en k r i e k e tspelers op Sondag het baie skerp by my opgekom.

A.5. geloof hoop liefde Tyd: 6.6 sek

Retrospeksie: (a) Ek het daaraan gedink dat g e l o o f die vorige keer ook sterk gestaan het, maar l i e f d e sterker. (b) Hierdie keer is g e l o o f sterker en l i e f d e vaag. (c) 'n Gevoel van onderdanigheid het by my opgekom. (d) Ek het aan my eie godsdienstige opvatting gedink en gewonder waarom daar eers stilte moes kom, voordat ek aan g e - l o o f kon dink. (e) Dit het vir my 'n gevoel van kleinheid gegee. (f) G e l o o f was uitstaande en ander vaag.

Pp.E. - Reeks A.

B. Sentimentele verlangende stemmingsituasie:

B.1. protestant sekte katoliek Tyd: 9.5 sek

Retrospeksie: (a) Nie een van die woorde het navore getree nie. (b) Ek het my 'n klooster voorgestel waar alles stil is en toe k a t o l i e k gekies. (c) Ek het 'n klooster voorgestel met nonne met strak gesigte verlangend na iets buite hulle bereik. (d) By s e k t e het ek niks ervaar nie. (e) P r o t e s t a n t was baie vaag.

B.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 4.8 seks

Retrospeksie: (a) Ek het die woorde gesien en het dadelik gedink aan die musiek toe ek die vorige keer die drie woorde gesien het. (b) Hierop het ek onmiddellik na S o n d a g gekyk, want die musiek pas by die dag en ek voel ook so. (c) Gevoel van verhewenheid is by my gewek waar mense aanstap na die kerk toe op 'n sonnige S o n d agmôre. (d) Selfs my gedagtes op die moment was ook gewyd. (e) D o n d e r d a g was vaag en V r y d a g sou ek met ander musiek assosieer.

B.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) 'n Geweldige gevoel van afkeer is by my gewek .... - asof die woorde my uit die stemming wou uitruk .... die stemming waarin ek graag wou bly. (b) B i o l o g i e en w i s k u n d e het niks met die stemming te doen nie. (c) F i l o s o f i e is nie so erg nie en daarom het ek hom gekies - F i l o s o f i e as algemene term pas meer by die musiek.

B.4. voetbal tennis krieket Tyd: 7.8 seks

Retrospeksie: (a) Weer het 'n gevoel van afkeer ontstaan, omdat aldrie die idee van die werklike, die praktiese gee. (b) Dit is belangrik om in die stemming v o e t b a l te speel (c) By t e n n i s het ek aan die vlugheid gedink en die teenstelling met my gevoel ondervind. (d) K r i e k e t was heeltemal vaag.

B.5. geloof hoop liefde Tyd: 8.5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het bewus daarvan gedink hoekom l i e f d e op die voorgrond staan, maar kon geen oplossing vind nie. (b) Ek het 'n beeld van die plaas en ouerhuis met gesellige verkeer gekry. (c) Ek het nie besonder aan h o o p gedink nie. (d) Naas l i e f d e het g e l o o f gestaan want in die stemming is jou g e l o o f sterker as die praktiese gevoel.

Pp.E. - Reeks A.

Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:

C.1. protestant sekte katoliek Tyd: 11 seks.

Retrospeksie: (a) Die musiek is nie vrolik genoeg om by s e k t e te pas nie. (b) Dit laat 'n mens meer dink aan p r o t e s t a n t, 'n half skoon gevoel en beeld van die kerk in die algemeen. (c) K a t o l i e k het nie juis iets besonders by my opgewek nie. (d) Die skoon gevoel wat die musiek my gegee het, het gemaak dat ek p r o t e s t a n t gekies het.

C.2. Sondag Donderdag <u>Vrydag</u> Tyd: 4.4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek is nie in die russtemming wat by S o n d a g pas nie. (b) Ek kan D o n d e r d a g ook nie assosieer met wat die musiek by my wek nie. (c) Die gedagte aan 'n spesifieke V r y d a g met voorbereidings vir 'n partytjie is by my opgewek.

C.3. <u>biologie</u> wiskunde filosofie Tyd: 8.6 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan die vorige keer toe ek die drie woorde gesien en toe f i l o s o f i e gekies het. (b) By f i l o s o f i e het die naam Sofie my opgeval, 'n dame wat ek goed ken, en 'n gevoel van verlange is by my op gewek. (c) W i s k u n d e het niks besonders by my opgewek nie. (d) B i o l o g i e het die beeld van 'n klas jare gelede waar die bloedsomloop op die doek vertoon word, by my laat opkom.

C.4. voetbal tennis <u>krieket</u> Tyd: 10 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die Springbokspan voorgestel soos ek 'n praatjie oor die radio gehoor het. (b) Ek kon 'n beeld vorm van die plek waar die wedstryd in Engeland plaasgevind het. (c) By t e n n i s het ek weer die beeld gekry van die plek waar ek vanmiddag langs die draad gestaan en toekyk het. (d) Ook die beeld van een van die spelers wat my aan 'n kapokhaantjie laat dink het, het my laat dink aan die spreekwoord wat sê dat die leë vate die meeste lawaai maak. (e) V o e t b a l het hier geen betekenis gehad nie en is dadelik uitgeskakel.

C.5. geloof <u>hoop</u> liefde Tyd:13.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) L i e f d e het my aandag getrek, maar ek kon nie besef waarom nie en het my met geweld losgemaak. (b) By h o o p het die gedagte opgekom dat às jy in opgeruimde stemming is jy ook meer h o o p vir die toekoms het. (c) Ek het 'n vae mengeling gesien van wat ek h o o p. (d) G e l o o f het vaag gebly en eenkant bly staan. (e) L i e f d e het my aangetrek en ook afgestoot en met h o o p het oorgebly. (f) As ek nie die snaakse gevoel gekry het nie sou ek l i e f d e gekies het. (g) Daar was 'n hipnotiese aantrekking tot die woord en dit het my bevrees gemaak sodat en die rug daarop gedraai het.

<u>Pp.E. - Reeks A.</u>

D. <u>Protokolle van keuses in uitbundigvrolike stemmingsituasie:</u>

D.1. Protestant <u>sekte</u> katoliek Tyd: 3.4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) P r o t e s t a n t en k a t o l i e k was hier vir my nie opvallend nie - ek kon hulle nie met die musiek assosieer nie.

(b) Ek het s e k t e gekies, want die woord en die musiek het vir my een geword. (c) Ek was eenmaal by 'n diens van s e k t e s en het weer die beeld gekry hoe hulle hande klap en liedjies op jazzmaat sing. (d) Jy voel dat jy meer lus het om te dans in hulle kerk en daarom pas hierdie musiek by s e k t e.

D.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 5.8 seks.

Retrospeksie: (a) Hierdie musiek herinner aan 'n kafferkamer naby ons waar ek elke S o n d a g sulke musiek hoor. (b) Ek het juis S o n d a g gekies, omdat hierdie musiek die minste daarby pas. (c) Tog was daar een deeltjie in die musiek wat my weemoedig gestem het, en wat ek met S o n d a g assosieer het. (d) V r y d a g is die regte dag vir hierdie musiek en die stemming, maar ek het hom nie gekies nie. (e) D o n d e r-d a g het niks by my gewek nie.

D.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 10.8 seks

Retrospeksie: (a) Hier het ek die drie prikkelwoorde vergelyk met die vorige drie en ek kon nie kies nie. (b) Sondag, Donderdag en Vrydag het die plek van hierdie drie prikkelwoorde ingeneem. (c) Ek wou f i l o s o f e e r ~~gekies, want~~ en verklaar hoe dit kom dat die drie prikkels nou die plek van die ander inneem. (d) Ek het f i l o s o f i e gekies, want hy pas nou vir my by die toestand van die vorige drie prikkelwoorde (e) Nadat ek hom gekies het, het die vorige drie prikkelwoorde verdwyn. (f) B i o l o g i e en w i s k u n d e was heeltemal vaag. (g) Daar was 'n onseker gevoel by my aanwesig na die keuse.

D.4. voetbal tennis krieket Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) By my was die beeld van 'n sekere dirigent by 'n atletiekbyeenkoms, maar ek het dit met v o e t b a l assosieer. (b) Hy het vreeslik gabare gemaak voor die orkes. (c) By t e n n i s het ek net vaagweg 'n klomp mense op 'n tennisbaan gesien. (d) K r i e k e t was heeltemal vaag en niks het opgeval nie.

D.5. geloof hoop liefde Tyd: 8.6. seks.

Retrospeksie: (a) Ek het nie geweet wat om te kies nie, want aldrie staan ver van die stemming waarin ek verkeer. (b) Ek het eers g e l o o f en l i e f d e oorweeg, maar toe gedink aan 'n h o o p mielies en sommer dadelik besef dis nie die betekenis hier nie. (d) Ek het toe maar besluit om h o o p te kies.

Pp.F. - Reeks A.

N. Protokolle van die keuses in normale situasie:

N.1. Malan van Rensburg Smuts Tyd: 2.5 seks

Retrospeksie: (a) M a l a n is die meesaanneemlike van die drie om politieke redes. (b) Ek het die name as sodanig met

die politieke partye assosieer. (c) M a l a n is die meesgematigde aan die kant wat ek as Afrikaner as die regte beskou (d) Die assosiasies was so sterk dat ek nie een van die ander kon gekies het nie. (e) Na die keuse was 'n neutrale gevoel by my aanwesig - niks besonders nie.

N.2. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 3 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) P r o t e s t a n t is die meesaanneemlike van die drie. (b) Net p r o t e s t a n t het nie 'n teengevoel by my opgewek nie. (c) By s e k t e het ek aan die Wederdopers as uitstaande se k t e gedink. (d) Ek het aan hulle algemene dwepery as 'n geheel gedink. (e) Ek het agressief teenoor s e k t e, sowel as k a t o l i e k, gevoel. (f) Ek hou nie van die dwepery van die s e k t e s nie en k a t o l i e k is weer direk teen p r o t e s t a n t. (g) Na die keuse was 'n effens ontevrede gevoel by my aanwesig.

N.3. <u>vriend</u> moeder bekende Tyd 2.8 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Slegs die begrippe het voor my verskyn. (b) Ek het nie geweet watter om te kies tussen v r i e n d en m o e d e r nie en het toe die mins-uitstaande een gekies. (c) Ek het huis as begrip met m o e d e r assosieer. (d) V r i e n d is miskien nie so populêr nie en daarom het ek dit gekies. (e) B e k e n d e het die minste emosionele inhoud van die drie en daarom het ek hom nie gekies nie. (e) B e k e n d e het die minste emosionele inhoud van die drie en daarom het ek hom nie gekies nie. (f) Na die keuse het ek getwyfel of ek reg gekies het.

N.4. <u>staal</u> goud silwer Tyd: 2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het s t a a l assosieer met sterkte. (b) G o u d en s i l w e r het ek assosieer met die ekonomiese. (c) Ek het 'n voorstelling gehad van die gedigte van N.P. van Wyk Louw. (d) By g o u d was daar 'n vuil afstootlike prentjie van die Rand. (e) S t a a l verteenwoordig die sterke en maak 'n sterker indruk.

N.5. <u>Sondag</u> Donderdag Vrydag Tyd: 2.5 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) S o n d a g was vir my 'n rusdag en die mees vreedsame dag. (b) Dit is die uitstaande dag van die drie en die ander twee het nie veel inhoud nie. (c) Na die keuse was geen besondere emosie teenwoordig nie.

N.6. biologie wiskunde <u>filosofie</u> Tyd: 1.8 se

<u>Retrospeksie:</u> (a) F i l o s o f i e is die interessantste vak van die drie. (b) Ek het b i o l o g i e en w i s k u n d e assosieer met vakwetenskappe teenoor f i l o s o f i e as 'n oorspannende wetenskap. (c) F i l o s o f i e is die hoogste van die drie en omvat die feite van die ander twee.

N.7. klavier viool ghitaar Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) K la v i e r is die instrument waarop die meeste uitdrukking en die grootste verskeidenheid gegee kan word. (b) Ek het getwyfel tussen k l a v i e r en v i o o l, maar omdat k l a v i e r die meeste inhoud het, het ek dit gekies. (c) Ek het g h i t a a r assosieer met 'n goedkoop instrument. (d) Na die keuse was twyfel aanwesig.

N.8. ambisie liefde patriotisme Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het a m b i s i e gekies omdat dit altwee die ander insluit. (b) L i e f d e en p a t r i o- t i s m e kom altwee in a m b i s i e uit. (c) Ek het geen voorstelling van tonele gehad nie. (d) Na die keuse was daar geen besondere gevoel aanwesig nie.

N.9. kunsgalery plaas fabriek Tyd: 1.8 seks

Retrospeksie: (a) K u n s g a l e r y het die meeste wat skoon is in en ek het dit assosieer met kuns. (b) Ek het getwyfel tussen p l a a s en k u n s g a- l e r y. (c) Op die p l a a s is daar baie aangenaamhede sowel as onaangenaamhede. (d) F a b r i e k is die meeste materialisties van die drie. (e) Na die keuse was 'n onseker gevoel aanwesig.

N.10. 7 1000 880 Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die meesbekende getal gekies. (b) Ek het die begrip van die getalle ingeneem en 7 as 'n geheel getal gesien. (c) 7 is 'n religieuse en mistiese getal. (d) Neutrale gevoelens was na die keuse aanwesig.

N.11. voetbal tennis krieket Tyd: 1.8 seks

Retrospeksie: (a) Dit was vir my 'n subjektiewe keuse. (b) Ek het die meeste aan t e n n i s op die oomblik toegeken. (c) Ek het k r i e k e t met die uitheemse assosieer. (d) Ek neem self aan t e n n i s deel. (e) Geen gevoelens was na die keuse aanwesig nie.

N.12. △ ○ □ Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Die s i r k e l is die mees omvattende figuur; dit gee meer 'n voorstelling van die kosmos. (b) Ek het die s i r k e l gekies, omdat dit die mees omvattende figuur is. (c) Na die keuse was neutrale gevoelens aanwesig.

N.13. <u>geloof</u> hoop liefde. Tyd: 1.6 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) G e l o o f omvat altwee die ander prikkels. (b) Ek het g e l o o f gekies, omdat dit die mees omvattende is en die ander 'n kleiner geheel. (c) Geen gevoel was na die keuse by my aanwesig nie.

<u>Pp.F. - Reeks A.</u>

<u>A. Protokolle van die keuses in gewyde stemmingsituasie:</u>

A.1. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het 'n beeld voorgestel van 'n groot katedraal met 'n kruis voorop en gekleurde vensters met moeder Maria se beeld. (b) Die hoofsanger staan voor in die kerk en die koor op 'n galery agter. (c) Ek het p r o t e s t a n t meer spontaan gekies. (d) My keuse was miskien in teenstelling met en volgens vooroordeel teen k a t o l i e k. (e) Ek het 'n meer intellektuele as gevoelsbelewing ondervind.

A.2. <u>Sondag</u> Donderdag Vrydag Tyd: .8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het S o n d a g assosieer met 'n heilige dag en die musiek ook daarmee. (b) Dit hou vir my die stemming van die katedraal in. (d) D o n d e r d a g het nie verband met die musiek nie. (d) V r y - d a g het miskien effens meer verband met die musiek as D o n d e r d a g.

A.3. biologie wiskunde <u>filosofie</u> Tyd: .4 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het getwyfel watter een om te kies, omdat aldrie min betrekking op die musiek het. (b) Dit was teen my stemming in toe ek die drie prikkelwoorde gesien het. (c) B i o l o g i e en w i s k u n d e is albei te koud en wetenskaplik. (d) F i l o s o f i e het meer betrekking op die musiek en is minder konkreet as die ander twee.

A.4. voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 1 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het sonder enige verband met die stemming t e n n i s gekies. (b) Dit het meer spontaan by my opgekom onder invloed van die vorige keuses waar ook t e n n i s gekies is. (c) V o e t b a l en k r i e k e t staan heeltemal teenoor die stemming.

A.5. geloof <u>hoop</u> liefde Tyd: .6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het h o o p assosieer met die hele situasie. (b) Die lied word gesing in die atmosfeer van

h o o p waar Moedermaagd die h o o p voorstel.
(c) G e l o o f is meer konkreet teen die stemming in.
(d) L i e f d e is enger as h o o p, want l.g. sluit l i e f d e in.

Pp.F. - Reeks A.

B. Protokolle van die keuses in sentimentele stemmingsituasie:

B.1. protestant sekte katoløiek Tyd: 1 seks.

Retrospeksie: (a) Dit het die gedagte aan die huis by my gewek en ek het gedink aan 'n meisie wat die lied sing, (in 'n bioskoop prent) ver van huis. (b) Ek het p r o - t e s t a n t assosieer met huis. (c) Daar was by my 'n opbruising van gevoel, maar nie van 'n spesifieke gevoel nie.

B.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die musiek assosieer met 'n rusdag tuis en daarom S o n d a g gekies. (b) Gevoelens na die keuse was neutraal.

B.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 1.2 seks.

Retrospeksie: (a) Daar het feitlik niks deur my gegaan nie. (b) In my onderbewuste was die vorige oorwegings en die vorige keuse en op die oomblik het geen bewuste oorwegings plaasgevind nie.

B.4. voetbal tennis krieket Tyd 1.2 seks.

Retrospeksie: (a) Daar het nie iets by my deurgeflits nie. (b) Ek het net t e n n i sbane by die huis gesien. (c) Die vorige keuses het hier nie bewus ingekom nie.

B.5. geloof hoop liefde Tyd: .6 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het my niks voorgestel nie en geen assosiasies het by my opgekom nie. (b) Keuse was meer spontaan.

Pp.F. - Reeks A.

C. Protokolle van die keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:

C.1. protestant sekte katoliek Tyd:1.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek stel myself 'n danssaal voor met ligte musiek en tussen baie vriende en kennisse wat in 'n op-

gewekte stemming verkeer. (b) Dit lyk my meer na gewoontevorming waar ek die gewone prikkelkaarte herken en volgens die keuses van die vorige kere gekies het. (c) Na die keuse was die gevoelens neutraal.

C.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 1 seks

Retrospeksie: (a) Die prikkels was dieselfde as die vorige keer en 'n herhaling van die ou keuse. (b) S o n d a g het meer inhoud as die ander.

C.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 1.4 se

Retrospeksie: (a) Dit was dieselfde as die vorige keuses. (b) F i l o s o f i e is die mees omvattende van die drie.

C.4. voetbal tennis krieket Tyd: 1 sek.

Retrospeksie: (a) Ek het die prikkels herken as dieselfde as in die vorige keuse, en toe daarvolgens gekies. (b) Ek het t e n n i s met gekies weens herkenning.

C.5. geloof hoop liefde Tyd: 1.2 se

Retrospeksie: (a) Ek het die prikkels herken as dieselfde as in die vorige keuses en toe so gekies. (b) Ek het geen belewinge gehad nie.

Pp.F. - Reeks A.

D. Protokolle van=die keuses in uitbundigvrolike stemmingsituasie:

D.1. protestant sekte katoliek Tyd: 2.2 sek

Retrospeksie: (a) Ek het 'n nagklub in New York voorgestel met mense om die tafels, dansers tussenin ens. (b) Ek het p r o t e s t a n t gekies, omdat dit volgens my siening die meeste reg is. (c) S e k t e wek weersin by my. (d) K a t o l i e k wek nie weersin by my nie, maar net 'n verskil van opinie. (e) Na die keuse was 'n onseker gevoel aanwesig.

D.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 2.6 sek

Retrospeksie: (a) S o n d a g was die uitstaande dag van die drie. (b) Die ander twee het niks by my opgewek nie. (c) Na die keuse was neutrale gevoelens teenwoordig.

D.3. biologie wiskunde <u>filosofie</u> Tyd: 1.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) F i l o s o f i e het vir my die meeste inhoud en die meeste aantrekkingskrag - dit is die mees omvattende en die hoogste van die drie.
(b) Na die keuse was my gevoelens neutraal.

D.4. voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 1.8 seks.

<u>RETROSpeksie:</u> (a) Aan t e n n i s neem ek die meeste deel - 'n subjektiewe keuse. (b) K r i e k e t is te buitelands of liewer uitheems. (c) V o e t b a l is te populêr, en daarom het ek hom nie gekies nie. (d) T e n n i s is die angenaamste spel. (e) Na die keuse was my gevoelens neutraal.

D.5. <u>geloof</u> hoop liefde Tyd: 1.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) G e l o o f is die mees omvattende en sluit die ander albei in. (b) Na die keuse was my gevoelens neutraal.

<u>Bp.C. - Reeks. B.</u>

<u>N. Protokolle van die keuses in normalesituasie:</u>

N.1. <u>Truman</u> Attlee Stalin Tyd: 4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die meeste van T r u m a n gehoor, (veral aan die einde van die oorlog) as opvolger van Rooseveld. (b) Hy is besig met die stakings in sy eie land. (c) Ek het A t t l e e assosieer met Churchill en die oorplasing van Engelse fabrieke na Suid-Afrika. Ek het 'n spotprent gesien wat dit voorstel. (d) Self is A t t l e e nie 'n aantreklike persoon nie.
(e) Ek het S t a l i n met T r u m a n assosieer as leiers en wat hulle in die toekoms kan doen - samewerking of botsings. (f) Ek het S t a l i n met Molotof assosieer en gedink aan die besetting van Berlyn in die vorige oorlog. (g) Ek het gedink aan die propagandiste in ons land en hulle werk onder die naturelle (kommunisme).
(h) Ek het Truman gesien as teenwig vir S t a l i n in die toekoms. (i) 'n Tevrede gevoel was gepaard met die keuse.

N.2. lekkers blomme <u>boeke</u> Tyd: 3.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het meer met b o e k e te doen en is nog daarmee besig. (b) In b o e k e sien ek my toekoms. (c) Geldelik en kultureel is die waarde van b o e k e meer as die van die ander twee. (d) Ek is nie lief vir b l o m m e nie en ook nie vir l e k k e r s nie. (e) Ek kan my tyd nuttig en aangenaam met b o e k e deurbring. (f) 'n Aangename gevoel het met die keuse gepaard gegaan.

N.3. nooi <u>vriendin</u> vrou Tyd: 2.5 se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Vir die laaste vyf jaar het ek 'n goeie v r i e n d i n, maar beskou haar nie as my n o o i nie. Ons is net baie goeie maats. (b) Ek het gedink aan die eerste keer toe ek haar gesien het, ook aan die plek waar sy werksaam is. (c) Ons speel dikwels saam op musiekinstrumente, veral weer in die afgelope vakansie. (d) Ek het nie aan n o o i of vrou gedink nie, maar v r i e n d i n was uitstaande. (e) 'n Gevoel van opgewondenheid was na die keuse aanwesig.

N.4. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: 3.3 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Van kleinsaf al gaan ons in die wintervakansie altyd in die Bosveld s k i e t. (b) Ek het gedink aan die onaangename vakansie daar, toe ek kinkhoes gehad het. (c) Ons gaan volgende vakansie weer daarheen, en 'n paar maats gaan saam. (d) Destyds kon ek nie saam met die grootmense gaan s k i e t nie.... moes net die wild gaan haal. (e) Ek het aan skyfskiet ook gedink - veral in die oorlog toe ons nie ammunisie kon kry nie.
(f) By v l i e g het ek aan die gewone huisvlieg gedink en D.D.T. vir bestryding. (g) By s w e m het ek aan die koue gedink en dat dit in die winter buite kwessie is om t e s w e m. (h) Persoonlik hou ek baie van s k i e t.
(i) 'n Bly gevoel was gepaard met die keuse.

N.5. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 2.9. seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) S a t e r d a g het ons die hele dag vry, en dan is dit ook voetbal. (b) Verlede jaar in die bloktyd het ek gaan visvang op 'n S a t e r d a g, en toe my hand in 'n draad gesny. (c) Die onaangename van S a - t e r d a g is dat ons saam met eksterne studente van nege tot om eenuur klas het, em e.k. S a t e r d a g is weer so 'n onaangename dag. (d) By M a a n d a g het ek nie juis aan iets gedink nie. (e) Ek het W o e n s d a g assosieer met die wedstryd van gister teen Normaal en die twee groepe studente met hul liedjies op die pawiljoen gesien. (f) Ek het S a t e r d a g ook assosieer met die vorige losiesplek en die groep studente wat gewoonlik op S a t e r d a g na die bioskoop gegaan het. (g) Ek sien baie uit na S a t e r d a g wat 'n uitstaande dag vir studente is, en veral 'n dag vir voetbal. (h) Die keuse was tussen W o e n s d a g en S a t e r d a g.
(i) Na die keuse was daar effens twyfel of ek reg gekies het.

N.6. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Toe ek op Universiteit gekom het, was my doel om s i e l k u n d e te neem en ek was teleurgesteld toe ek dit in my eerste jaar nie kon neem nie.
(b) Ek het S i e l k u n d e assosieer met maatskaplike werk en ook vanjaar se M.A.-studie. (c) Ek het die ou

laboratorium gesien en ook prof. Hattingh. (d) Ek het eerste aan hom gedink toe ek aan s i e l k u n d e gedink het. (e) Ek het nie van E n g e l s op Universiteit gehou nie en dit afgeskeep...Ek kon sien waar ons werk van ander studente gekry het en dit nie self gedoen het nie. (e) Ek het redelik van g e s k i e d e n i s gehou. (f) S i e l k u n d e is vir my uitstaande en ek het 'n aangename gevoel na die keuse gekry, omdat ek met s i e l k u n d e besig is.

N.7. bioskoop konsert opera Tyd: 2.9 seks

Retrospeksie: (a) Ek het meer van k o n s e r t e gehou en is op Hoërskool ook aangemoedig om dit by te woon. (b) Ek het gedink aan die maanskyntoneelvereniging en die dame wat aan die hoof daarvan gestaan het. (c) Vandat ek op Potchefstroom is, het ek nog maar 'n paar k o n s e r t e bygewoon, wnat hier word nie veel opgevoer nie. (d) Van b i o s k o o p hou ek nie en op Hoërskool is ons afgeraai om dit by te woon. (e) Aan o p e r a het ek min aandag gegee en niks het by my opgekom nie, want dit is vir my vreemd. (f) Ek het k o n s e r t e ook assosieer met 'n vriendin met wie ek gewoonlik saam daarheen gegaan het, maar ek het geen definitiewe toneel gesien nie. (g) As ek b i o s k o o p en k o n s e r t moet vergelyk, meen ek daar is baie in k o n s e r t en min in b i o s k o o p. (h) K o n s e r t was uitstaande en 'n tevrede gevoel het na die keuse by my opgekom.

N.8. onderwyser dokter predikant Tyd: 2.8 seks

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan die p r e d i k a n t in ons dorp, want hy is 'n pe rsoonlike vriend van ons. (b) Hy het 'n groot invloed op my en my broers gehad en het dit vandag nog. (c) Ek kan die toneel duidelik sien toe ons aangeneem is en hy my persoonlik ondervra het. (d) Ook kan ek my die afskeidsdinee voorstel toe hy ons gemeente verlaat het na 25 jaar diens. (e) By o n d e r w y s e r het ek gedink aan ons Duitse o n d e r w y s e r wat meer vriend as o n d e r w y s e r was. (f) By d o k t e r het ek gedink aan my onlangse operasie wat die eerste hulp was wat ek van 'n d o k t e r gehad het. (g) Na die keuse het ek 'n aangename gevoel gehad en ek het gedink aan ons p r e d i k a n t.

N.9. maanlig sonskyn dagbreek. Tyd: 2.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het s o n s k y n met die somer assosieer en gedink dat jy dit in die winter mis. (b) S o n s k y n is ook simbool van lewe - veral het ek gedink aan die liedjie "Sunshine". (c) Ek het aan die maanligtoneelvereniging gedink by die prikkel m a a n l i g en aan die leidster daarvan. (d) Ek het die plaas assosieer met die woord d a g b r e e k maar daar het nie veel in die verband by my opgekom nie. (e) Persoonlik hou ek meer van somer as van die winter. (f) S o n s k y n was vir my uitstaande en 'n aangename gevoel was aanwesig na die keuse.

N.10. 13 100 1760 Tyd: 1.9 sek

Retrospeksie: (a) By 100 het ek aan persentasie gedink en ook aan my jonger broer wat 'n motor vir £100 gekoop het 'n tydtjie gelede en opgewonde was t.o.v. die koop. (b) By 1760 het ek gedink aan jaarts en myl. (c) By 13 het ek gedink aan die boek „Dertiende Passasier" en hoe gepraat word van die getal as 'n ongelukkige getal. (d) Ek het nie baie van die keuse tussen die getalle gehou nie en op skool was ek ook nie lief vir getalle nie. (e) Die getal 100 was eerste in my gedagte as 100% en toe ook uitstaande. (f) 'n Tevrede gevoel was na die keuse teenwoordig.

N.11. dans volkspele sport Tyd: 2.8 se

Retrospeksie: (a) Ek het s p o r t gekies, veral omdat dit op die P.U.K. 'n belangriker plek inneem as die ander twee. (b) Self sal ek liewer meedoen aan s p o r t soos voetbal en jukskei as dat ek aan die ander twee sal deelneem. (c) Ek het weer gedink aan gister se spel teen Normaal. (d) Ook het ek gedink aan die jukskeibaan by ons huis en 'n paar persone wat daar speel. (e) By d a n s het ek gedink aan die X-klub van die P.U.K. en die teenkanting wat dit van die studente kry, maar tog nog bly bestaan. (f) Ek persoonlik vind nie fout met d a n s as sodanig nie. (g) Ek het v o l k s p e l e veral met Normaal assosieer waar hulle baie van v o l k s pe l e maak...........Ook met ek voortrekkerrokke en persone wat aan die spel deelneem, gesien. (h) V o l k s p e l e neem nie op die P.U.K. 'n belangrike plek in nie en ek hou ook nie daarvan nie. (i) 'n Aangename gevoel was na die keuse teenwoordig.

N.12. blou geel groen Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) By g r o e n het ek aan somer gedink. (b) By sonskyn en g r o e n het ek aan die plaas gedink en die tabaklande gesien. (c) Ook het ek aan die eksperiment van SEASHORE gedink, nl. watter kleure die aangenaamste is. (d) Ek het daaraan gedink dat g e e l die langste sy kleurkwaliteit behou. (e) By bl o u het ek nie juis veel beleef nie. (f) G r o e n het gedomineer en ek het die gevoel gehad dat ek 'n goeie keuse gedoen het.

N.13. Vondel Kant Calvyn Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het V o n d e l met ons Afrikaanse onderwyser op Hoërskool assosieer....hy het „Lucifer" met ons behandel. (b) Ek het aan K a n t en 'n referaat oor sy sosiologiese bydrae gedink. (c) Ek het C a l - v y n assosieer met die kerk en sy swaar lewe wat hy gehad het en hom ook met Zwingli assosieer. (d) Ek het meer met V o n d e l te doen gehad as met die ander. (e) V o n d e l was uitstaande en 'n tevrede gevoel was by my na die keuse aanwesig.

Pp.C. - Reeks B.

A. Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:

A.1. vlieg swem skiet Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het verkeer in 'n gewyde atmosfeer in 'n kerk. (b) Ek het eers gedink aan verlede vakansie toe vriende gaan s k i e t het in die berg. (c) Ek het s k i e t ook assosieer met vriende in die O.V.S. (d) S k i e t was vir my dadelik uitstaande en die opvallendste van die drie. (e) Ek het s w e m met die koue assosieer. (f) Na die keuse was 'n tevrede gevoel aanwesig.

A.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het veral gedink aan verlede S a t e r d a g se wedstryd. (b) Ek het uitgesien na hierdie S a t e r d a g om die uitslag van die wedstryd te hoor oor die radio. (c) Ek het ook gedink aan ons eie sport wat S a t e r d a g plaasvind. (d) Ek het S a - t e r d a g weereens assosieer met die klasse saam met die eksterne studente. (e) Ek het nie veel aandag aan M a a n d a g en W o e n s d a g gegee nie.

A.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 1.9 seks

Retrospeksie: (a) Ek het dadelik s i e l k u n d e gekies. (b) Ek is besig met s i e l k u n d e en stel die meeste belang daarin. (c) Ek is besig om my in s i e l k u n d e voor te berei vir 'n beroep. (d) s i e l k u n d e was uitstaande en ek het geen aandag aan die ander twee gewy nie.

A.4. bioskoop konsert opera Tyd: 2.2 seks

Retrospeksi6: (a) Ek persoonlik hou baie van k o n s e r t en voel nie aangetrokke tot b i o s k o o p nie. (b) Ek het gedink aan sekere k o n s e r t e in my eerste jaar. (c) Ek het die prikkels nie assosieer met die vorige eksperiment nie. (d) Ek het 'n musiekprent in die b i o s k o op gesien en dit baie aangenaam gevind. (e) By o p e r a het ek gedink aan 'n dame wat dit bygewoon en my een en ander i.v. daarmee vertel het. (f) K o n s e r t was vir my nie uitstaande nie, maar ek hou tog meer daarvan. (g) Van o p e r a het ek te min ondervinding en kennis.

A.5. dans volkspele sport Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan die plaaslike s p o r t wat die belangrikste plek in die studentelewe inneem. (b) Ek het weer aan verlede Saterdag se wedstryd gedink. (c) Ek het ook gedink aan die Springbok-krieketspan wat oorsee gegaan het.

(d) Ek het gedink aan die spel teen Normaal en die goeie gees wat daar toe gehoers het. (e) By v o l k s p e l e het ek gedink aan verlede Saterdag toe Mnr. Neethling wat die volksang gelei het, so mooi gesing het. (f) Ek kon nie besluit tussen v o l k s p e l e en s p o r t nie. (g) Daar het by my 'n konflik ontstaan toe ek d a n s gesien het.

Pp.G. - Reeks B.

B. Protokolle van keuses in sentimentele stemmingsituasie:

B.1. vlieg swem skiet Tyd: 1.8 seks

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan die ou plate wat ek gespeel het en het baie verlang na die huis en die bosveld. (b) Ek het aan die bosveldplaas van my oom gedink en s k i e t met die winterstemming assosieer. (c) Ek het ook gedink aan skyfs k i e t by die skool. (d) S k i e t was vir my uitstaande en ek het die ander twee dadelik elimineer. (e) Ek het s k i e t met die stemming en die musiek assosieer.

B.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 1.5 seks

Retrospeksie: (a) Ek het gedink dat S a t e r d a g al dag in die week is wat ons vrye tyd het. (b) Ek het gedink aan die sportaangeleenthede op S a t e r d a g. (c) Ek het gedink aan e.k. S a t e r d a g wanneer ek na 'n plaas naby die dorp gaan. (d) Ek het die gradeplegtigheid ook met S a t e r d a g assosieer. (e) Ek het die ander twee prikkels net gesien, maar nie aan hulle gedink nie en hulle dadelik uitgeskakel.

B.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) S i e l k u n d e het my eerste getref, omdat ek van die oggend tot die aand daarmee besig is, (b) Ek het e n g e l s met s i e l k u n d e assosieer, omdat baie van ons boeke in engels geskryf is. (c) S i e l k u n d e was vir my uitstaande.

B.4. bioskoop konsert opera Tyd: 1.1 sek

Retrospeksie: (a) Ek het veral gedink aan 'n skoolk o n s e r t wat ons opgevoer het. (b) Ek hou persoonlik baie van k o n s e r t e en gaan gereeld daarna kyk. (c) K o n s e r t was taamlik uitstaande in die geval. (d) Ek kon b i o s k o o p ook gekies het want ek het 'n tydjie gelede 'n mooi prent gesien. (e) Ek het o p e r a dadelik uitgeskakel. (f) Ek het baie van k o n s e r t gehou en aangeanme taferele i.v.m. die Hoërskool is daarmee assosieer.

B.5. dans volkspele <u>sport</u> Tyd: 2.5 seks.

Retrospeksie: (a) S p o r t was vir my heeltemal uitstaande en ek het dit veral met vandag se oefeninge assosieer. (b) Ek hdt gedink aan die wedstryde van die seisoen en aan ons atletiekbyeenkomste. (c) V o l k s p e l e was taamlik sterk en ek het dit veral met Normaalkollege assosieer tydens die van Riebeeckfees wat onlangs gehou is en waar v o l k s p e l e 'n belangrike plek gehad het. (d) Ek het d a n s met niks assosieer nie en net 'n konflinkgevoel het by my ontstaan.

Pp.C. - Reeks B.

C. Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:

C.1. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: .9 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die musiek assosieer met die orkes van die studente en in 'n ligte opgewekte stemming verkeer. (b) Niks het by my opgekom nie, maar ek het dadelik gekies. (c) Ek het dieselfde prikkelwoorde verwag as in die vorige proef en veral daaraan gedink dat ek hulle kan verwag. (d) Dit was net asof ek s k i e t moes kies, omdat ek hom al vantevore gekies het. (e) Ek het gewdet die ander twee moet daar wees, maar het nie na hulle gekyk nie.

C.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan die atletiekbyeenkoms van e.k. S a t e r d a g in die Park - 'n dametjie het my gevra of ek S a t e r d a g daarna gaan kyk. (b) By W o e n s d a g het ek gedink aan 'n maat wat gister in voetbal seergekry het. (c) Ek het W o e n s - d a g dadelik uitgesluit. (d) Ek het die prikkelwoorde verwag en aan S a t e r d a g gedink voordat hulle verskyn het.

C.3. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: .9 seks

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan wat ons professor in s i e l k u n d e gister gesê het. (b) Ek het s i e l - k u n d e ook assosieer met die ander studente van ons interne klas. (c) Ek het gedink aan die opgewekte stemming waarin die drie gewoonlik verkeer.

C.4. bioskoop <u>konsert</u> opera Tyd: .8 seks

Retrospeksie: (a) Ek het aan niks gedink, toe ek die prikkels gesien het nie. (b) Voordat die prikkels verskyn het, het ek gewonder of die betrokke prikkels weer nou verskyn. (c) Ek het maar gekies soos al ry vorige keuses.

C.5. dans volkspele <u>sport</u> Tyd: .6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek weet nie hoekom het ek s p o r t gekies nie. (b) By s p o r t en v o l k s p e l e het daar niks by my opgekom nie. (c) Ek het die stemming wel met d a n s assosieer. (d) Ek glo nie my vorige keuses het hierdie een beïnvloed nie. (e) Na die keuse het ek taamlik opgewek gevoel.

<u>Pp.C. - Reeks B.</u>

D. <u>Protokolle van keuses in uitbundig-vrolike stemmingsituasie:</u>

D.1. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: .6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek stel my 'n tipiese Amerikaanse blaasorkes voor soos ek in 'n bioskoopprent gesien het. (b) Ek hou nie van die musiek nie. (c) Ek het gedink aan 'n bioskoopprent waar hulle s k i e t en dit met die stemming assosieer. (d) Ek het geweet die ander twee prikkelwoorde is daar, maar het geen aandag aan hulle geskenk nie.

D.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 1.1 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het veral gedink aan afwees op S a t e r d a g en die moontlikheid om 'n bioskoopprent te sien. (b) Die musiek bring my in die stemming van 'n jazz-prent waar danspare op die vloer vertoon word. (c) Ek het ook gedink dat die soort musiek M a a n d a g - môres gespeel word om die mense plesierig vir die dag te maak. (d) W o e n s d a g het niks by my gewek nie.

D.3. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 1.2 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan die assosiasie- eksperiment van my eerste jaar waar musiekbegeleiding gebruik is. (b) Ek het s i e l k u n d e net assosieer met die tipe van musiek wat ek toe gespeel het. (c) Ek het nie aan die ander twee prikkels gedink nie.

D.4. <u>bioskoop</u> konsert opera Tyd: 1 sek.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die stemming en musiek sterk assosieer met 'n paar prente wat ek gesien het en wat die jazz-karakter dra. (b) By die ander twee prikkels het niks my bygeval nie.

D.5. dans volkspele sport Tyd: .6 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het d a n s gekies, omdat ek dit baie sterk assosieer het met hierdie tipe van musiek. (b) Ek het hier veral gedink aan die tipiese jazz- d a n s nl. die rumba. (c) Aan v o l k s p e l e het ek-~~la~~ gladnie gedink nie. (d) By s p o r t het ek gedink aan 'n luidspreker wat so 'n effek het as die jazz-musiek.

Pp.H. - Reeks A.

N. Protokolle van die keuses in Normalesituasie:

N.1. Malan v.Rensburg Smuts Tyd: 3.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan 'n prikkel van hierdie aard verlede jaar toe ons professor by was en ek ook geweifel het. (b) Ek is meer na v.R e n s b u r g geneigd, maar weens toestande van vandag, was ek vir nie een van M a l a n of v. R e n s b u r g partytrek nie. (c) My oog het op die middelste een geval en ek het toe so gekies. (d) Ek het hierdie prikkel nie so gou verwag nie. (e) Ek het ook gedink aan die nuwe eenheidsgedagte wat daar ontstaan het. (f) Ek het S m u t s dadelik uitgeskakel. (g) Ek het vroeër vir v. R e n s b u r g aangehang en met hom akkoordgegaan.

N.2. protestant sekte katoliek Tyd: 2.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het s e k t e en k a t o l i e k outomaties uitgeskakel. (b) Ek het gedink aan die stryd van die p r o t e s t a n t e met die k a t o l i e k e. (c) Veral het ek ook gedink aan Calvyn en sy rol. (d) Dit het vir my gevoel of daar geen keuse was nie.

N.3. vriend moeder bekende Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) M o e d e r is nader aan my as enigeen van die ander twee. (b) Ek het getwyfel tussen v r i e n d en m o e d e r, omdat e.g. nog langer by jou kan wees. (c) Terwyl m o e d e r egter nog leef, is jy meer geheg aan haar. (d) Ek het b e k e n d e dadelik uitgeskakel. (e) Ek het geen spesifieke toneeltjies voorgestel nie. (f) Op b e k e n d e kan jy nie staatmaak nie.

N.4. staal goud silwer Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) Die keuse was nie maklik nie. (b) Met s t a a l kan jy baie verrig in die alledaagse lewe, meer as met die ander twee. (c) S t a a l is iets konkreets en die wêreld se wel en wee hang af van s t a a l. (d) By s t a a l het ek gedink aan geboue en by die ander twee aan geld. (e) Na die keuse was daar 'n onseker gevoel by my.

N.5. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 3.6 sek

Retrospeksie: (a) S o n d a g is 'n rusdag en ook 'n dag wat opsygesit is om God te verheerlik. (b) Ek het gedink aan my tante waar ons gewoonlik S o n d a gmiddae aangenaam kuier. (c) S o n d a g staan hoër as die ander dae en hou ook meer as hulle in. (d) V r y d a g het ek myself met boeke gesien besig om referate uit te werk. (e) Daar het 'n mate van twyfel by my ontstaan oor die keuse.

N.6. biologie wiskunde filosofie Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het f i l i s o f i e uitgeskakel. (b) Die keuse was moeilik tussen b i o l o g i e en w i s k u n d e. (c) Ek het 'n bietjie met b i o l o g i e te doen gehad en dit nogal interessant gevind. (d) W i s k u n d e is nie vir my so interessant nie. (e) Van f i l o s o f i e dra ek geen kennis nie.

N.7. klavier viool ghitaar Tyd: 2.5 seks

Retrospeksie: (a) Toe ek aan v i o o l gedink het, het dit 'n vergelyking gebring met die menslike stem, omdat die twee so mooi saamgaan. (b) Ek kan nie v i o o l speel nie, maar wel k l a v e t. (c) Verlede jaar het iemand opgetree met v i o o l en dit was besonder mooi - baie mooier as k l a v i e r. (d) Die v i o o l kan meer gevoel vertolk wanneer dit deur 'n kunstenaar gespeel word as wat die geval is met k l a v i e r. (e) G h i t a a r is vir my iets laags en word met die danswêreld assosieer.

N.8. ambisie liefde patriotisme Tyd: 8.5 sek

Retrospeksie: (a) Dit was vir my eerlikwaar besonder moeilik om te kies, want aldrie lê op verskillende terreine en ek wil graag aldrie besit. (b) Ek het gedink aan l i e f d e t.o.v. my ouers. (c) Ek het gewonder of ek nie p a t r i o t i s m e moes kies nie. (d) A m b i s i e kan nie altyd bly nie, maar l i e f d e is iets blywends. (e) Na die keuse het ek nie tevrede gevoel nie en het getwyfel of dit reg was.

N.9. kunsgalery plaas fabriek Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) Dit was ook 'n moeilike keuse. (b) K u n s g a l e r y het my die eerste opgeval en ek het dit eerste oorweeg, omdat die gevoel van die ander daarin weerspieël word. (c) Van f a b r i e k het ek genoeg gesien. (d) Die p l a a s is vry en weg van die gewoel. (e) By k u n s g a l e r y het ek 'n groot saal met 'n skilderstuk voor my gesien. (f) P l a a s is van meer nut as die ander twee. (g) Ek het nie heeltemal tevrede gevoel na die keuse nie.

N.10. 7 <u>1000</u> 880 Tyd: 4.4 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was moeilik, omdat ek nie belangstel in syfers nie. (b) Ek weet nie hoekom ek 1000 gekies het nie, miskien omdat dit 'n ronde getal is. (c) As ek nou weer moet kies, sal ek 880 kies, omdat dit meer betekenis gekry het as 'n afstand in atletiek.

N.11 voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 3.5 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het 'n beeld gekry van 'n t e n n i sbaan waar my kamermaat en ek speel. (b) By v o e t b a l het ek gedink aan die dae toe ek nog v o e t b a l gespeel het, maar weens 'n besering aan my voet het ek oorgeslaan na t e n n i s. (c) K r i e k e t het my nie aangetrek nie en ek het geen beeld daarvan gekry nie. (d) V o e t b a l is meer aanskoulik vir die toeskouer maar ek speel self t e n n i s.. (e) Ek is meer betrokke by t e n n i s. (f) K r i e k e t is 'n stadige, dooierige spel van die kant van die speler en toeskouer.

N.12. <u>△</u> ○ □ Tyd: 8.8 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was baie moeilik, omdat die prikkels geen betekenis gehad het nie. (b) By die d r i e h o e k het ek gedink aan wiskunde en ook aan die gevaarteken. (c) Verder het ek gedink aan die veldtog vir padveiligheid en die onlangse ongeluk waarin skoolkinders betrokke was. (d) Die ander was vir my van geen waarde nie.

N.13. <u>geloof</u> hoop liefde Tyd: 7.8 se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan 1 kor. 13 waar die drie woorde bymekaar gebruik word. (b) Ek wou toe eers l i e f d e kies, omdat die Bybel so sê, maar g e l o o f beteken in die wêreld meer as l i e f d e veral in gebedsake. (c) Ek glo dat, as jy die nodige g e l o o f besit, jy baie krag kry om iets te doen. (d) Die woord g e l o o f het dus meer betekenis as die ander twee. (e) By h o o p het ek gedink aan iets alledaags, ek h o o p vir die beste.

<u>Pp.H. - Reeks A.</u>

A. <u>Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:</u>

A.1. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 6 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan die k a t o l i e k e moeder Maria. (b) Ek het getwyfel tussen p r o t e s t a n t en k a t o l i e. (c) Ek het 'n kerklike atmosfeer gehad - in my eie kerk - en daarom p r o t e s t a n t gekies. (d) Ek het nie gegaan op die benaming van die lied nie. (e) S e k t e het vir my geen verband gehad hiermee nie en is dadelik uitgeskakel.

A.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 1.6 se

Retrospeksie: (a) S o n d a g was uitstaande bo die ander twee. (b) Ek het dadelik 'n beeld van die kerk en die koor gekry. (c) Daar was vir my geen keuse nie, want ek het D o n d e r d a g en V r y d a g albei dadelik uitgeskakel.

A.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het weer soos vorige keer f i l o - s o f i e gekies. (b) F i l o s o f i e het meer met die Goddelike te doen as die ander twee. (c) Ek is taamlik seker van my keuse. (d) Die ander twee het heeltemal weggeraak. (e) 'n F i l o s o o f moet heeltemal apart sit en dink. (f) Diepe en verhewe dinge pas by die musiek.

A.4. voetbal tennis kriket Tyd: 3.9 sek

Retrospeksie: (a) Die keuse is moontlik, want jy kan sport nie in die stemming inbring nie. (b) Soos ek die vorige keer gesê het, is k r i e k e t die stadigste en tydsaamste van die drie. (c) By k r i e k e t sal jy nie haastig wees nie. (d) V o e t b a l is te opwindend vir die musiek.

A.5. geloof hoop liefde Tyd: 5.5 se

Retrospeksie: (a) Ek het getwyfel g e l o o f en l i e f d
(b) G e l o o f het meer met die kerklike atmosfeer te doen.
(c) Ek dink aan die g e l o o f as kind in God.
(d) Ek het h o o p eerste uitgeskakel,
want dit het nie die verwantskap met die Allerhoogste nie.
(e) G e l o o f staan hoër as l i e f d e, want l i e f - d e kan na die wêreldse oorhang.

Pp.H. - Reeks A.

B. Protokolle van keuses in sentimentele stemmingsituasie:

B.1. protestant sekte katoliek Tyd: 2.2 se

Retrospeksie: (a) Ek het 'n heimwee na my ouers ondervind en 'n sentimentele gevoel van verlange en weemoed.
(b) Die sang het vir my geklink soos in 'n groot saal en ek het alleen en treurig gevoel. (c) In hierdie geval het by my geen twyfel bestaan nie. (d) Die woord p r o t e s - t a n t was vir my heeltemal uitstaande. (e) Ek het die musiek verbind met die atmosfeer in die kerk en ook tuis.
(f) Van die k a t o l i e k e dra ek geen kennis nie.
(g) Met se k t e kan ek my nie vereenselwig nie. (h) Na die keuse was 'n tevrede gevoel aanwesig.

B.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 1.4 sek

Retrospeksie:(a) Ek het hier ook nie getwyfel nie, maar S o n d a g dadelik gekies. (b) Ek het aan die kerk en die sabbatstemming gedink. (c) Ook het ek gedink aan my ouers en dat ek moet huis toe skryf. (d) Op D o n d e r - d a g en V r y d a g is daar nie tyd vir so 'n oorpeinsing nie. (e) Ek sal sulke musiek graag op S o n d a g wil hoor. (f) Na die keuse was ek baie tevrede en seker van die keuse.

B.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Hier het ek nie geweet wat om te kies nie. (b) Ek het elkeen van die vakke i.v.m. die musiek gebring. (c) Ek het nie veel kennis van f i l o s o - f i e nie, maar stel my voor dis iets verhewe en daarom het ek hom gekies. (d) Ek het getwyfel of ek nie maar die ander twee sou neem nie, aangesien ek daarvan kennis dra. (e) Ek kon die ander twee egter nie met die situasie verbind nie.

B.4. voetbal tennis krieket Tyd: 1.8 seks.

Retrospeksie: (a) Dit lyk my hierdie keuse is die teenoorgestelde van die ander. (b) Ek het 'n voorstelling gekry van hoe die spel verloop, nl. v o e t b a l vinnig, t e n n i s minder vinnig en k r i e k e t 'n stadige spel. (c) Ek het toe gedink k r i e k e t pas beter by die situasie en het hom toe gekies. (d) Na die keuse was daar 'n tevrede gevoel teenwoordig.

B.5. geloof hoop liefde Tyd: 2.6 seks

Retrospeksie: (a) Ek het l i e f d e uitsluitlik gekies, omdat ek aan my ouers en die huis gedink het met die liefdesband tussen ons. (b) Ek het g e l o o f en h o o p taamlik gou uitgeskakel, omdat dit nie veel i.v.m. die situasie inhou nie. (c) By l i e f d e was daar 'n positiewe verband en dit was uitstaande i.v.m. my ouers. (d) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

Pp.H. - Reeks A.

C. Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:

C.1. protestant sekte katoliek Tyd: 3.4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het weer volgens my ou keuse gekies. (b) Ek het weer aan die drie gedink, maar hier het die musiek nie soveel invloed gehad nie. (c) Ek het p r o t e s t a n t gekies omdat ek die geloof aanhang.

(d) K a t o l i e k staan verweg en ek het geen ondervinding daarvan nie. 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

C.2. <u>Sondag</u> Donderdag Vrydag Tyd: 5.4 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het S o n d a g gekies, meer omdat ons sulke musiek S o n d a gmiddae oor die radio hoor. (b) Ek het getwyfel tussen S o n d a g en V r y d a g omdat die musiek en situasie meer pas by 'n opgeruimde partytjie wat nie op S o n d a g plaasvind nie. (c) Ek hou meer van die musiek op 'n S o n d a gmiddag waar jy afgesonder is. (d) Ek hou nie veel van partytjies nie.

C.3. biologie <u>wiskunde</u> filosofie Tyd: 7.2 se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was moeilik en ek het nie juis geweet wat om te kies nie. (b) Dit is aangenaam om w i s - k u n d e te doen in 'n aangename atmosfeer. (c) B i o l o g i e is te veel feite. (d) Van f i l o - s o f i e weet ek niks nie en het hom dadelik uitgeskakel. (e) Ek kon maklik b i o l o g i e gekies het, maar w i s k u sal aangenamer wees. (f) Die probleme van w i s k u n d e sal nie so maklik by musiek opgelos kan word nie.

C.4. <u>voetbal</u> tennis krieket Tyd: 2.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het weer vo e t b a l gekies, omdat dit 'n lewendige spel is en die musiek ook lewendig is. (b) Ek het k r i e k e t dadelik uitgeskakel, want dit is dooierig. (c) Die beweging van die agterlyn by v o e t b a l skakel in metddie musiek. (d) T e n n i s is meer afgebroke in vergelyking met dke kontinuïteit van v o e t b a l en daarom het ek dit toe uitgeskakel. (e) 'n Tevrede gevoel was na dire keuse teenwoordig.

C.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 4.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was baie moeilik en ek kon nke kies nie. (b) Ek het l i e f d e gekies, omdat ek 'n keuse moes maak. (c) By 'n partytjie is l i e f d e nader as g e l o o f is hoogstaande. (d) Ek het dit i.v.m. die hoofstuk in die Bybel gebring en is tot 'n mate daardeur gelei om l i e f d e te kies. (e) L i e f d e rym met die opgewekte atmosfeer. (f) 'n Tevrede gevoel was na die keuse teenwoordig.

<u>Pp.H. - Reeks A.</u>

D. <u>Protokolle van keuses in uitbundigvrolike stemmkngsituasie:</u>

D.1. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 8.2 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het my voorgestel hoe die mense dans

en uitbundig tekere gaan. (b) Agter kon ek die orkes sien en voor die mense wat dans en drink. (c) Ek het 'n gevoel van afkeer daarin gehad - aan die begin baie sterk, maar lateraan het ek daaraan gewoon geword. (d) Ek het hierdie keuse toe maar op die vorige keuses baseer.
(e) P r o t e s t a n t het 'n sekere kerkverband, maar die musiek wil ek liewer onder s e k t e plaas.
(f) Na die keuse het ek gewonder of ekmnie, liewers s e k t e moes noem nie, omdat sekeres van hulle ook 'n orkes, ens. het.
(g) 'n Ontevrede gevoel was na die leuse aanwesig.
(h) Na oorweging sal ek nou s e k t e kies.

D.2. Sondag Donderdag <u>Vrydag</u> Tyd: 6.4 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek kon moeilik kies tussen D o n d e r - d a g en V r y d a g, want albei is weeksdae. (b) Ek het S o n d a g dadelik uitgeskakel, want ek kon hom nie rym met die musiek en die situasie nie. (c) My keuse is V r y d a g, omdat die mense liewers op V r y d a g sal dans...ek self is nie 'n danser nie.

D.3. <u>biologie</u> wiskunde filosofie Tyd: 7.2 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het b i o l o g i e gekies, omdat ek gedink het ek sou die vak nog tot 'n mate studeer het onder sulke musiek. (b) Ek het die ander twee dadelik uitgeskakel, omdat ek gedink het ek sou dit nie kon bestudeer onder so 'n lawaai nie.

D.4. <u>voetbal</u> tennis krieket Tyd: 11.6 se

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die keuse baseer op die aanskoulikheid van die spel. (b) Ek het getwyfel tussen K r i e - k e t en v o e t b a l, want e.g. is 'n meer engelse spel en die musiek is Engels-Amerikaans in oorsprong. (c) Na die keuse was ek redelik tevrede.

D.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 6.6 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Dit was 'n baie moeilike keuse, want ek kon die prikkelwoorde nie i.v.m. so 'n stemming of musiek bring nie. (b) Ek het weer aan die partytjie gedink waar die pare verbind. (c) Ek het redelik tevrede gevoel na die keuse.

<u>Pp.I. - Reeks B.</u>

<u>Protokolle van die keuses in Normalesituasie:</u>

N.1. Truman Attlee <u>Stalin</u> Tyd: 4.8 sek

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die drie persone as wêreld-figure gesien en gedink aan die toekoms. (b) Ek het gedink dat S t a l i n dalk die wêreld kan oorwin en die

geweldige stryd wat dit kan afgee. (c) Ek het gedink aan die wreedheid van die kommunisme. (d) Ek het T r u m a n as die swakkere gesien. (e) Ek het aan 'n portret van A t t l e e gedink en hom as 'n semi-kommunis gesien. (f) Ek het 'n beeld van die kaart van Europa voor my gehad en gedink aan die vorige oorlog. (g) Ek het in my 'n aanvoeling van vrees gehad en S t a l i n beskou as die magtiger figuur. (h) Na die keuse was daar 'n gevoel van huiwering in my.

N.2. lekkers <u>blomme</u> boeke Tyd: 3.8 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het 'n doos met l e k k e r s en die blomtuin voor my kamer gesien. (b) Ek het l e k - k e r s dadelik uitgeskakel. (c) Ek wou eers b o e k e kies, maar ek is baie lief vir b l o m m e en die natuur. (d) Ek het gedink hoe ek ruikers vir 'n meisie gegee het. (e) Die simbool wat voor my gekom het, was 'n roos - dit was vir my 'n intuïtiewe aanvoeling. (f) As ek langer gedink het sou ek miskien b o e k e gekies het. (g) Ek het In blomtuin voor my gesien, nie gelokaliseer nie maar tipies van Namakwaland. (h) Ek het nie aan die geur van b l o m m e gedink nie. 'i) L e k k e r s het banaal voorgekom by b l o m m e en b o e k e. (j) Na die keuse was daar 'n opgewonde gevoel in my, 'n mengsel van ongelokaliseerde herinneringsbeelde. (k) Na oorweging sal ek nou b oe k e kies, omdat hulle van meer waarde vir die algemene ontginning van die mens is. (l) B l o m m e vergaan maar b o e k e bly.

N.3. nooi <u>vriendin</u> vrou Tyd: 7.2 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was moeilik. (b) Ek wou eers n o o i kies en het aan 'n spesifieke persoon gedink. (c) By v r i e n d i n het ek weer aan 'n ander persoon gedink. (d) N o o i het geen waarde as sy nie werklik 'n v r i e n d i n is nie. Dieselfde geld ook vir v r o u en dit het my v r i e n d i n laat kies. (e) V r i e n - d i n verpersoonlik die vroulike wese. (f) Die begrip v r o u is buite my bereik en staan ver.

N.4. vlieg swem <u>skiet</u> Tyd: 1.5 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het aan die aktiwiteit gedink, want ek is lief vir jag. (b) Ek het gesien hoe ek voëls op die plaas geskiet en die prestasie behaal het dat ek die dag nie een skoot op spreeus misgeskiet het nie. (c) Ek het 'n oomblik aan v l i e g gedink, maar dit het my nie so opgeval as s k i e t nie. (d) Ek dink ek het in tuïtief gekies. Van vlieg het ek min ondervinding en ek kan nie goed s w e m nie.

N.5. Maandag <u>Woensdag</u> Saterdag Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Op W o e n s d a g vind aangename dinge plaas, soos sport en ons kry poeding. Dit is ook die middelste dag van die week, wanneer ons die minste klasse

het. (b) Ek weet nie waarom nie, maar van jongsaf het ek altyd 'n voorkeur aan W o e n s d a g. (c) M a a n d a g het vir my onsmaaklik voorgekom - effens die idee van bloumaandag. (d) W o e n s d a g is vir my ook 'n sportdag, nl. hokkie waarin ek belangstel.

N.6. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 2.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Hier was vir my geen twyfel nie. (b) Ek het my hele universiteitsloopbaan voor my gesien. (c) Ek het ook voor my geestesoog die hele kleurlingegemeenskap onder wie studie broodnodig is, gesien. (d) By g e s k i e d e n i s het die beeld van my ou vriend opgekom wat 'n geskeidkundige is en in die argiewe hom doodswoeg. (e) E n g e l s lewer by my geen sensasie nie. (f)My lewensideaal gaan op in s i e l k u n d e, omdat dit die mees menslike benadering is van die menslike probleem.

N.7. bioskoop konsert <u>opera</u> Tyd: 1.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse het vir my geen moeilikheid opgelewer nie. (b) By b i o s k o o p het ek 'n prent sien draai en gedink aan die stryd tussen die goeie element en die hopelose film. (c) By k o n s e r t het ek aan die swak beroepstoneel van ons land gedink. (d) By o p e r a het ek dadelik gedink aan die groot figure en ook aan die radioprogram van vanmôre waar verskeie stukke gespeel is. (e) Ek het gedink aan die geweldige emosionele inhoud van die o p e r a. (f) Op die terrein van die kuns staan o p e r a ver bokant die ander.

N.8. onderwyser <u>dokter</u> predikant Tyd: 1.7 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het elkeen van die drie gesien en o n d e r w y s e r dadelik uitgeskakel. (b) By p r e d i k a n t het ek my ideaal van evangeliebediening gesien. (c) Ek het getwyfel tussen d o k t e r en p r e d i k a n t. (d) Ek het iets teen die p r e d i k a n t e op grond van die statuskwessie van die sendelinge. (e) By d o k t e r het ek die drang daarna gevoel wat ek van my jeug af gehad het en vandag nog het. (f) Die lyding van die mense op fisiese gebied gryp my aan soos op psigiese gebied. (g) Die vraag kom by my op hoekom 'n d o k t e r en p r e d i k a n t nie een kan wees nie. (h) D o k t e r is die naaste aan my idealisme en daarom het ek hom gekies.

N.9. ma anlig sonskyn <u>dagbreek</u> Tyd: 2.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By m a a n l i g het ek gesien hoe die maan opkom en gedink aan voorvalle hier voor ons koshuis. (b) Ek het ook gedink aan 'n voorval op Wellington met 'n dame en maansverduistering. (c) Ek het gedink aan 'n voorval by die dameskoshuis se stoep waar ek verleë was oor 'n helderheid van die dag gesien.

(e) By d a g b r e e k het ek die simbolisme van die lewe gesien, want dit is rein, onbesmet en skkon en wys dat God nog nie aan die wêreld gewanhoop het nie.

N.10. 13 100 1760 Tyd: 2.5 seks.

Retrospeksie: (a) By 1760 was daar vir my geen beeld nie en 13 is 'n ongeluksnommer. (b) Ek het 100 vereenselwig met min of meer 'n volmaakte getal - persentasie, ouderdomsgrens, ens. (c) By 13 het ek ook gedink aan my kamer op Wellington. (d) Ek het getwyfel tussen 13 en 100. (e) Ek hou nie van syfers nie, en die prikkelwoorde het my effens van stryk gebring.

N.11. dans volkspele sport Tyd:1.8 seks.

Retrospeksie: (a) Dit was 'n moeilike keuse, want ek neem nie deel aan d a n s en v o l k s p e l e nie. (b) Ek het d a n s dadelik uitgeskakel, want dit wek 'n teengevoel by my. (c) Ek het s p o r t assosieer met sportsoorte waaraan ek nie deelneem nie. (d) V o l k - s p e l e het my herinner aan funksies en afskeid by my vorige studie-inrigting. (e) V o l k s p e l e het ek assosieer met my vorige verblyf en gedink hoe ons mans en dames almal saamgespeel het.

N.12. blou geel groen Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) B l o u is my geliefkoosde kleur van kleinsaf. (b) Ek hou nie van mense wat g e e l dra nie. (c) G r o e n het nie vir my waarde nie en stoot my af. (d) By b l o u het ek gedink aan rokke, oë en die b l o u lug. (e) Ek het oombliklik aan b l o u voorkeur gegee en intuïtief gekies.

N.13. Vondel Kant Calvyn Tyd: 2.6 seks

Retrospeksie: (a) Ek wou C a l v y n eerste kies, omdat ek 'n Calvinis is. (b) Ek het gedink aan die nasionaliteit van elkeen. (c) Ek weet te min van V o n d e l om hom te kies. (d) C a l v y n het my afgestoot, omdat die mense hier dweep met die Calvinisme. (e) Ek het K a n t assosieer met wysbegeerte en dit weer met sielkunde gelykgestel. (f) K a n t se logika en heldere siening trek my aan. (g) My keuse was hier definitief beredeneerd.

Pp.I. - Reeks B.

A. Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:

A.1. vlieg swem skiet Tyd: 2.4 seks

Retrospeksie: (a) Daar was baie min faktore betrokke. (b) As musiek van hierdie aard gespeel word, het ek 'n

sweefsendasid. (c) Uit my kinderfantasie spruit dit dat ek sonder vlerke of iets sweef op eie inisiatief, niks anders nie. (d) Ek het dit gekies as gevolg van 'n oombliklike idee, hoër as die aardse. (e) Ek het gevoel dis al w ek kon kies.

A.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 3.4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die prikkel het vir my leeg voorgekom. (b) Al wat ek kon kies, was S a t e r d a g met sy Radioprogramme. (c) S a t e r d a g is ook die dag waarop ek altyd in die natuur uitgekom het, en die musiek van die natuur het onweerstaanbaar gespreek tot 'n mens. (d) Ek het dit ook assosieer met die insidente een S a t e r d a g - middag by die waterstroom, met die musiek van die voëls en die water, terwyl ek saam met 'n dame daar was. (e) 'n Gevoel van verlange was aanwesig na die keuse.

A.3. <u>geskiedenis</u> Engels sielkunde Tyd: 3.8 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan my keuse in 'n vorige eksperiment, alhoewel dit nie veel invloed op hierdie keuse uitgeoefen het nie. (b) Die patos in die g e s k i e d e n i s op meesterlike wyse uitgebeeld in die musiek.
(c) G e s k i e d e n i s is die lief en leed van die mens. Daar is iets aantrekliks in die rang van nasies en die mense wat geval en opgestaan het. (d) Ek hou baie van g e s k i e d e n i s en musiek. (e) Ek het g e s k i e - d e n i s gekies, omdat dit so menslik is. Dit handel oor feite van die mens. (f) Ek het nie s i e l k u n d e gekies nie, omdat dit meer op die terrein van my nugtere denke as estetiese ervaring val. (f) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.4. bioskoop konsert <u>opera</u> Tyd: 1.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Daar was geen vergelyking nie, en ek het oombliklik gekies, want o p e r a is musiek. (b) O p e - r a was uitstaande.. (c) B i o s k o o p bevat t e veel lawwe goed. (d) K o n s e r t het weer niks met musiek te doen nie. (e) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.5. <u>dans</u> volkspele sport Tyd: 10.1 seks

<u>Retrospeksie:</u> (a) By d a n s het ek aan Strauss se "The Great Walts" met die meeslepenheid van die walse, gedink (b) By d a n s is soms wonderlike musiek. (c) Ek het gedink aan geen aksie gedink nie, maar net aan die musiek,
(d) D a n s is verbonde aan die beste musiek van die drie prikkelwoorde. (e) Niks van v o l k s p e l e se musiek interesseer my nie. (f) By s p o r t is daar geen musiek nie. (g) Na die keuse was daar gemengde onsekere gevoelens teenwoordig.

Pp.I. - Reeks B.

Protokolle van keuses in sentimentele stemmingsituasies:

B.1. Vlieg swem skiet Tyd: 1.6 seks.

Retrospeksie: (a) Die musiek wek by my die effek van drywende wolke. (b) Ook wek dit die beeld van die eensame vlug van 'n voël wat 'n groot bekering op my het. (c) Ek sien voëls wat deur die lug v l i e g, terwyl die radio speel. (d) Die assosiasies met die vorige keuse is nou baie sterk, maar daar is meer fantasie in as die vorige keer - ek was jeugdiger. (e) Ek het s w e m en s k i e t dadelik uitgeskakel. (f) Die gevoel verbonde aan die situasie is iets wat verby is en nooit weer sal kom nie.

B.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 1.8 seks.

Retrospeksie: (a) Dit mag op 'n S a t e r d a gmiddag, toe die beeld wat ek nou voor my gees sien, in werklikheid plaasgevind het. (b) Op die oomblik van my keuse het ek weer alles beleef en die beeld duidelik voor my gesien. (c) Ek het nie na M a a n d a g en W o e n s d a g gekyk nie. (d) My gevoel is van iets wat was, maar nooit meer sal wees nie.

B.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 2.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het oombliklik e n g e l s gekies, want die lied is e n g e l s. (b) Sy is nie e n g e l s nie, maar hulle spreektaal in die huis is e n g e l s. (c) By g e s k i e d e n i s het ek gedink aan die vorige keuse, maar in hierdie geval is daar nie konneksie met g e s k i e d e n i s nie. (d) Aan s i e l k u n d e het ek nie gedink nie. (e) Die musiek en stemming is nou vir my van 'n baie persoonlike aard.

B.4. bioskoop konsert opera Tyd: 2.2 seks.

Retrospeksie: (a) Hierdie keer kies ek k o n s e r t. (b) Ek het aan o p e r a gedink, maar dis nie 'n o p e r a nie. (c) By die k o n s e r t het ek haar die meeste raakgeloop. (d) Sy het saam met die groep k o n s e r t toe gekom, en dit was met opset dat ons altyd kontak gemaak het. (e) Ek dink hier veral aan 'n verskeidenheidskonsert waar sy my 'n rooi angelier present gegee het. (f) Ek het in die verlede teruggeleef en my gevoel was 'n tinteling met 'n toon van teleurstelling.

B.5. dans volkspele sport Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) Dit is moeilik om dit te beskryf, maar ek het intuïtief gekies. (b) Sy het ged a n s en dis in haar lewe die grootste stryd of d a n s reg is of nie.

(c) Vandag d a n s sy nie meer nie. (d) Persoonlikê assosiasies het my d a n s laat kies. (e) In hierdie geval was dit nie die aard van die musiek en die situasie wat my d a n s laat kies het nie. (f) Ek kan nie 'n beskrywing gee van die gevoel by my teenwoordig na die keuse nie.

Pp.I. - Reeks B.

C. Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:

C.1. vlieg swem skiet Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) In die veld voel jy die lekkerste. Die veld gee 'n arbeidslus en 'n gevoel van vryheid. (b) Die musiek en stemming laat my vry voel en wek 'n lus tot prestasie by my. (c) Ek het effens aan s w e m en v l i e g gedink, maar kon v l i e g nie hiermee assosieer nie. (d) Ek kon nie my vorige keuse van v l i e g met dieselfde assosieer as hierdie nie. (e) Ek dink die vorige keuse het my in hierdie geval beïnvloed om anders te kies.

C.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 2.2 seks

Retrospeksie: (a) Ek het die drie prikkelwoorde aldrie oorweeg. (b) M a a n d a g en W o e n s d a g is swaar dae van werk. (c) S a t e r d a g is die dag van geestesuiting en ontspanning.

C.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) In hierdie stemming en onder die invloed van hierdie musiek kan ek nugter dink. (b) Dit wakker my logika en lus tot prestasie aan. (c) My lus tot prestasie kan in s i e l k u n d e meer tot verwesenliking kom. (d) Daar is 'n tint van oorwinning in hierdie lied.

C.4. bioskoop konsert opera Tyd: 2.4 seks

Retrospeksie: (a) B i o s k o o p is die beste manier van ontspanning. (b) As ek moeg is, kan ek daarheen gaan. (c) B i o s k o o p sal nooit voorkeur by my geniet in 'n gebalanseerde stemming nie. (d) B i o s k o o p se musiek is ook van hierdie aard. (e) O p e r a se musiek is meer gewigtig.

C.5. dans volkspele sport Tyd: 2.0 seks

Retrospeksie: (a) Ek het weer dieselfde gevoel van oorwinning beleef soos in die vorige geval. (b) Die serenade adem vir my 'n oorwinningsgees. (c) Op die vragmotor

waarmee die span wat op die sportvelde die oorwinning behaal het, huis toe gaan, sal hierdie lied baie gepas wees.

Pp.I. - Reeks B.

D. Protokolle van keuses in Uitbundigvrolike stemming-situasie:

D.1. vlieg swem skiet Tyd: 1.1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek ignoreer die musiek en wil die stil-maak. (b) Ek het nie gedink aan v l i e g en s w e m nie. (c) Ek het op my keuse van s k i e t die vorige keer teruggeval en so gekies.

D.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 1.4 seks.

Retrospeksie: (a) Op 'n S a t e r d a g kan ek weg wees van die musiek, die mense en die lawaai. (b) Ek kan gaan na die vryheid van die veld.

D.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het nugter gekies en die lawaai ig-noreer. (b) Die ding gee my so 'n afsku dat ek nie eers kan dink nie.

D.4. bioskoop konsert opera Tyd: 1.6 seks.

Retrospeksie: (a) O p e r a bevat nie daardie gemors nie. (b) Ek het logies gekies en teruggeval op my vorige keuse.

D.5. dans volkspele sport. Tyd: 1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het weer 'n logiese keuse gedoen. (b) Ek kan nie anders as om die musiek te ignoreer nie. (c) Ek wil daar niks mee te doen hê nie.

Pp.K. - Reeks B.

N. Protokolle van keuses in normalesituasie:

N.1. Truman Attlee Stalin Tyd: 6.8 seks.

Retrospeksie: (a) S t a l i n is 'n skrikwekkende ding en 'n gevaar vir die hele wêreld. (b) T r u m a n het per toeval sy posisie bereik en ek hou nie veel van hom nie. (c) A t t l e e is die gemiddelde tussen die twee en ver-teenwoordig die werker. (d) Daar was min oorweging verder.

N.2. lekkers blomme <u>boeke</u> Tyd: 11 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek gee nie om vir l e k k e r s nie. (b) Ek is lief vir sekere b l o m m e, maar dit is nie in 'n hoë mate nie. (c) Ek sien 'n tuin met volop sonskyn en groot b l o m m e. (d) Ek het met b o e k e groot geword, want my vader het 'n groot boekery gehad en ek het baie gelees. (e) Ek het l e k k e r s dadelik uitgeskakel. (f) B o e k e was oorheersend. (g) B o e k e verskaf die mees blywende genot.

N.3. nooi vriendin <u>vrou</u> Tyd: 7.2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het n o o i dadelik uitgeskakel, want die enigste een wat ek gehad het, het my vrou geword. (b) V r o u behels baie meer en vul die plek van mansvriend, moeder en v r o u. (c) Ek het nooit 'n moeder van my eie gehad nie en my v r o u het dit vir my geword. (d) Deur ondervinding sal ek nie die posisie van my v r o u verruil met die van n o o i of v r i e n d i n nie. (e) V r i e n d i n n e wil maar altyd ouboet maak van jou.

N.4. vlieg <u>swem</u> skiet Tyd: 4.2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het nog nooit gev l i e g nie en sal ook nie. (b) My jagtersdrang het baie vroeg vervaag. (c) Die sport wat vir my oorgebly het na gebreke in voetbal opgedoen, is s w e m. (d) Dit is vir my 'n soort kompensasie en ek verkies om in die see te s w e m. (e) Ek het die toneel gesien waar ek 'n persoon in die see gered het, en die persoon my amper verdrink het. (f) S k i e t verwoes lewens en breek huisgesinnetjies op. (g) By v l i e g waag jy onnodig jou lewe.

N.5. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) S a t e r d a g geniet by my voorrang, want dit is nie 'n dag vir werk nie. (b) M a a n - d a g wek by my onaangename gevoelens, blou M a a n d a g, en ek sien op teen die lang week wat voorlê. (c) Op S a t e r d a g kan ek besig wees met my stokperdjies.

N.6. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 4.2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) S i e l k u n d e is die vak wat die naaste aan die lewe staan. (b) My werk en my studie is in die rigting. (c) Ek het nie tyd vir e n g e l s nie (d) G e s k i e d e n i s was my sterk vak, maar ek het geen liefde daarvoor nie. (e) Ek het getwyfel tussen g e s k i e d e n i s en s i e l k u n d e, maar het e n g e l s dadelik uitgeskakel. (f) Ek was verplig om e n g e l s te neem, en ek het nie daarvan gehou om in e n g e l s klas te gee nie.

N.7. bioskoop konsert opera Tyd: 4.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het 'n fout gemaak, want ek wou eintlik o p e r a gekies het. (b) Aldrie het 'n sterk beroep op my gedoen, en in der haas het ek verkeerd gekies. (c) Jy kan self meer aktief aan 'n k o n s e r t deelneem, sowel as daarna te luister. (d) Die lae peil van sommige b i o s k o o pprente gee 'n slegte smaak daarvan. (e) As ek nou na oorweging moet kies, sal ek o p e r a kies, want ek is baie lief vir musiek.

N.8. onderwyser dokter predikant Tyd: 3.4 seks.

Retrospeksie: (a) Dit was my begeerte om d o k t e r te word, maar omstandighede het dit verhinder. (b) Ek wou toe p r e d i k a n t word, maar ook dit is verhinder. (c) D o k t e r was vir my uitstaande. (d) Tenspyte van sukses in onderwys is ek nie gelukkig nie, want dit put 'n mens baie uit. (e) By d o k t e r het ek beelde van klinieke en operasies geh ad. (f) Ek voel ek sou by d o k t e r meer kan doen, want dan sou stokperdjie my roeping wees.

N.9. maanlig sonskyn dagbreek Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) M a a n l i g het min geweeg by my, en ek het tussen die ander twee prikkels oorweeg. (b) S o n s k y n gee die idee van lewe, vrolikheid en lus. (c) D a g b r e e k gee die idee van fris en uit gerus te wees en instaat om te werk. (d) Ek is lief om vroeg op te staan en kan dan op my lekkerste werk. (e) Ek het s o n s k y n gekies terwille van die hitte daarvan.. die invloed van die seisoen van die jaar het hom laat geld (herfs). (f) Na oorweging sal ek nou d a g b r e e k kies, omdat ek besef ek sal baie moet werk, en dan vroeg opstaan om dit te doen.

N.10. 13 100 1760 Tyd: 5.2 seks.

Retrospeksie: (a) 100 is 'n ronde getal en maklik om mee te werk in persentasies en desimale...dit gee altyd verligting as ek desimale getalle tussen ander raakloop. (b) Ek het gewonder waarom ons nie tot die matriese stelsel oorslaan nie. (c) Ek dink ek sou met die subnormales meer sukses kon behaal daarmee. (d) Die gebalanseerdheid en gerief met die stelsel met 100 was oorwegend.

N.11. dans volkspele sport Tyd: 3.4 seks.

Retrospeksie: (a) S p o r t is fisies voordeliger, alhoewel dit nie so sosiaal soos die ander twee is nie. (b) Ek wil graag sosiale dinge bevorder, al is ek nie self 'n sosiale wese nie. (c) Ek het d a n s dadelik uitgeskakel, omdat ek nooit sterk trek daarvoor gehad het nie. (d) Ek het min deelgeneem aan v o l k s p e l e, en het nie juis verlange om meer daaraan deel te neem nie.. dit is mooi om daarna te kyk. (e) Ek het 'n sterk drang na
is mmoi om daarna te kyk. (e) Ek het 'n sterk drang na
s p o r t en kan nie veel daaraan doen nie weens my beserings. (f) Ek het 'n renons daarin om aan vreemde vroue

te vat.

N.12. blou geel <u>groen</u> Tyd: 4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die keuse was nie so maklik nie, maar g r o e n is darem my geliefkoosde kleur. (b) G r o e n het skakerings van g e e l in wat dit lewendiger maak. (c) Ons familie het almal b l o u oë en hulle dra baie b l o u klere wat dit opvallend maak. (d) By g r o e n het ek blare en gras gesien. (e) By g e e l het ek interne dekorasie gesien en by b l o u oë en klere. (f) Die voetbaltrui van die span waarvoor ek gespeel het, was g r o e n. (g) G r o e n is ook rustig vir my oë.

N.13. Vondel Kant <u>Calvyn</u> Tyd: 3.4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By V o n d e l is 'n onaangename gevoel, omdat ek sy dramas in 'n kort tydjie moes deurworstel. (b) Ka n t se filosofie het vir my ook moeilikheid gegee. (c) C a l v y n se lewensrigting was nog altyd vir my 'n inspirasie. (d) Ek weet die meeste van C a l v y n, en hy het in die praktiese lewe 'n vertroue in my gewek.

<u>rp.K. - Reeks B.</u>

<u>Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:</u>

A.1. vlieg <u>swem</u> skiet Tyd: 4.2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) S k i e t trek my nie aan nie, want my een oor is gevoelig vir die slag van 'n geweer. (b) V l i e g is gevaarlik en onnodig. (c) S w e m is die enigste een wat vir my oorbly. (c) Ek is lief vir s w e m en dit is al oefening wat ek kan doen. (d) Ek het nie een van die baie uitnodigings om te gaan s k i e t aangeneem nie. (e) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u>. Tyd: 3.9 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek stel my altyd voor S a t e r d a g is 'n rustige dag, en ek kan op my eie tempo besig wees. (b) Op die ander dae jaag en teer die tyd. (c) W o e n s d a g is ook aangenamer as M a a n d a g. (d) W o e n s d a g is die middel van die week en die middag is ek ook vry om my eie dinge te doen. (e) By M a a n d a g sien ek op teen die week wat voorlê. (f) M a a n d a g is 'n afstootlike dag - blou-M a a n d a g. (g) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.3. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek stel belang in s i e l k u n d e, omdat dit gaan oor die menslike aspek van die lewe, en veral sy hede en toekoms. (b) E n g e l s en g e s k i e d e n i s is iets van die verlede. (c) Ek het nie 'n behoefte om e n g e l s of g e s k i e d e n i s te ken nie, maar wel s i e l k u n d e. (d) In s i e l k u n d e i s daar

meer geheime wat tot ontplooiing kan kom en dit is nuttiger in my werk. (e) Ek het al g e s k i e d e n i s gekies en dit leeg-gevind. (f) E n g e l s is vir my afstootlik. (g) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.4. bioskoop konsert opera Tyd: 9 seks.

Retrospeksie: (a) In die b i o s k o o p sien ek kans om alles van k o n s e r t en o p e r a te vind. (b) B i o s k o o p is ook k o n s e r t - 'n drame uit die lewe, en dit kan meer verandering van plek en tyd daarstel. (c) B i o s k o o p het 'n slegte smaak, maar dit is die beste medium en die modernste van die drie. (d) B i o-s k o o p sluit ook die ander twee in. (e) By k o n s e r t is daar baie harde werk agter die skerms en ek was al dikwels daarmee belas. (f) Aan o p e r a is daar baie perke verbonde - voorkomste van die sangers en sale wat nie daaraan beantwoord nie, doen afbreuk aan die o p e r a. (g) 'n Te vrede gevoel was na die keuse aanwesig.

A.5. dans volkspele sport Tyd: 2.4 seks.

Retrospeksie: (a) S p o r t gee meer bevrediging as die ander twee. (b) S p o r t is ook 'n individuele bedrywigheid en d a n s en v o l k s p e l e vereis 'n metgesel van die teenoorgestelde geslag. (c) Ek hou nie van die aanraking van vreemde dames nie. (d) Daar is ook meer persoonlike voordeel in s p o r t. (e) Ek wil liewer kyk na mooi d a n s en v o l k s p e l e as om self daaraan deel te neem. (f) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

Pp.K. - Reeks B.

Protokolle van keuses in sentimentele stemmingsituasie:

B.1. vlieg swem skiet Tyd: 2.9 seks.

Retrospeksie: (a) Ek sien die aangename, blou see, 'n sonnige dag en hoe ek so op en neer oor die blou golwe wieg. (b) Die see is die plek waarna ek nou verlang en graag daar sou wou wees - alleen. (c) Sk i e t sou 'n lawaai meebring en dis vernietiging - 'n onaangeanme gevoel. Ek het s k i e t dadelik uitgeskakel. (d) Ek sou liewers op die golwe wou wieg as om deur die lug te v l i e g. (e) S w e m pas by die rustige atmosfeer - in wiegende ritmiese atmosfeer soos by die huis. (f) V l i e g is glad nie verbind met die tuiste nie. (g) S k i e t hou 'n bedreiging vir die huis in, want as een doodgeskiet word, is die huiskring opgebreek. (h) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

B.2. Maandag Woensdag <u>Saterdag</u> Tyd: 2.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) S a t e r d a g sal ek by die huis wees, en op S a t e r d a g is ook die meeste kans om tuis deur te bring. (b) S a t e r d a g staan sinoniem met tuiste en ek het die ander twee glad nie oorweeg nie. (c) Ons familiekring is dan ook volmaak, want ander dae is ek nie tuis nie en die kinders ook nie. (d) M a a n d a g is 'n moeilike begin. (e) ' Tevrede gevoel was aanwesig na die keuse.

D.3. geskiedenis engels <u>sielkunde</u> Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek voel baie bekommerd oor my kinders se toekoms en voel s i e l k u n d e sal my help om hulle toekoms te verseker, vir my om hulle te verstaan en te lei, en ook 'n beter besoldiging wat ek daardeur sal bekom. (b) G e s k i e d e n i s is in die verlede en dii verlede van my kinderjare en die van my kinders is nie juis alte prettig nie. (c) E n g e l s het geen verband met my kinderhuis en die huis van my kinders nie. (d) S i e l - k u n d e hou vir my iets vir die toekoms in en die ander niks. (e) E n g e l s is die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde, en ek self moes in e n g e l s e skole deur medium van e n g e l s leer. (f) 'n Tevrede gevoel was by die keuse aanwesig.

B.4. <u>bioskoop</u> konsert opera Tyd: 2 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Voorstellings, verhale, ens. is in die b i o s k o o p meer suksesvol as in die geval van o p e r a of k o n s e r t. (b) Ek het die meeste bioskoopprente gesien en bygewoon en daar baie gesien en gehoor i.v.m. musiek wat 'n blywende indruk op my gemaak het. (c) K o n - s e r t het nie blywende indrukke gemaak nie. (d) O p e - r a het ek maar 'n paar gebrekiges bygewoon en nie veel in hulle gevind nie. (e) In b i o s k o o p wor die atmosfeer tot in so 'n mate geskep dat ek vergeet ek sit in die b i o s k o o p. (f) Ek het die k o n s e r t altyd baie krities bejeën. (g) Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

B.5. <u>dans</u> volkspele sport Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By d a n s het ek gedink aan 'n familie of huisd a n s. (b) Dis 'n familiesaak wat in die huis tuishoort by 'n familiefees. (c) Ek het 'n deftige,private d a n s gesien as 'n intieme familiesake. (d) V o l k - s p e l e is in die ope lug en dra ook 'n publieke karakter. (f) S p o r t en v o l k s p e l e staan vreemd teenoor die huis. (g) D a n s is vir my 'n sterk, sosiale geleentheid in 'n intieme kring. (h) V o l k s p e l e is te lewendig en springerig. (i) 'n Tevrede gevoel was ~~die~~ na die keuse aanwesig.

<u>Pp.K. - Reeks B.</u>

<u>Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:</u>

C.1. vlieg <u>swem</u> skiet Tyd: 4.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek sien die seekoeigat in die rivier op die plaas. (b) Ons klomp seuns s w e m, skop, duik, rol, baljaar en karjakker in die water in die lekker sonskyn. (c) Ek het v l i e g en s k i e t met in die verbygaan gesien. (d) V l i e g is te glyerig. (e) S k i e t is 'n te individuele bedrywigheid. (f) 'n Tevrede gevoel was na die keuse aanwesig.

C.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 2.4 seks.

Retrospeksie: (a) S a t e r d a g is 'n ongebonde dag waarop jy op jou eie prettige manier kan besig wees. (b) Jy kan jou eie aktiwiteite wat jou nie vermoei nie, verrig. (c) Jy kan ook vryelik in die môreson vertoef. (d) M a a n - d a g en w o e n s d a g is te gebonde en uit die prettige môrelug.

C.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 2.4 seks

Retrospeksie: (a) In sielkunde is daar veriasie opgesluit teenoor die ou bekendheid van die ander twee. (b) S i e l - k u n d e laat my meer aan die bedrywighede van die mensdom dink. (c) S i e l k u n d e is fris en iets vir die toekoms, terwyl die ander twee meer soos sake lyk.

C.4. bioskoop konsert opera Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Atmosfeer van die musiek pas die beste by b i o s k o o p. (b) Aan die begin van die vertoning speel hulle wat jou instel vir die genot, en ook jou belangstelling wek. (c) O p e r a en k o n s e r t het 'n deftige atmosfeer. (d) Ek het hierdie musiek in die dae van die stil prent baie in die b i o s k o o p gehoor, want dit is oor en oor gespeel.

C.5. dans volkspele sport Tyd: 5.4 seks.

Retrospeksie: (a) Die atmosfeer hoort meer tuis by v o l k - s p e l e waar jy met gemerkte ritme te doen het. (b) Die musiek is soos die musiek van die v o l k s p e l e - laat jou dink aan Jan Pierewiet, ens. (c) Jy voel nie lus om jou te gaan ooreis op die s p o r tveld nie. (d) D a n s lyk op die oomblik te stemmig en deftig.

Pp.K. - Reeks B.

Protokolle van keuses in uitbundig-vrolike stemmingsituasie:

D.1. vlieg swem skiet Tyd: 2.6 seks.

Retrospeksie: (a) Ek sien figure wat dartel en op en neer waai soos motte op 'n lusernland. (b) Dis 'n hele oeratmosfeer waar s k i e t en s w e m nie inpas nie.

D.2. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 3.5 seks.

Retrospeksie: (a) Op S a t e r d a gmiddag spandeer karfers hulle vrye tyd met so 'n lawaai. (b) Hulle jaag reisies met fietse en ander staan langs die pad en skree. (c) I.v.m. M a a n d a g en W o e n s d a g het ek niks gesien nie, alles het vervaag.

D.3. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 3.5 seks.

Retrospeksie: (a) Ons land se g e s k i e d e n i s is deurspek van kaffergebeurtenisse. (b) Kaffers dans, skree en storm op laers af. (c) Retief se moord het voor my geestesoog verskyn. (d) S i e l k u n d e het hier geen betekenis nie. (e) E n g e l s is ingevleg in die g e - s k i e d e n i s van die kaffers - ek sal hom tweede plaas.

D.4. bioskoop konsert opera Tyd: 2 seks.

Retrospeksie: (a) By b i o s k o o p en veral in die voorprente het ek die meeste van hierdie soort danse gesien. (b) In prente waaraan ek nou dink, speel hulle juis kaffersang wat aan hierdie musiek laat dink. (c) K o n s e r t en o p e r a het hier geen verband nie.

D.5. dans volkspele sport Tyd: 2.5 seks.

Retrospeksie: (a) Hierdie is waarskynlik d a n smusiek, veral maltrappery soos die kaffers maak. (b) Die wilde bokspringe van kaffers laat 'n mens hieraan dink. (c) V o l k s p e l e is te deftig vir hierdie soort musiek. (d) S p o r t het geen verband hiermee nie.

Pp.L. - Reeks A.

N.1. Malan v.Rensburg Smuts Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) By v a n R e n s b u r g het ek gedink aan die Elsburgvergadering wat hy gehou het en sy onpopulariteit. (b) Hy is nie 'n aanwins vir die nasie nie. (c) Ek wou S m u t s toe baie vinnig druk, maar het nie en het hom toe elimineer. (d) M a l a n het ek gesien met bril en spits neus en hy het nie 'n gevoel by my gewek nie. (e) Saam met S m u t s het ek die koninklike besoek gesien en hom as empireman beskou. (f) Ek het die twee elimineer en toe die een wat oorbly, gekies. (g) Ek het tussen S m u t s en M a l a n getwyfel, omdat S m u t s 'n groter figuur is en M a l a n geen politieke figuur nie. (h) Na die keuse het die wens by my opgekom dat M a l a n 'n sterker man moes wees.

N.2. <u>Prot-estant</u> sekte katoliek Tyd: 3.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het s e k t e met die slegte assosieer en gevoel dat dit nie die regte is nie. (b) Ek het getwyfel of ek nie K a t o l i e k moet neem nie. (c) Ek het die katedraal met die gekleurde ruite, die beelde en al die aantreklikhede gesien. (d) Toe het ek die K a t o l i e ke vervolging van die P r o t e s t a n t e gesien en gevoel ek is 'n p r o t e s t a n t waarop ek toe ook gekies het. (e) Ek kon nie s e k t e kies nie. (f) Ek voel soms aangetrokke tot die k a t o l i e k e, maar dit sal nie lojaal wees teenoor my godsdiens om k a t o l i e k te kies nie. (g) Na die keuse was 'n tevrede gevoel aanwesig.

N.3. <u>vriend</u> moeder bekende Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek sien die middelste woord altyd eerste. (b) Ek het m o e d e r gesien en gedink aan die plaat, "Home sweet Home" wat ons vanmiddag gespeel het en wat staan vir sentimentaliteit waaraan ek my nie wou skuldig maak nie. (c) Ek het ma gesien hoe sy vir my kyk en dadelik gevoel ek behoort haar nie hier in te sleep nie. (d) Toe ek b e k e n d e sien, het ek vir 'n oomblik ongemaklik gevoel, want ek het die swakheid om hulle name maklik te vergeet. (e) By v r i e n d het ek gedink aan 'n brief wat ek aan 'n vriendin i.v.m. vriendskap geskryf het. (f) Die gedagte aan v r i e n d i n was toe dominerend en ek het toe so gekies. (g) Ek wou nie sentimenteel raak nie, want dan belemmer dit jou helderheid. (h) Na die keuse het ek gewonder of dit lojaal teenoor ma is.

N.4. <u>staal</u> goud silwer. Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) G o u d het ek daddlik assosieer met Johannesburg en al sy g o u d en materialisme. (b) Die mense lyk vir my in Johannesburg sielloos en ongelukkig. (c) S i l w e r het ook die gedagte aan geld opgewek. (d) By s t a a l het ek gedink aan die boek, "Grey Steel", wat handel oor die lewe van Smuts. (e) Die gedagte het by my opgekom dat, as jy die s t a a l het die s i l w e r en g o u d bykomstig is. (f) S t a a l is as oorlogsmiddel ook belangriker as g o u d of s i l w e r (g) G o u d en s i l w e r staan vir weelde en geld waar sonder jy kan klaarkom en ek wil nie 'n aanbidder van geld wees nie. (h) Na die keuse was daar 'n tevrede gevoel aanwesig.

N.5. Sondag Donderdag <u>Vrydag</u> Tyd: 2.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By S o n d a g het die gevoel by my opgekom dat jy soms op S o n d a g wil werk, maar jou gewete pla jou. (b) D o n d e r d a g was my onaangename dag waarop ek middagklas gehad het. (c) V r y d a g is die end van die week en die aangenaamste skoolprogram. (d) By S o n d a g het die gedagte by my opgekom dat jy in jou kispak moet sit en gesels en 'n goeie mens wees, al voel jy nie so nie. (f) D o n d e r d a g weer is 'n regte D o n d e r d a g. (g) Na die keuse het ek gevoel dat V r y d a g die aangenaamste dag van die week is.

N.6. biologie <u>wiskunde</u> filosofie Tyd: 3.1 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) By w i s k u n d e is daar 'n definitiviteit waar iets is of nie is nie. (b) By f i l o s o f i e maal jy en kon nooit verder nie. (c) Almal kan f i l o s f e e r, maar almal kan nie w i s k u n d e doen nie. (c) B i o l o g i e was vir my 'n eenvoudige vak op die universiteit. (d) W i s k u n d e was my geliefkoosde vak en daar is aangename assosiasies verbonde a an die vak. (e) Ek het ook gedink aan die reëlmatige wette van w i s k u n d e. (f) W i s k u n d e het die aangenaamste gevoel by my laat ontstaan. (g) Ek het gewens sielkunde moet soos w i s k u n d ee wees.

N.7. klavier <u>viool</u> ghitaar Tyd: 2.4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het k l a v i e r probeer speel, maar ek kon nie, want ek het moeg vir die sleutels geword. (b) G h i t a a r is vir my en volgens my oordeel nie 'n musiekinstrument nie. (c) My geliefkoosde plaat is die serenade van Tocelli op v i o o l. (d) Ek hou baie van v i o o l. (e) Ek het g h i t a a r dadelik elimineer. (e) By v i o o l het ek iemand op 'n verhoog in aanddrag sien speel, maar die k l a v i e r op die agtergrond het geen effek nie. (f) Ek kon k l a v i e r gekies het, maar dit het vir my meer gekompliseerd geklink. (g) Na die keuse was die gevoel by my dat k l a v i e r ook mooi is.

N.8. <u>ambisie</u> liefde patriotisme Tyd: 2.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink dis 'n moeilike keuse. (b) A m b i s i e is selfsugtig. (c) L i e f d e is sentimenteel. (d) P a t r i o t e s m e word deur staatsmanne uitgebuit. (e) Ek het besef dat die mens selfsugtig is, en daarom is die keuse van a m b i s i e eerlik beteken. (f) Sonder a m b i s i e sal jy selftevrede wees, want strewe beteken vooruitgang. (g) Aan a m b i s i e is daar onaangename herinneringe verbonde. (h) Na die keuse het ek gevoel a m b i s i e is selfsugtig, maar tog nog die beste.

N.9. <u>kunsgalery</u> <u>plaas</u> fabriek Tyd: 2.9 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) K u n s g a l e r y is mooi, maar maak jou gou moeg. (b) By f a b r i e k het ek gedink aan dreunende masjiene, stof, goedkoop arbeid, kommunisme en kapitalisme. (c) Ek ken mense wat in 'n f a b r i e k werk. (d) Ek het op 'n p l a a s groot geword en is lief vir die veld en die diere. (e) Ek het die p l a a s gesien met al die tonele van my jeug. (f) Soms het ek baie lus om 'n boer te wees. (g) Ek het p l a a s gekies, omdat dit staan vir vryheid. (h) K u n s g a l e r y is koud en f a b r i e k e is buite die kwessie. (i) Direk na die keuse het ek gevoel ek wil nie k u n s g a l e r y hê nie, maar wel p l a a s.

N.B. Eienaardige verskynsels het hier plaasgevind, nl. dat die pp. eers k u n s g a l e r y wou druk, maar net toe dit wou druk, het dit skielik besluit op die p l a a s..Al die faktore hierbo genoem, was aanwesig in die guns van p l a a s, maar tog was dit op die punt om k u n s g a l e r y te druk.

N.10. 7 1000 <u>880</u> Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het aan desimale gedink - .7 het onbuigbaar gelyk en .1000 het onsinnig gelyk. (b) By 880 het ek aan die atletiekafstand gedink. (c) Ek het die sportgronde waar ons atletiek het, gesien. (d) 880 het alles oorheers en ek het dit gekies. (e) Na die keuse het ek gewonder of G. Bosman die rekord oor die 880 gaan slaan.

N.11. <u>voetbal</u> tennis krieket Tyd: 3.4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het amper t e n n i s gekies, want ek speel nog t e n n i s. (b) Ek het nie van k r i e k e t gehou nie, en dit dadelik uitgeskakel. (c) Ek is ook baie lief vir v o e t b a l, en dit oorheers almal. (d) Ek het gewonder of t e n n i s nie sou bykom nie. (e) V o e t b a l lewer meer vir die toeskouers - meer aanskoulik. (f) Ek het gedink aan Saterdag se wedstryd tussen O.V.S. en N. Tvl. wat ek bygewoon het. (g) By t e n n i s pla my gewete my dat ek lankal moes gaan speel het, maar het tog nie weer gegaan nie. (h) By k r i e k e t hou ek nie van die veldwerk nie. (i)) Na die keuse het ek gewens dat ek nog jonger was en nog 'n rugbytoekoms gehad het.

N.12. △ ○ □ Tyd: 3 seks.

Retrospeksie: (a) Die d r i e h o e k het vir my 'n meetkundige figuur voorgestel en my laat dink aan driehoeksmeting. (b) Dit het my ook laat dink aan die ewige d r i e h o e k in die drama. (c) Ek hou van die drama en ook van wiskunde. (d) By die s i r k e l is onaangename gevoelens, want ek moes 'n reeks lesse gee oor die s i r k e l, en moes dit by 'n gebrek aan voldoende tyd voorberei. (e) Die v i e r k a n t het my laat dink aan die oppervlaktesomme by die skool en op die oomblik is ek nie in die skool geïnteresseerd nie. (f) Na die keuse was daar 'n tevrede gevoel by my aanwesig.

N.13. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 2.1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het aan die Bybel gedink waar gesê word dat die l i e f d e die vernaamste is en toe so gekies. (b) Ek het ook aan 'n vorige eksperiment waar ek nie l i e f d e gekies het nie, gedink. (c) Ek het gewonder of ek nie g e l o o f moes kies nie, want daar is so baie dinge wat jy graag wil glo, maar moeilik vind. (d) Toe ek l i e f d e gekies het, was ek objektief en het

dit gesien as liefdadigheid. (e) Na die keuse het my gedagte teruggeswaai na seksliefde en gedink aan dames met moontlikhede van daardie soort l i e f d e, nl. om as lewensmaat te dien.

Pp.L. - Reeks A.

Protokolle van keuses in gewyde stemmingsituasie:

A.1. protestant sekte katoliek Tyd: 2.9 seks.

Retrospeksie: (a) Die hele atmosfeer van die plek wat ek myself voorstel, is k a t o l i e k. (b) Ek kan die beelde selfs duidelik sien. (c) Op die oomblik is p r o t e s t a n t kleurloos. (d) S e k t e is te banaal om by die gewyde stemming in te pas. (e) K a t o l i e k pas by die verhewendheid van die stemming.

A.2. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 2.1 seks.

Retrospeksie: (a) S o n d a g kom die naaste aan die stemming waarin ek verkeer onder gewone omstandighede.
(b) Hierdie stemming sal ook meer intens wees op S o n d ag.
(c) Ek het gedink aan S o n d a g tuis, alles in gewyde stemming en pa speel gewyde liedere op die orrel.
(d) Op D o n d e r d a g en V r y d a g is daar nie kans om in so 'n stemming te kom nie. (e) 'n gevoel van rustigheid was by my aanwesig.

A.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 1.9 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het gedink aan die vorige keuse tussen katoliek, sekte en protestant wat miskien 'n kwessie van fi l o s o f i e s e opvat tinge is. (b) Ek het b i o l o g i e dadelik uitgeskakel. (c) T.o.v. w i s k u n d e het ek een van die ou Meesters op die trappe van 'n groot gebou gesien waar hy besig is om figure te verduidelik en tog ook maar weer f i l o s o f i e vertel.
(d) 'n Gevoel van tevredenheid met keuse was by my aanwesig.

A.4. voetbal tennis krieket Tyd: 10 seks.

Retrospeksie: (a) Hier kon ek nie kies nie. (b) Ek het t e n n i s gedruk, maar ek het hom nie gekies nie.
(c) Nie een van die woorde pas by die situasie en die stemming van die oomblik nie. (d) Ek het t e n n i s gekies, omdat een van die dames by ons skool op Sondag t e n n i s speel en haar daaroor bekommer oor die openbare opinie. (e) Ek staan self afkeurend teenoor t e n n i s op S ondae. (f) 'n Gevoel van ontevredenheid heers by my want dis nie billik van die Pl. om te vra dat ek daartussen moet kies in hierdie stemming nie.

A.5. geloof hoop liefde Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het my weer die knielendes in die katedraal voorgestel en gewonder watter van die drie is die sterkste by die knielendes. (b) Ek het l i e f d e geneem, maar direk daarna gevoel dat ek g e l o o f moes geneem het. (c) Die hele saak is meer 'n kwessie van ge- l o o f as l i e f d e. (d) Die g e l o o f is primêr, en daarom sal ek nou g e l o o f kies as ek weer moes kies.

Pp.L. - Reeks A.

Protokolle van keuses in sentimentele verlangende stemming-situasie:

B.1. protestant sekte katoliek Tyd: 2.9 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het assosiasies met geloof gevorm. (b) Ek het gedink aan pa wat baie godsdienstig is en gereeld saans huisgodsdiens hou. (c) Pa is eng-Gereformeerd en sal geen s e k t e duld in die huis nie. Die enigste wat geduld word, is p r o t e s t a n t. (d) Ek het self nie oorgegaan na die Gereformeerde K erk nie, maar het verkies om in N.G. Kerk te bly.

B.2. Sondag Donderdag Vrydag. Tyd: 2.2 seks.

Retrospeksie: (a) S o n d a g domineer die ander prikkels baie sterk. (b) Pa is gewoonlik net S o n d a g tuis en dan kuier ons, omdat hy ander dae van die week weg is as ek tuis is met vakansies. (c) D o n d e r d a g en V r y - d a g is gewone dae.

B.3. biologie wiskunde filosofie Tyd: 2.3 seks.

Retrospeksie: (a) Op die hoërskool was w i s k u n d e 'n baie aangename vak....ek kon my by die tafel sken sit en w i s k u n d e doen. (b) Niks kan my steur as ek met w i s k u n d e te doen het nie. (c) F i l o s o f i e kan ek nie met my ouers bespreek nie, want hulle het ander opvattings. (d) Met b i o l o g i e het ek geen assosiasies nie.

B.4. voetbal tennis krieket Tyd: 2.4 seks.

Retrospeksie: (a) Tuis het ek nie t e n n i s of k r i e k e t gespeel nie. (b) Ek is nie toegelaat om v o e t b a l te speel nie, maar het dit tog skelm gedoen. (c) Ek het die skelm v o e t b a lspel baie geniet. (d) Ek het 'n skuldige gewete gehad as ek dalk mag seerkry. (e) As ek v o e t b a l sien, dink ek altyd aan die huis.

B.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) My ma is baie lief vir ons kinders en die hele familielewe. (b) Deur haar l i e f d e het sy 'n houvas op ons. (c) Sy sal vir ons enigiets doen. Sy is sinoniem met l i e f d e van ons nie.

<u>Pp.L. - Reeks A.</u>

<u>Protokolle van keuses in ligte opgewekte stemmingsituasie:</u>

C.1. <u>protestant</u> sekte katoliek Tyd: 3.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan Romeo en Juliet en die botsing tussen die twee huise, nl. p r o t e s t a n t en k a t l i e k en dadelik die kant van die p r o t e - s t a n t gekies. (b) Ek het p r o t e s t a n t gekies, omdat ek een is. (c) Ek het k at l i e k as vyand aangevoel. (d) S e k t e kon ek definitief nie kies nie, en het dit dadelik uitgeskakel.

C.2. Sondag Donderdag <u>Vrydag</u> Tyd: 2.6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die stemming van onbekommerde genot pas die beste by V r y d a g, wanneer die werk van die week agter die rug is en niks jou hinder nie. (b) 'n Gevoel van vryheid om te geniet heers op V r y d a g. Daar is geen kommer oor die werk en die pligte van môre nie.
(c) S o n d a g is buite die kwessie, want dit sal nie paslik wees om dansies en passies op S o n d a g uit te voer nie.
(d) Ek het D o n d e r d a g nie gekies nie, omdat die gedagte aan die werk van die volgende d ag die stemming sal bederf. (a) 'n Tevrede gevoel met die keuse was by my.

C.3. biologie wiskunde <u>filosofie</u> Tyd: 2.3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Op so 'n plek sal 'n mens nie oor b i o l o g i e gesels nie. Jy sal nie lus daarvoor hê nie. (b) W i s k u n d e is te swaar en ingewikkeld vir die geleentheid. (c) Miskien mag jy op so 'n plek ligte f i l o s o f i e verkondig, soos bv. "vandag drink en vrolik wees, want môre..." dit pas by die situasie.
(d) B i o l o g i e en w i s k u n d e is uitgeskakel en f i l o s o f i e is gekies.

C.4. voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 2.3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het daaraan gedink om 'n afspraak met iemand vir t e n n i s te maak. (b) Ek kan nie v o e t b a kies nie, want sy het nie deel as toeskouer nie.
(c) Sy stel ook nie belang in k r i e k e t nie.
(d) T e n n i s pas nader aan die situasie, want met dieselfde nooientjie wat jy dans, kan jy ook gaan t e n n i s

speel. (e) Ek dink aan 'n klein dametjie met blou ogies en wonder hoe sy sal lyk in t e n n i sdrag. (f) Ek kies t e n n i s, omdat sy ook kan deelneem. (g) v o e t - b a l is vir haar te rof, en by k r i e k e t kan sy nie so lank in die son sit en bak nie.

C.5. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 2.1 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) In die hele situasie wat ek my voorstel, is l i e f d e die essens. (b) Ek wil met een van die dames op die stoep gaan sit, en omdat sy oulik is, dwing ek al om haar hand te vat. (c) Ek leef my so in die situasie in dat ek op die oomblik voel soos 'n sjarmante Fransman. (d) G e l o o f het niks daarmee te doen nie, en die keuse lê tussen h o o p en l i e f d e, maar ek het h o o p dadelik uitgeskakel. (e) Ek kon h o o p gekies het, omdat ek h o o p sy sal reageer op die aandag aan haar gewy. (f) Ek het l i e f d e gekies, omdat ek hunker na die l i e f d e.

<u>Pp.L. - Reeks A.</u>

<u>Protokolle van keuses in uitbundig-vrolike stemmingsituasie:</u>

D.1. <u>protestant</u> sekte katoliek. Tyd: 4.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek kon nie besluit nie en het gevoel of nie een van die drie prikkelwoorde hier pas nie. (b) K a t o l i e k kon ek nie kies nie, want dit sou heiligskennis wees - nonne op so 'n plek! (c) S e k t e kon ek nie kies nie, omdat 'n ander emosie bykom, nl. ek gaan nie met hulle saam nie. (d) Ek het p r o t e s t a n t gekies, omdat ek hom gister gekies het, en die opvattinge nie so eng is dat dit nie saam met die atmosfeer kan gaan nie. (e) As ek weer voor so 'n keuse gestel word, sal ek weier om te kies, omdat die bespreking van godsdienstige sake nie op so 'n plek tuishoort nie.

D.2. Sondag Donderdag <u>Vrydag</u> Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Die stemming pas nie by S o n d a g nie, en ek het hom dadelik uitgeskakel. (b) Ek kon D o n d e r d a g gekies het, omdat dit 'n weeksdag is. (c) V r y d a g pas egter die beste by so 'n situasie en stemming wat opgewek word.

D.3. biologie <u>wiskunde</u> filosofie Tyd: 6.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek sal nie filosofeer op so 'n plek nie en het f i l o s o f i e dadelik uitgeskakel. (b) B i o l o g i e het daar niks mee te doen nie. (c) Die musiek hinder my vreeslik. (d) Ek weet nie hoekom ek w i s k u n d e gekies het nie. (e) Dit was

maar net om een te kies, want ek kon net sowel enigeen gekies het, omdat die musiek my vreeslik hinder.
(f) Ek het gevoel die keuse is onvanpas.

D.4. voetbal tennis krieket Tyd: 3.5 seks.

Retrospeksie: (a) V o e t b a l is 'n spel waar opgewondenheid van die kant van die toeskouers heers.
(b) V o e t b a l is nie tegnies so volmaak soos t e n n i s en k r i e k e t nie, en pas ook meer by die musiekstuk. (c) Daar is in v o e t b a l ook meer by die muwe elemente en ek voel om op die oomblik liewer na v o e t b a l te kyk as om t e n n i s te speel. (d) v o e t b a l pas die beste in my gemoedstoestand van die oomblik.
(e) T e n n i s is harmonies en pas nie by die musiek wat my so vreeslik hinder nie; so ook k r i e k e t.

D.5. geloof hoop liefde Tyd: 7.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek kon nie kies nie: ek wou nie graag kies onder die omstandighede nie. (b) G e l o o f en l i e f d e, in die verhewe sin, het niks met die situasie te doen nie. (c) Ek het die ander twee elimineer en toe maar h o o p gekies, maar weet nie hoekom nie.
(d) Ek kon nie g e l o o f by die situasie inpas nie, en ook nie l i e f d e nie. (e) Ek is bly dat die eksperiment verby is.

Pp.M. - Reeks B.

Protokolle van keuses in normalesituasie:

N.1. Truman Attlee Stalin Tyd: 23 seks.

Retrospeksie: (a) Dit was 'n baie moeilike situasie deur die kombinasie van die drie persone. (b) Dit het vir my komies voorgekom, maar tog iets van 'n tragedie daarby.
(c) Ek het A t t l e e dadelik uitgeskakel. (d) Ek het 'n bietjie aan S t a l i n gedink, maar vermoed dat 'n weersin teen hom in my onder bewussyn, T r u m a n laat kies het. (e) Teen A t t l e e was daar ook 'n weersin.
(f) Nie een van die drie het 'n bewondering by my gewek nie, en ek het werklik teësinnig gekies...daarom het ek solank geneem om te kies. (g) S t a l i n se optrede as man wek meer bewondering as T r u m a n s'n, maar sy beleid stoot my af. (h) My keuse was meer deur 'n uitskakeling van twee en kiesing van die derde wat dan oorbly. (i) Dit het vir my gevoel of ek nie 'n groot keuse gedoen het nie.

N.2. lekkers blomme boeke Tyd: 4.2 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die woorde gelees in volgorde van links na regs. (b) Ek het gedink kinders sou l e k k e r s kies. (c) Voordat ek b l o m m e oorweeg het, het my

keuse op b o e k e geval, omdat die kulturele waarde van b o e k e meer is as van die ander twee. (d) B l o m - m e het nie 'n sterk indruk gemaak nie, maar b o e k e het my aan iets groots laat dink. (e) B o e k e was sterk uitstaande en ek het dit direk gekies. (f) Ek het geen beeld gehad nie, maar net die w oorde as sodanig gesien. (g) Na die keuse was 'n tevrede gevoel aanwesig.

N.3. nooi vriendin vrou Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) V r o u het dadelik die sterkste opgeweeg, omdat 'n v r o u vir 'n man meer werd is as die ander twee. (b) Ek het nie aan spesiale persone gedink nie, maar net woordbeelde gdvorm. (c) Die staat van vriendskap as situasie in die lewe het die sterkste geweeg. (d) Toe ek die eerste keer die prikkelwoorde gelees het, was my keuse al klaar gedoen, maar ek het dit weer gelees en oorweeg voor my beslissing. (f) 'n Tevrede gevoel was aanwesig na die keuse.

N.4. vlieg swem skiet Tyd: 8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het eers 'n verwarde indruk van die woorde gekry. (b) Ek het aan 'n huisv l i e g gedink en 'n beeld van 'n groot kaart in die skool waarop die huisv l i e g geteken is, gekry. (c) Verder het ek 'n vae beeld gekry van hoe ek probeer om 'n v l i e g te s k i e t en toe besef dat die beeld verwarrend is, want v l i e g is hier 'n ontspanningsaktiwiteit . (d) Ek het toe die idee gekry dat ek verspot is om solank te dink, want s k i e t is by uitstek die sport waarvan ek hou. (e) Van v l i e g het ek geen ondervinding nie. (f) Ek s w e m swaar en s w e m wek nie 'n aangeanme gevoel nie. (g) Na die keuse was 'n aangeanme gevoel aanwesig.

N.5. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die drie woorde in volgorde gelees en hulle toe weer gelees. (b) Ek het S a t e r d a g gekies, omdat dit nie 'n skoolwerksdag is nie. (c) By W o e n s d a g het ek gedink aan 'n halfdag vakansie; die sluitingsreëling van die besighede het by my opgekom. (d) By die keuse het ek nie juis aan myself gedink nie, net in die algemeen. (e) S a t e r d a g het by my die voorstelling van 'n sonnige dag tuis waar ek nie werk nie, gewek. (f) 'n Tevrede gevoel was gepaard met die keuse.

N.6. geskeidenis engels sielkunde Tyd: 4.2 seks.

Retrlospeksie: (a) Ek het die drie woorde gelees en dadelik besef ek moet kies tussen drie vakke. (b) G e s k i e d e n i sowel as e n g e l s, was nie aangenaam op skool nie. (c) Ek het baie van s i e l k u n d e gehou en dit het dadelik 'n aangename gevoel by my gewek. (d) G e - s k i e d e n i s was nooit aangenaam, voordat ek dit self doseer het nie. My kinderdae se onaangename gevoel het my daartoe laat besluit. (e) 'n Tevrede gevoel het met die ,keuse gepaard gegaan.

N.7. bioskoop konsert <u>opera</u> Tyd: 4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het b i o s k o o p dadelik uitgeskakel, want dit het by my 'n weersin laat ontstaan. (b) O p e r a het by my sterker as k o n s e r t geweeg. (c) Ek het 'n beeld van die O p e r asaal van Johannesburg gekry met 'n sanger in die vorm van 'n Griekse beeld op die verhoog. Ek kon die beligting duidelik sien. (d) K o n s e f t is iets meer algemeens as o p e r a. (e) O p e r a het meer estetiese waarde as k o n s e r t. (f) Nadat ek die keuse gedoen het en reeds reageer het, het ek weer oorweeg en weer so gekies.

N.8. <u>onderwyser</u> dokter predikant Tyd: 13 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) In die voorperiode het ek besluit om sommer gou te kies. (b) O n d e r w y s is my beroep en ek het die ander twee teen o n d e r w y s opgeweeg. (c) Ek het o n d e r w y s reeds as beroep gekies, maar nou die voordele en nadele oorweeg. (d) By d o k t e r het ek aan operasies gedink en by p r e d i k a n t aan sy algemene moeilikhede, b.v. aan 'n besondere p r e d i k a n t se ervarings. (e) O n d e r w y s het vir my aangenamer voorgekom as die ander twee. (f) Die feit dat ek o n d e r w y s e r is en nie graag na een van die ander beroepe sou wou oorgaan, het my o n d e r w y s laat kies. (g) Na die keuse was ek tevrede met die wete dat ek die regte keuse gedoen het.

N.9 Maanlig <u>sonskyn</u> dagbreek Tyd: 6 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die drie in volgorde gelees en oorweeg. (b) Ek het 'n beeld gekry van aangename, warm s o n s k y n teenoor m a a n l i g en d a g b r e e k wat albei kouerig voorgekom het. (c) Die kontras van s o n s k y n met die koue van die oomblik was baie sterk. (Besondere koue dag vir proef. (d) Die beeld van d a g b r e e k skool in die algemeen het by my opgekom. (e) As tweede gedagte het ek sterk aan d a g b r e e k gedink, want ek hou van vroeg opstaan en die aangenaamheid van die vroeë oggend. (f) Die aangename gevoel van warm s o n s k y n het my dit laat kies.- keuse van die moment. )g) 'n Gevoel van onsekerheid was na die keuse teenwoordig.

N.10 13 100 1760 Tyd: 21 seks.
(geen keuse.)

<u>Retrospeksie:</u> (a) Hier kon ek geen keuse maak nie, want almal weeg ewe swaar. (b) Dit was vir my opvallend dat u syfers gee. (c) Ek het my ingespan om 'n keuse te maak, maar ek non nie... die een syfer het net so swaar as die ander geweeg. (d) Ek het aan 13 as die ongelukssyfer gedink. (e) 1760 het ek as jaartal gesien, maar nie een van die twee het iets opgeroep nie. (f) Uiteindelik het ek tot die slotsom gekom dat hulle almal tog maar net syfers is. (g) Op grond van weersin teen die bygeloof het ek 13 probeer wegweer en my verset daarteen. (h) Geen gevoel was aanwesig nie.

N.11 dans volkspele <u>sport</u> Tyd: 3 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek het d a n s dadelik met weersin verwerp. (b) V o l k s p e l e het minder weersin gewek as d a n s. (c) Toe ek s p o r t sien, het ek dadelik gedink dis die keuse by uitstrek. (d) S p o r t was vir mu uitstaande en ek het die ander twee dadelik uitgeskakel. (e) 'n Tevrede gevoel was by my aanwesig na die keuse.

N.12 blou geel <u>groen</u> Tyd: 3.8 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek heg g e e l dadelik uitgeskakel, want ek het 'n weersin in die kleur. (b) Ek het g r o e n gekies en toe weer aan b l o u gedink. (c) Hierna het ek aan die bepaalde g r o e n kleur van my motor gedink, nl. dat dit na soveel jare nog goed hou en dit het die deurslag gegee. (d) Ek het aan helder-b l o u gedink en gesien dat dit as kleur vir 'n motor nie goed is nie. (e) Die gedagte aan die motor het deurslag gegee. (f) 'n Tevrede gevoel het gepaard met die keuse gegaan.

N.13 Vondel <u>Kant</u> Calvyn Tyd: 8 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek het die prikkelwoorde in volgorde gelees en toe gedink aan digkuns, filosofie en teologie. (b) V o n d e l het my gedagte 'n tydjie geboei en ek het aan humor in sy werk gedink. (c) Aan C a l v y n het ek met 'n gevoel van verering gedink. (d) Ek het filosofie gepaar met sielkunde en toe K a n t gekies, omdat ek van f i l o s o f i e, sowel as sielkunde, baie gehou. (e) Keuse was uit die oogpunt van 'n vak. (f) Ek is meer geinteresseerd in die geskrifte van K a n t as in die geskrifte van die ander twee. (G) Na die keuse het ek gevoel dat dit nie reg teenoor my godsdiens is dat ek K a n t bo C a l v y n verkies het nie.

<u>Pp.N - Reeks B.</u>

<u>Protokolle van keuses in normalesituasie</u>:

N.1 <u>Truman</u> Attlee Stalin Tyd: 7.2 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek kon nie besluit nie, want ek hou van nie een van hulle nie. (b) By S t a l i n het ek aan die kommunisme gedink. (c) By T r u m a n het ek gedink aan die hoof van 'n Republiek. (d) Republiek is die vorm van regering wat ek die graagste sou wou sien, alhoewel dit nie my ideale vorm van staatsregering is nie. (e) Ek het gedink aan 'n byeenkoms van politieke leiers en hulle verklaring dat kommunisme ver gevorder is. (f) By A t t l e e het ek gedink aan die engelse kapitalistiese stelsel waarmee ek nie gediend is nie.

N.2. lekkers blomme boeke Tyd: 4.6. seks.

Retrospeksie: (a) Ek het dadelik b o e k e gekies. (b) B l o m m e het ek in 'n vaas gesien, en in volgorde gestel: roos, angelier en derdens dehlia. (c) B o e k e het oorheers en ek het, aan b o e k e gedink wat ek gelees het, veral aan "Hamlet" wat ek gelees en gesien het. (d) Ek kon b l o m m e gekies het, maar b o e k e het oorheers. (e) L e k k e r s is maar wêreldsgoed. (f) 'n Geringe konflik tussen b l o m m e en b o e k e het opgetree.

N.3. nooi vriendin vrou Tyd: 4.4 seks.

Retrospeksie: (a) Vriendskap het my vertroue in die lewe herwin. (b) 'n Vriendskap hou vir my iets moois en edels in wat tussen mense bestaan. (c) 'n Vooraanstaande persoon het gesê dat jy in hierdie wêreld van materialisme net vriendskap aan 'n persoon kan gee. (d) Ek het n o o i en v r o u dadelik uitgeskadel, omdat ek nie een het nie.

N.4. vlieg swem skiet Tyd: 4.1 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het nog nooit g e v l i e g nie en kan ook nie s w e m nie. (b) S k i e t lê vir my na aan die hart. (c) Ek gaan oor drie weke weer s k i e t vir die genot en nie net om dood te maak nie. (d) Ek het aan Sangiro en die Wes-Afrikaanse dierelewe gedink. (e) Ek het aan die stilte van Betsjoeanaland gedink en ook hoe ek daar stap. (f) Ek het die ander twee dadelik uitgeskakel, want die stilte is die aangenaamste.

N.5. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 4.8 seks.

Retrospeksie: (a) M a a n d a g is die begin van 'n vol week. (b) W o e n s d a g is die middel van die week en S a t e r d a g is die dag vir ontspanning en rus, en doen ek wat ek graag wil doen. (c) S a t e r d a g is 'n aangename dag en ek span my in om te ontspan, ek slaap laat en alles is rustig. (d) Ek het die ander twee dadelik uitgeskakel.

N.6. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 4.3 sek

Retrospeksie: (a) Ek het van links na regs gelees en wou s i e l k u n d e kies, maar dink toe dat g e s k i e d e - n i s my vak is. (b) Daar was 'n soort konflik en ek het getwyfel of ek reg gekies het. (c) Ek hou my oë oop vir dinge aangaande s i e l k u n d e en wil graag die reaksies van mense ontleed. (d) G e s k i e d e n i s is die ontwikkeling van die wêreld en baie mooi en nie so moeilik as s i e l k u n d e nie. (e) Ek het e n g e l s dadelik uitgeskakel sonder rede.

N.7. bioskoop konsert <u>opera</u> Tyd: 3.1 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek het o p e r a dadelik gekies. (b) Ek het gedink aan Rigoletto wat ek gaan sien en leef nou net daarvoor. (c) Die woord het 'n innerlike genot tot my gebring. (d) Ek is van kleinsaf 'n liefhebber daarvan. (e) Die tragiese daarin gryp my aan.

N.8. <u>onderwyser</u> dokter predikant Tyd: 4.9 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek het o n d e r w y s e r gekies, omdat ek een is en nie een van die ander twee kan word nie. (b) Ek het agting vir 'n p r e d i k a n t en die wysheid van 'n d o k t e r. (c) Ek het o n d e r w y s e r gesien as 'n man wat uitkom waarvoor hy staan en waarna hy strewe.

N.9. maanlig sonskyn <u>dagbreek</u> Tyd: 4.5 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) D a g b r e e k is die mooiste en ek het gedink aan die dae toe ek geboer het en dit baie gesien het. (b) Dit is mooi, omdat dit mooi is. (c) Ek het die ander prikkelwoorde gesien, maar hulle is vir my nie van belang nie. (d) Ek is nie sentimenteel en daarom het ek nie m a a n l i g gekies nie. (e) 'n Aangename gevoel het by my opgekom, want d a g b r e e k is mooi.

N.10. 13 100 <u>1760</u> Tyd: 4.5 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek stel nie belang in die getal 13 nie, want ek is nie bygelowig nie. (b) By 100 het ek gedink aan 'n eeu en persent wat ek nou met die kinders behandel. (c) 1760 jrts. is 'n myl en ek reis baie, daarom het ek aan distansies gedink. (d) Dit is aangenaam om die wêreld tussen jou en die volgende plek kleiner te maak.

N.11. dans volkspele <u>sport</u> Tyd: 4.6 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) Ek het dadelik s p o r t gekies. (b) Ek het genoeg gedans sonder om enige bevrediging te kry. (c) D a n s is 'n vermorsing van tyd en energie. (d) S p o r t het oorheers en ek het die ander twee dadelik uitgeskakel. (e) Ek het sonder genot ged a n s, miskien omdat ek nie genoeg daarvan geweet het nie.

N.12. blou geel <u>groen</u> Tyd: 4.4 seks.

<u>Retrospeksie</u>: (a) G r o e n is my geliefkoosde kleur en ek stel geen belang in die ander twee nie. (b) Die g r o e n van die lente dui ontwaking aan. Selfs die mens ontwaak. (c) Ek dra graag g r o e n en die kleur gee vir my die idee van uitgestrektheid en sagtheid. (d) Die b l o u van die lug is ook mooi, maar g r o e n is oorheersend.

N.13. V ondel Kant Calvyn Tyd: 5.5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het aldrie, maar hou van C a l v y n en geniet 'n les oor hom. (b) Ek is geïnteresseerd in hom en leef my in hom in vir wat hy vir ons gedoen het. (c) C a l v y n het my idealisme, omdat hy geleef en gestry het vir die geloof wat ek aanhang. (d) C a l v y n het oorheers en ek het die ander dadelik uitgeskakel. (e) Ek bewonder 'n persoon wat gely en gestry het vir 'n ideaal.

Pp.O. - Reeks A.

Protokolle van keuses in normalesituasie:

N.1. Malan van Rensburg Smuts Tyd: 15.9 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het die name gelees en ontevrede gevoel, want ek stel nie belang in die mense nie. (b) Ek hou nie van S m u t s nie, het onaangename dinge van v a n R e n s b u r g gehoor, en toe maar M a l a n gekies. (c) Hy is vir my die aangenaamste persoonlikheid van die drie, en ek het 'n prentjie van hom en sy vrou op die stoep gesien. (d) Ek het M a l a n en S m u t s teenoor mekaar gestel en v.R e n s b u r g tussenin gesien.

N.2. protestant sekte katoliek Tyd: 9.8 seks

Retrospeksie: (a) Ek het k a t o l i e k eerste gelees, maar dit het 'n afsky by my gewek en ek glo nie daaraan nie. (b) Ek het die woord p r o t e s t a n t ontleed en dit assosieer met ontevredenes. (c) Omdat ek 'n p r o t e s t a n t is, het ek dit dadelik gekies. (d) Nadat ek dit gekies het, het ek daaraan gedink dat ek nie van die woord protes hou nie.

N.3. vriend moeder bekende Tyd: 5.5 seks

Retrospeksie: (a) Ek het m o e d e r eerste gelees en dadelik weers, soos in vorige geval, besluit om dit te kies. (b) Ek het v r i e n d nog oorweeg, maar b e k e n d e dadelik uitgeskakel. (c) Ek het aan my m o e d e r gedink en hoeveel sy vir my beteken het. (d) Ek het haar baie stil voor my gesien en aan haar dood gedink.

N.4. staal goud silwer Tyd: 6.5 seks

Retrospeksie: (a) Ek het s t a a l dadelik uitgeskakel en gedink aan die liedjie „Goud en silwer het ek lief". (b) G o u d is egter die duurste en vir my ook uitstaande. (c) Ek het aan my eie g o u e artikels gedink en dat hulle nie aanslaan nie, maar s i l w e r dit wel doen.

N.5. Sondag Donderdag Vrydag Tyd: 7 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het vreeslik getwyfel en toe D o n d e r d a g uitgeskakel en tussen die ander twee oorweeg. (b) V r y d a g is aangenaam, want die week is verby. (c) Nadat ek gekies het, het ek sekerheid gekry dat ek reg gekies het. (d) D o n d e r d a g klink vir my omgekrap en deurmekaar. (e) Op V r y d a g is die vooruitsig om twee dae van skool af weg te bly. (f) Baiemaal wil ek iets op S o n d a g doen, maar ek mag nie en sit wek 'n onaangename gevoel.

N.6. biologie wiskunde filosofie Tyd: 6.5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het van regs gelees en by w i s k u n d e effens vertoef. (b) Ek het gedink aan driehoeksmeting en algebra waarvan ek iets weet. (c) Ek het getwyfel of ek w i s k u n d e of f i l o s o f i e sou kies, want ek het gewonder of f i l o s o f i e nie belangriker en dieper is nie. (d) Ek het net na b i o l o g i e gekyk, want ek stel nie belang daarin nie. (e) By fi l o s o f i e het ek gedink aan hooggeleerde en ingedagte mense.

N.7. klavier viool ghitaar Tyd: 5.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek kies elke maal een van die eerste twee en wou toe van regs af lees. (b) By g h i t a a r het ek gedink aan die instrument, maar weet niks daarvan af nie. (c) By v i o o l het ek gedink aan die mooi spel van my niggie op oujaarsnag in die kerk. (d) Toe ek k l a v i e r sien, het ek gekry wat ek gesoek het en toe dadelik gekies. (e) Ek kan k l a v i e r speel en stel meer belang daarin.

N.8. ambisie liefde patriotisme Tyd: 7.5 seks.

Retrospeksie: (a) L i e f d e was vir my uitstaande. Ek het dit eerste raakgesien en dadelik herken. (b) Ek het p a t r i o t i s m e dadelik uitgeskakel, want dit is nie iets vir my nie. Ek het 'n ou man gesien en dit daarmee assosieer. (c) Ek het getwyfel oor a m b i s i e, want as ek l i e f d e kies, lyk dit of ek geen a m b i s i e het nie. (d) L i e f d e is darem maar belangriker in my eie lewe. (e) Ek het daaraan gedink dat ek dit net-nou ook gekies het. (f) Ek het gedink aan die l i e f d e van my kêrel.

N.9. kunsgalery plaas fabriek. Tyd: 12 seks.

Retrospeksie: (a) P l a a s het die eerste indruk gemaak en assosiasies by my gewek. (b) Ek het k u n s g a l e r y nie eintlik gesien nie en f a b r i e k dadelik uitgeskakel. (c) Ek het gedink aan goed wat in 'n f a b r i e k gemaak word soos skoene, ingelegde vrugte, ens. (d) By p l a a s het 'n rustige gevoel oor my gekom. (e) Ek het ons p l a a s gesien met beeste, skape, en ons woonhuis. (f) Ek was meer tevrede met die rustige gevoel van p l a a s en het nie juis veel

oor die ander gedink nie. (g) P l a a s is vir my uitstaande. (h) Ek weet te min van k u n s g a l e r y om daarin belang te stel.

N.10. 7 <u>1000</u> 880 Tyd: 12 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Dit was of dit 'n mengelmoes was en ek het getwyfel oor watter een ek moes kies, want ek het nie geweet wattereen van die meeste belang is nie. (b) 1000 is die grootste en ek het die drie nulle in veelvoude van tien gesien. (c) By 7 het ek gedink aan die sewemaaltafel op 'n kaart. (d) Die 1000 het die meeste indruk gemaak.

N.11. voetbal <u>tennis</u> krieket Tyd: 8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het die drie prikkels gesien soos hulle staan. (b) By v o e t b a l het ek 'n bal gesien, by t e n n i s hoe ek speel, en by k r i e k e t 'n kolf. (c) Ek kan t e n n i s speel en dis 'n skoon spel. (d) Ek het mans en dames, maar meer dames met wit klere gesien terwyl hulle t e n n i s speel. (e) By k r i e k e t het ek gehoor hoe dit klap as hulle die bal terugslaan. (f) By v o e t b a l het ek 'n seun met 'n vuil gesig en deurmekaar hare gesien. (g) Ek speel self t e n n i s en is nie geïnteresseerd in die ander nie, want dis 'n spel net vir mans.

N.12. <u>△</u> ○ □ Tyd: 7.1 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het verwag dat daar woorde sou staan en het toe die figure gesien. (b) Ek het gedink aan die driehoeksmetingblikkie met die instrument waarmee die figure gemaak word. (c) Die v i e r k a n t het nie 'n indruk op my gemaak nie en die d r i e h o e k was aantrekliker.

N.13. geloof hoop <u>liefde</u> Tyd: 5.5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het hulle in die volgorde gelees soos hulle voorkom. (b) Ek het die memoriam-kaartjie van 'n bekende dame op ons buffet gesien met hierdie woorde daarop. (c) Ek het gedink dat die grootste daarvan die l i e f d e is. (d) Dit het die grootste indruk op my gemaak en ek het toe gekies. (e) Dit is die kern van die teks waarin dit voorkom, en is vir my uitstaande.

<u>Pp.P. - Reeks B.</u>

<u>Protokolle van keuses in normalesituasie:</u>

N.1. <u>Truman</u> Attlee Stalin Tyd: 7.8 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek weet die meeste van T r u m a n af en stel belang in hom. (b) Hy kom uit die volk en is

eenvoudig en besadig...hy maak nie lawaai soos S t a l i n nie. (c) Hy het my simpatie, want hy kry swaar in sy tyd van presidentskap. (d) T r u m a n het 'n dogter net so oud soos ek en sy stel belang waarin ek belangstel.
(e) Hy het ook 'n vriendelike gesig. (f) By S t a l i n dink ek aan die hamer en sekel, rooi en geel, en ook aan sy wrede gesig. (g) Ek sal liewers onder T r u m a n as onder S t a l i n wil staan.

N.2. lekkers blomme boeke Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek hou van aldrie, maar sal altyd b l o m m e kies. (b) B l o m m e laat dink aan mooi kleure, sonskyn, vrolikheid en opgeruimdheid. (c) Ek dink aan ruikers en kranse en blommerangskikking - ook 'n stillewe skildery met b l o m m e. (d) Dit bring 'n rustigheid oor my en sluit baie in. (e) B o e k e laat my altyd aan studie dink.

N.3. nooi vriendin vrou Tyd: 11 seks.

Retrospeksie: (a) Aldrie is vroulik en dus kan ek nie 'n n o o i of v r o u hê nie, maar wel 'n v r i e n d i n.
(b) V r i e n d i n sluit in getrouheid aan haar.
(c) Ek het die ander twee dadelik uitgeskakel. (d) Ek het ook aan 'n getroue v r i e n d i n gedink en wat sy vir my beteken.

N.4. vlieg swem skiet Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) By v l i e g het ek gedink aan voëls en vliegtuie. (b) By s w e m dink ek aan visse en aan myself wat graag s w e m. (c) Van s k i e t hou ek niks nie, omdat dit doodmaak. (d) Ek het nog nooit begeerte gehad om in 'n vliegtuig te v l i e g nie. (e)Ek het niks belang in alles i.v.m. s k i e t nie en skrik vir 'n skoot, omdat ek bang vir 'n geweer is. (f) By s w e m sien ek die see, swembad en verkeer in 'n vakansie-atmosfeer

N.5. Maandag Woensdag Saterdag Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) S a t e r d a g is deel van die naweek met rus en sport. (b) Op die d a n s ek gewoonlik en dis 'n aangename dag. (c) M a a n d a g is 'net maar wasdag en niks meer nie. (d) W o e n s d a g is 'n halwe dag vir die winkels en sluit ook vir my tennis in.
(e) S a t e r d a g is die aangenaamste dag vir my.

N.6. geskiedenis engels sielkunde Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek begryp nie veel van s i e l k u n d e nie en het nie veel van die dosent gehou nie, alhoewel ek in s i e l k u n d i g e feite belangstel.
(b) E n g e l s e spelling is moeilik, al kan ek die taal goed praat. (c) G e s k i e d e n i s was my beste vak

op skool en ek hou baie daarvan om dit te gee. (d) Ek het niks van die e n g e l s e onderwyser in matriek gehou nie en daarom ook nie van die vak nie.

N.7. bioskoop konsert opera Tyd: 10 seks.

Retrospeksie: (a) Ek hou baie van aldrie. (b) Die tragiese in die o p e r a is baie mooi. (c) K o n s e r t sluit meer dramas in en ek hou daarvan minder. (d) B i o - s k o o p het groter verskeidenheid en sluit die ander twee ook in, daarom dat ek dit kies.

N.8. onderwyser dokter predikant Tyd: 5.2 seks

Retrospeksie: (a) D o k t e r is 'n mooi ideaal wat ek van kleinsaf gekoester het, maar omdat my vakke gebots het, het ek nie een geword nie. (b) Ek hou nie van o n d e r- w y s e r nie, omdat ek dit assosieer met skool waarvan ek niks hou nie. (c) By p r e d i k a n t het ek 'n swart manel en wit dassie gesien en vir hom is ek net so bang as vir 'n poliesman, seker omdat ek so 'n slegte mens is. (d) D o k t e r is hogiënies en skoon - lang maar vingers en blink instrumente.

N.9. maanlig sonskyn dagbreek Tyd: 5 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het m a a n l i g assosieer met sentimentaliteit. (b) As die son skyn, voel ek goed, maar terneergedruk as dit bewolk of onweer is. (c) By d a g - b r e e k het ek vaagheid, mistigheid en son wat opkom, gesien. (d) S o n s k y n is helder, en ek hou nie van somberheid nie.

N.10. 13 100 1760 Tyd: 3.8 seks.

Retrospeksie: (a) Ek is nie bygelowig nie, maar hulle sê 13 is ongelukkig. (b) Ek het lootjies met nommer 13 geneem, maar was nog nooit gelukkig nie. (c) Ek was op Vrydag, die 13de, in 'n motorongeluk betrokke, maar die 13e maak geen verskil aan my nie. (d) By 100 het ek aan die eeufees gedink. (e) By 1760 het ek aan 'n myl gedink.

N.11. dans volkspele sport Tyd: 4 seks.

Retrospeksie: (a) Ek het d a n sende figure en ritmiese bewegings gesien. (b) Ek het v o l k s p e l e dadelik uitgeskakel, omdat ek nog nooit daaraan deelgeneem het nie. (c) Ek is lief vir s p o r t en kon dit gekies het, maar ek is baie lief vir d a n s en sien dit as 'n vorm van s p o r t. (d) Tog is ek nie versot op d a n s nie.

N.12. blou geel <u>groen</u> Tyd: 5 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek hou van aldrie. (b) B l o u en g e e l saam maak g r o e n, en dit is weer my geliefkoosde kleur. (c) Ek het gedink aan die b l o u lug. (d) G r o e n is vir my uitstaande en daarom het ek dit gekies.

N.13. Vondel Kant Calvyn Tyd: 4 seks.

<u>Retrospeksie:</u> (a) Ek het gedink aan my matriekjaar en die boek „Lucifer", met al die aanhalings wat ek geleer het. (b) Die was vir my baie interessant en ek het nog nooit weer iets van V o n d e l gehoord nie. (c) K an t is vir my onbekend en ek het hom dadelik uitgeskakel. (d) Ek het aan C a l v y n gedink as een van die Hervormers en niks meer nie. (e) V o n d e l was vir my uitstaande.